# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 596 Pretoria, 13 February / Februarie 2015 **No. 38466**


*N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes*


38466
9771682584003


**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS

| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| | **South African Revenue Service** | | |
| | *Government Notice* | | |
| 93 | Income Tax Act, 1962: Agreement between the Government of the Republic of South Africa and the Government of the United States of America to improve international tax compliance and to implement FATCA, the annexes thereto and the memorandum of understanding | 2 | 38466 |

## INHOUD

| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| | **Suid-Afrikaanse Inkomstediens** | | |
| | *Goewermentskennisgewing* | | |
| 93 | Inkomstebelastingwet, 1962: Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika om internasionale belastingnakoming te verbeter en om FATCA te implementeer, die aanhangsels en die memorandum van verstandhouding ....... | 3 | 38466 |

# GOVERNMENT NOTICE
# GOEWERMENTSKENNISGEWING

## SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE
## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**No. 93** **13 February 2015**

### AGREEMENT BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA TO IMPROVE INTERNATIONAL TAX COMPLIANCE AND TO IMPLEMENT FATCA, THE ANNEXES THERETO AND THE MEMORANDUM OF UNDERSTANDING

In terms of section 108(2) of the Income Tax Act, 1962 (Act No 58 of 1962), read in conjunction with section 231(4) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No 108 of 1996), it is hereby notified that the Agreement to improve international tax compliance and to implement FATCA as set out in the Schedule to this Notice has been entered into with the Government of the United States of America and has been approved by Parliament in terms of section 231(2) of the Constitution.

It is further notified in terms of paragraph 1 of Article 10 of the Agreement, that the date of entry into force is 28 October 2014.

**No. 93** **13 February 2015**

## INKOMSTEBELASTINGWET, 1962

### OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA OM INTERNASIONALE BELASTINGNAKOMING TE VERBETER EN OM FATCA TE IMPLEMENTEER, DIE AANHANGSELS EN DIE MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING

Ingevolge artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No 108 van 1996), word hiermee kennis gegee dat die Ooreenkoms om internasionale belastingnakoming te verbeter en om FATCA te implementeer soos wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Regering van die Verenigde State van Amerika en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 10 van die Ooreenkoms, die datum van inwerkingtreding 28 Oktober 2014 is.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## SCHEDULE

## AGREEMENT BETWEEN THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA TO IMPROVE INTERNATIONAL TAX COMPLIANCE AND TO IMPLEMENT FATCA

**WHEREAS**, the Government of the Republic of South Africa and the Government of the United States of America (each, a "Party," and together, the "Parties") desire to conclude an agreement to improve international tax compliance through mutual assistance in tax matters based on an effective infrastructure for the automatic exchange of information;

**WHEREAS**, Article 26 of the Convention between the Republic of South Africa and the United States of America for the Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion with Respect to Taxes on Income and Capital Gains, done at Cape Town on February 17, 1997 (the "Convention") authorizes the exchange of information for tax purposes, including on an automatic basis;

**WHEREAS**, the United States of America enacted provisions commonly known as the Foreign Account Tax Compliance Act ("FATCA"), which introduce a reporting regime for financial institutions with respect to certain accounts;

**WHEREAS**, the Government of the Republic of South Africa is supportive of the underlying policy goal of FATCA to improve tax compliance;

**WHEREAS**, FATCA has raised a number of issues, including that South African financial institutions may not be able to comply with certain aspects of FATCA due to domestic legal impediments;

**WHEREAS**, the Government of the United States of America collects information regarding certain accounts maintained by U.S. financial institutions held by residents of South Africa and is committed to exchanging such information with the Government of the Republic of South Africa and pursuing equivalent levels of exchange, provided that the appropriate safeguards and infrastructure for an effective exchange relationship are in place;

**WHEREAS**, the Parties are committed to working together over the longer term towards achieving common reporting and due diligence standards for financial institutions;

**WHEREAS**, the Government of the United States of America acknowledges the need to coordinate the reporting obligations under FATCA with other U.S. tax reporting obligations of South African financial institutions to avoid duplicative reporting;

**WHEREAS**, an intergovernmental approach to FATCA implementation would address legal impediments and reduce burdens for South African financial institutions;

**WHEREAS**, the Parties desire to conclude an agreement to improve international tax compliance and provide for the implementation of FATCA based on domestic reporting and reciprocal automatic exchange pursuant to the Convention, and subject to the confidentiality and other protections provided for therein, including the provisions limiting the use of the information exchanged under the Convention;

# BYLAE

## OOREENKOMS TUSSEN DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA OM INTERNASIONALE BELASTINGNAKOMING TE VERBETER EN OM FATCA TE IMPLEMENTEER

**AANGESIEN** die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika (elk, 'n "Party", en gesamentlik, die "Partye") begerig is om 'n Ooreenkoms aan te gaan om internasionale belastingnakoming te verbeter deur wedersydse bystand met belastingaangeleenthede gegrond op 'n doeltreffende infrastruktuur vir die outomatiese uitruil van inligting;

**AANGESIEN** Artikel 26 van die Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika ter Vermyding van Dubbele Belasting en ter Voorkoming van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belastings op Inkomste en Kapitaalwins, gedoen te Kaapstad op 17 Februarie 1997 (die "Konvensie") die uitruil van inligting vir belastingdoeleindes, ook op 'n outomatiese grondslag, magtig;

**AANGESIEN** die Verenigde State van Amerika bepalings verorden het wat algemeen bekend staan as die "Foreign Account Tax Compliance Act" ("FATCA"), wat 'n verslagdoeningsregime vir finansiële instellings met betrekking tot sekere rekeninge instel;

**AANGESIEN** die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die onderliggende beleidsoogmerk van FATCA steun om belastingnakoming te verbeter;

**AANGESIEN** FATCA 'n aantal kwessies geopper het, ook dat Suid-Afrikaanse finansiële instellings vanweë landsregbeletsels nie sekere aspekte van FATCA kan nakom nie;

**AANGESIEN** die Regering van die Verenigde State van Amerika inligting versamel betreffende sekere rekeninge wat deur VSA- finansiële instellings in stand gehou en deur inwoners van Suid-Afrika gehou word en daartoe verbind is om sodanige inligting met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika uit te ruil en gelyke vlakke van uitruiling na te streef, met dien verstande dat die geskikte beskerming en infrastruktuur vir 'n doeltreffende uitruilverhouding in plek is;

**AANGESIEN** die Partye daartoe verbind is om op die lang termyn saam te werk ten einde gemeenskaplike verslagdoening- en omsigtigheidstandaarde vir finansiële instellings te verwesenlik;

**AANGESIEN** die Regering van die Verenigde State van Amerika die behoefte erken om die verslagdoeningsverpligtinge ingevolge FATCA met die ander VSA-belastingverslagdoeningsverpligtinge van Suid-Afrikaanse finansiële instellings te koördineer ten einde dubbele verslagdoening te vermy;

**AANGESIEN** 'n interregeringsbenadering tot die implementering van FATCA regsbeletsels aanpak en die laste vir Suid-Afrikaanse finansiële instellings verminder;

**AANGESIEN** die Partye begerig is om 'n Ooreenkoms aan te gaan om internasionale belastingnakoming te verbeter en voorsiening te maak vir die implementering van FATCA gebaseer op binnelandse verslagdoening en wedersydse outomatiese uitruiling ingevolge die Konvensie, en behoudens die vertroulikheid en ander beskerming daarin bepaal, ook die bepalings wat die gebruik van die inligting beperk wat ingevolge die Konvensie uitgeruil word;

**NOW, THEREFORE, THE PARTIES HAVE AGREED AS FOLLOWS:**

## ARTICLE 1

## DEFINITIONS

1. For purposes of this agreement and any annexes thereto ("Agreement"), the following terms shall have the meanings set forth below:

a) The term "**United States**" means the United States of America, including the States thereof, but does not include the U.S. Territories. Any reference to a "**State**" of the United States includes the District of Columbia.

b) The term "**U.S. Territory**" means American Samoa, the Commonwealth of the Northern Mariana Islands, Guam, the Commonwealth of Puerto Rico, or the U.S. Virgin Islands.

c) The term "**IRS**" means the U.S. Internal Revenue Service.

d) The term "**South Africa**" means the Republic of South Africa.

e) The term "**Partner Jurisdiction**" means a jurisdiction that has in effect an agreement with the United States to facilitate the implementation of FATCA. The IRS shall publish a list identifying all Partner Jurisdictions.

f) The term "**Competent Authority**" means:

(1) in the case of the United States, the Secretary of the Treasury or his delegate; and

(2) in the case of South Africa, the Commissioner for the South African Revenue Service or an authorized representative of the Commissioner.

g) The term "**Financial Institution**" means a Custodial Institution, a Depository Institution, an Investment Entity, or a Specified Insurance Company.

h) The term "**Custodial Institution**" means any Entity that holds, as a substantial portion of its business, financial assets for the account of others. An entity holds financial assets for the account of others as a substantial portion of its business if the entity's gross income attributable to the holding of financial assets and related financial services equals or exceeds 20 percent of the entity's gross income during the shorter of: (i) the three-year period that ends on December 31 (or the final day of a non-calendar year accounting period) prior to the year in which the determination is being made; or (ii) the period during which the entity has been in existence.

i) The term "**Depository Institution**" means any Entity that accepts deposits in the ordinary course of a banking or similar business.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**HET DIE PARTYE DUS NOU SOOS VOLG OOREENGEKOM:**

**ARTIKEL 1**

**WOORDOMSKRYWING**

1. Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms en enige Aanhangsels daarby (die "Ooreenkoms") het die volgende uitdrukkings die betekenisse hieronder uiteengesit:

a) Die uitdrukking **"Verenigde State"** beteken die Verenigde State van Amerika, met inbegrip van die State daarvan, maar sluit nie die VSA-gebiede in nie. Enige vermelding van 'n **"Staat"** van die Verenigde State sluit die Distrik Columbia in.

b) Die uitdrukking **"VSA-gebied"** beteken Amerikaans-Samoa, die Gemenebes van die Noordelike Mariana-eilande, Guam, die Gemenebes van Puerto Rico of die Amerikaanse Maagde-eilande.

c) Die uitdrukking **"IRS"** beteken die VSA se Binnelandse Inkomstediens.

d) Die uitdrukking **"Suid-Afrika"** beteken die Republiek van Suid-Afrika.

e) Die uitdrukking **"vennootjurisdiksie"** beteken 'n jurisdiksie wat 'n geldige ooreenkoms met die Verenigde State het om die implementering van FATCA te vergemaklik. Die IRS publiseer 'n lys wat alle vennootjurisdiksies identifiseer.

f) Die uitdrukking **"bevoegde owerheid"** beteken:-

(1) in die geval van die Verenigde State, die Sekretaris van die Tesourie of sy of haar gedelegeerde; en

(2) in die geval van Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of 'n gemagtigde verteenwoordiger van die Kommissaris.

g) Die uitdrukking **"finansiële instelling"** beteken 'n bewaringsinstelling, 'n bewaarnemende instelling, 'n beleggingsentiteit, of 'n gespesifiseerde versekeringsmaatskappy.

h) Die uitdrukking **"bewaringsinstelling"** beteken enige entiteit wat as 'n beduidende deel van sy onderneming, finansiële bates vir rekening van ander hou. 'n Entiteit hou finansiële bates vir rekening van ander as 'n beduidende deel van sy onderneming indien die entiteit se bruto inkomste wat toegeskryf kan word aan die hou van finansiële bates en verwante finansiële dienste, gelyk is aan of groter is as 20 persent van die entiteit se bruto inkomste gedurende:- (i) die driejaartydperk wat eindig op 31 Desember (of die laaste dag van 'n niekalenderjaar- rekeningkundige tydperk) wat die jaar voorafgaan waarin die vasstelling gedoen word; of (ii) die bestaanstydperk van die entiteit, wat ook al die kortste is.

i) Die uitdrukking **"bewaarnemende instelling"** beteken enige entiteit wat in die gewone loop van 'n bank- of soortgelyke onderneming deposito's aanvaar.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

j) The term **"Investment Entity"** means any Entity that conducts as a business (or is managed by an entity that conducts as a business) one or more of the following activities or operations for or on behalf of a customer:

(1) trading in money market instruments (cheques, bills, certificates of deposit, derivatives, etc.); foreign exchange; exchange, interest rate and index instruments; transferable securities; or commodity futures trading;

(2) individual and collective portfolio management; or

(3) otherwise investing, administering, or managing funds or money on behalf of other persons.

This subparagraph 1(j) shall be interpreted in a manner consistent with similar language set forth in the definition of "financial institution" in the Financial Action Task Force Recommendations.

k) The term **"Specified Insurance Company"** means any Entity that is an insurance company (or the holding company of an insurance company) that issues, or is obligated to make payments with respect to, a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract.

l) The term **"South African Financial Institution"** means (i) any Financial Institution resident in South Africa, but excluding any branch of such Financial Institution that is located outside South Africa, and (ii) any branch of a Financial Institution not resident in South Africa, if such branch is located in South Africa.

m) The term **"Partner Jurisdiction Financial Institution"** means (i) any Financial Institution established in a Partner Jurisdiction, but excluding any branch of such Financial Institution that is located outside the Partner Jurisdiction, and (ii) any branch of a Financial Institution not established in the Partner Jurisdiction, if such branch is located in the Partner Jurisdiction.

n) The term **"Reporting Financial Institution"** means a Reporting South African Financial Institution or a Reporting U.S. Financial Institution, as the context requires.

o) The term **"Reporting South African Financial Institution"** means any South African Financial Institution that is not a Non-Reporting South African Financial Institution.

p) The term **"Reporting U.S. Financial Institution"** means (i) any Financial Institution that is resident in the United States, but excluding any branch of such Financial Institution that is located outside the United States, and (ii) any branch of a Financial Institution not resident in the United States, if such branch is located in the United States, provided that the Financial Institution or branch has control, receipt, or custody of income with respect to which information is required to be exchanged under subparagraph (2)(b) of Article 2 of this Agreement.

j) Die uitdrukking **"beleggingsentiteit"** beteken enige entiteit wat as onderneming (of wat bestuur word deur 'n entiteit wat as onderneming) een of meer van die volgende aktiwiteite of bedrywighede vir of namens 'n kliënt verrig:

(1) handel in geldmarkinstrumente (tjeks, wissels, depositosertifikate, afgeleide instrumente, ens.); buitelandse valuta; valuta; rentekoers- en indeksinstrumente; oordraagbare effekte; of handel in kommoditeitstermynkontrakte;

(2) individuele en kollektiewe portefeuljebestuur; of

(3) andersins die belegging, administrasie of bestuur van fondse of geld namens ander persone.

Hierdie subparagraaf 1(j) word uitgelê op 'n wyse wat bestaanbaar is met soortgelyke taal uiteengesit in die woordomskrywing van "financial institution" in die "Financial Action Task Force Recommendations".

k) Die uitdrukking **"gespesifiseerde versekeringsmaatskappy"** beteken enige entiteit wat 'n versekeringsmaatskappy (of die beheermaatskappy van 'n versekeringsmaatskappy) is, wat 'n kontantwaardeversekeringskontrak of 'n annuïteitskontrak uitreik of verplig is om betalings ten opsigte daarvan te doen.

l) Die uitdrukking **"Suid-Afrikaanse finansiële instelling"** beteken (i) enige finansiële instelling wat in Suid-Afrika gesetel is, maar uitgesonderd enige tak van sodanige finansiële instelling wat buite Suid-Afrika geleë is, en (ii) enige tak van 'n finansiële instelling wat nie in Suid-Afrika gesetel is nie, indien daardie tak in Suid-Afrika geleë is.

m) Die uitdrukking **"finansiële instelling in 'n vennootjurisdiksie"** beteken (i) enige finansiële instelling wat in 'n vennootjurisdiksie opgerig is, maar uitgesonderd enige tak van sodanige finansiële instelling wat buite die vennootjurisdiksie geleë is, en (ii) enige tak van 'n finansiële instelling wat nie in die vennootjurisdiksie opgerig is nie indien daardie tak in die vennootjurisdiksie geleë is.

n) Die uitdrukking **"verslagdoenende finansiële instelling"** beteken 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n verslagdoenende VSA- finansiële instelling, na gelang van die samehang.

o) Die uitdrukking **"verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling"** beteken enige Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat nie 'n nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling is nie.

p) Die uitdrukking **"verslagdoenende VSA- finansiële instelling"** beteken (i) enige finansiële instelling wat in die Verenigde State gesetel is, maar uitgesonderd enige tak van sodanige finansiële instelling wat buite die Verenigde State geleë is, en (ii) enige tak van 'n finansiële instelling wat nie in die Verenigde State gesetel is nie, indien daardie tak in die Verenigde State geleë is, met dien verstande dat die finansiële instelling of tak beheer het oor, of in ontvangs of bewaring is van, inkomste ten opsigte waarvan inligting ingevolge subparagraaf (2)(b) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms uitgeruil moet word.



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

q) The term "**Non-Reporting South African Financial Institution**" means any South African Financial Institution, or other Entity resident in South Africa, that is described in Annex II as a Non-Reporting South African Financial Institution or that otherwise qualifies as a deemed-compliant FFI or an exempt beneficial owner under relevant U.S. Treasury Regulations in effect on the date of signature of this Agreement.

r) The term "**Nonparticipating Financial Institution**" means a nonparticipating FFI, as that term is defined in relevant U.S. Treasury Regulations, but does not include a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution other than a Financial Institution treated as a Nonparticipating Financial Institution pursuant to subparagraph 2(b) of Article 5 of this Agreement or the corresponding provision in an agreement between the United States and a Partner Jurisdiction.

s) The term "**Financial Account**" means an account maintained by a Financial Institution, and includes:

(1) in the case of an Entity that is a Financial Institution solely because it is an Investment Entity, any equity or debt interest (other than interests that are regularly traded on an established securities market) in the Financial Institution;

(2) in the case of a Financial Institution not described in subparagraph 1(s)(1) of this Article, any equity or debt interest in the Financial Institution (other than interests that are regularly traded on an established securities market), if (i) the value of the debt or equity interest is determined, directly or indirectly, primarily by reference to assets that give rise to U.S. Source Withholdable Payments, and (ii) the class of interests was established with a purpose of avoiding reporting in accordance with this Agreement; and

(3) any Cash Value Insurance Contract and any Annuity Contract issued or maintained by a Financial Institution, other than a noninvestment-linked, nontransferable immediate life annuity that is issued to an individual and monetizes a pension or disability benefit provided under an account that is excluded from the definition of Financial Account in Annex II.

q) Die uitdrukking **"nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling"** beteken enige Suid-Afrikaanse finansiële instelling of ander entiteit wat in Suid-Afrika gesetel is, wat in Aanhangsel II beskryf word as 'n nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling of wat andersins kragtens tersaaklike VSA-Tesourieregulasies wat op die datum van ondertekening van hierdie Ooreenkoms van krag is, kwalifiseer as 'n buitelandse finansiële instelling geag te voldoen of 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar.

r) Die uitdrukking **"niedeelnemende finansiële instelling"** beteken 'n niedeelnemende buitelandse finansiële instelling, soos die uitdrukking in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies omskryf word, maar nie ook 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie nie, buiten 'n finansiële instelling wat ingevolge subparagraaf 2(b) van Artikel 5 van hierdie Ooreenkoms of die ooreenstemmende bepaling in 'n ooreenkoms tussen die Verenigde State en 'n vennootjurisdiksie as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel word.

s) Die uitdrukking **"finansiële rekening"** beteken 'n rekening in stand gehou deur 'n finansiële instelling, en sluit in:-

(1) in die geval van 'n entiteit wat 'n finansiële instelling is bloot omdat hy 'n beleggingsentiteit is, enige ekwiteits- of skuldbelang (buiten belange wat gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel word) in die finansiële instelling;

(2) in die geval van 'n finansiële instelling wat nie in subparagraaf 1(s)(1) van hierdie Artikel omskryf word nie, enige ekwiteits- of skuldbelang in die finansiële instelling (buiten belange wat gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel word) indien (i) die waarde van die skuld- of ekwiteitsbelang regstreeks of onregstreeks hoofsaaklik bepaal word aan die hand van die bates wat aanleiding gee tot terughoubare betalings uit 'n VSA-bron, en (ii) die klas belange gevestig is met die doel om verslagdoening ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms te vermy; en

(3) enige kontantwaardeversekeringskontrak en enige annuïteitskontrak uitgereik of in stand gehou deur 'n finansiële instelling, behalwe 'n niebeleggingsgekoppelde, nie-oordraagbare onmiddellike lewensannuïteit wat aan 'n individu uitgereik word en 'n pensioen- of ongeskiktheidsvoordeel monetiseer wat verskaf word kragtens 'n rekening wat uitgesluit is van die omskrywing van finansiële rekening in Aanhangsel II.

Notwithstanding the foregoing, the term "Financial Account" does not include any account that is excluded from the definition of Financial Account in Annex II. For purposes of this Agreement, interests are "regularly traded" if there is a meaningful volume of trading with respect to the interests on an ongoing basis, and an "established securities market" means an exchange that is officially recognized and supervised by a governmental authority in which the market is located and that has a meaningful annual value of shares traded on the exchange. For purposes of this subparagraph 1(s), an interest in a Financial Institution is not "regularly traded" and shall be treated as a Financial Account if the holder of the interest (other than a Financial Institution acting as an intermediary) is registered on the books of such Financial Institution. The preceding sentence will not apply to interests first registered on the books of such Financial Institution prior to July 1, 2014, and with respect to interests first registered on the books of such Financial Institution on or after July 1, 2014, a Financial Institution is not required to apply the preceding sentence prior to January 1, 2016.

t) The term "**Depository Account**" includes any commercial, checking, savings, time, or thrift account, or an account that is evidenced by a certificate of deposit, thrift certificate, investment certificate, certificate of indebtedness, or other similar instrument maintained by a Financial Institution in the ordinary course of a banking or similar business. A Depository Account also includes an amount held by an insurance company pursuant to a guaranteed investment contract or similar agreement to pay or credit interest thereon.

u) The term "**Custodial Account**" means an account (other than an Insurance Contract or Annuity Contract) for the benefit of another person that holds any financial instrument or contract held for investment (including, but not limited to, a share or stock in a corporation, a note, bond, debenture, or other evidence of indebtedness, a currency or commodity transaction, a credit default swap, a swap based upon a nonfinancial index, a notional principal contract, an Insurance Contract or Annuity Contract, and any option or other derivative instrument).

v) The term "**Equity Interest**" means, in the case of a partnership that is a Financial Institution, either a capital or profits interest in the partnership. In the case of a trust that is a Financial Institution, an Equity Interest is considered to be held by any person treated as a settlor or beneficiary of all or a portion of the trust, or any other natural person exercising ultimate effective control over the trust. A Specified U.S. Person shall be treated as being a beneficiary of a foreign trust if such Specified U.S. Person has the right to receive directly or indirectly (for example, through a nominee) a mandatory distribution or may receive, directly or indirectly, a discretionary distribution from the trust.

w) The term "**Insurance Contract**" means a contract (other than an Annuity Contract) under which the issuer agrees to pay an amount upon the occurrence of a specified contingency involving mortality, morbidity, accident, liability, or property risk.

Nieteenstaande die voorgaande beteken die uitdrukking "finansiële rekening" nie ook enige rekening wat in Aanhangsel II uit die omskrywing van "finansiële rekening" uitgesluit is nie. Vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms word belange "gereeld verhandel" indien daar op 'n voortgaande grondslag ten opsigte van die belange 'n beduidende volume verhandeling is, en 'n "gevestigde sekuriteitemark" beteken 'n beurs wat amptelik erken en gekontroleer word deur die regeringsowerheid waarin die mark geleë is en wat 'n beduidende jaarlikse waarde van aandele het wat op die beurs verhandel word. Vir doeleindes van hierdie subparagraaf 1(s) word 'n belang in 'n finansiële instelling nie "gereeld verhandel" nie en word dit as 'n finansiële rekening behandel indien die houer van die belang (buiten 'n finansiële instelling wat as tussenganger optree) op die boeke van sodanige finansiële instelling geregistreer is. Die voorgaande sin geld nie vir belange wat voor 1 Julie 2014 vir die eerste keer op die boeke van sodanige finansiële instelling geregistreer is nie en, ten opsigte van belange wat op of na 1 Julie 2014 vir die eerste keer op die boeke van sodanige finansiële instelling geregistreer is, hoef 'n finansiële instelling nie die voorgaande sin voor 1 Januarie 2016 toe te pas nie.

t) Die uitdrukking **"depositorekening"** sluit in 'n handels-, tjek-, spaar- of termynrekening, of 'n rekening wat bewys word deur 'n depositosertifikaat, spaarsertifikaat, beleggingsertifikaat, verskuldigdheidsertifikaat of ander soortgelyke instrument wat in die gewone loop van 'n bank- of soortgelyke onderneming deur 'n finansiële instelling in stand gehou word. 'n Depositorekening sluit ook 'n bedrag in wat deur 'n versekeringsmaatskappy gehou word ingevolge 'n gewaarborgde beleggingskontrak of soortgelyke ooreenkoms om rente daarop te betaal of te krediteer.

u) Die uitdrukking **"bewaringsrekening"** beteken 'n rekening (behalwe 'n versekeringskontrak of annuïteitskontrak) ten behoewe van 'n ander persoon, wat 'n finansiële instrument of kontrak beslaan wat vir beleggingsdoeleindes gehou word (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, aandele of effekte in 'n korporasie, 'n promesse, effekte, skuldbrief of ander bewys van verskuldigdheid, 'n valuta- of kommoditeitstransaksie, 'n kredietwanbetalingruiltransaksie, 'n ruiltransaksie gebaseer op 'n niefinansiële indeks, 'n veronderstelde prinsipaalkontrak, 'n versekeringskontrak of annuïteitskontrak en enige opsie of ander afgeleide instrument).

v) Die uitdrukking **"ekwiteitsbelang"** beteken, in die geval van 'n vennootskap wat 'n finansiële instelling is, óf 'n kapitaalbelang óf 'n winsbelang in die vennootskap. In die geval van 'n trust wat 'n finansiële instelling is, word 'n ekwiteitsbelang geag gehou te word deur 'n persoon wat behandel word as 'n oprigter of begunstigde van die hele of 'n gedeelte van die trust of enige ander natuurlike persoon wat effektiewe eindbeheer oor die trust uitoefen. 'n Gespesifiseerde VSA-persoon word behandel as 'n begunstigde van 'n buitelandse trust indien sodanige gespesifiseerde VSA-persoon die reg het om regstreeks of onregstreeks (byvoorbeeld deur 'n genomineerde) 'n verpligte uitkering te ontvang of regstreeks of onregstreeks 'n diskresionêre uitkering van die trust kan ontvang.

w) Die uitdrukking **"versekeringskontrak"** beteken 'n kontrak (behalwe 'n annuïteitskontrak) waarkragtens die uitreiker ooreenkom om 'n bedrag te betaal by die voorkoms van 'n omskrewe gebeurlikheid wat sterfte, siekte, 'n ongeluk, aanspreeklikheid of eiendomsrisiko behels.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

x) The term "**Annuity Contract**" means a contract under which the issuer agrees to make payments for a period of time determined in whole or in part by reference to the life expectancy of one or more individuals. The term also includes a contract that is considered to be an Annuity Contract in accordance with the law, regulation, or practice of the jurisdiction in which the contract was issued, and under which the issuer agrees to make payments for a term of years.

y) The term "**Cash Value Insurance Contract**" means an Insurance Contract (other than an indemnity reinsurance contract between two insurance companies) that has a Cash Value greater than $50,000.

z) The term "**Cash Value**" means the greater of (i) the amount that the policyholder is entitled to receive upon surrender or termination of the contract (determined without reduction for any surrender charge or policy loan), and (ii) the amount the policyholder can borrow under or with regard to the contract. Notwithstanding the foregoing, the term "Cash Value" does not include an amount payable under an Insurance Contract as:

(1) a personal injury or sickness benefit or other benefit providing indemnification of an economic loss incurred upon the occurrence of the event insured against;

(2) a refund to the policyholder of a previously paid premium under an Insurance Contract (other than under a life insurance contract) due to policy cancellation or termination, decrease in risk exposure during the effective period of the Insurance Contract, or arising from a redetermination of the premium due to correction of posting or other similar error; or

(3) a policyholder dividend based upon the underwriting experience of the contract or group involved.

aa) The term "**Reportable Account**" means a U.S. Reportable Account or a South African Reportable Account, as the context requires.

bb) The term "**South African Reportable Account**" means a Financial Account maintained by a Reporting U.S. Financial Institution if: (i) in the case of a Depository Account, the account is held by an individual resident in South Africa and more than $10 of interest is paid to such account in any given calendar year; or (ii) in the case of a Financial Account other than a Depository Account, the Account Holder is a resident of South Africa, including an Entity that certifies that it is resident in South Africa for tax purposes, with respect to which U.S. source income that is subject to reporting under chapter 3 of subtitle A or chapter 61 of subtitle F of the U.S. Internal Revenue Code is paid or credited.

x) Die uitdrukking **"annuïteitskontrak"** beteken 'n kontrak waarkragtens die uitreiker ooreenkom om betalings te doen vir 'n tydperk wat in die geheel of gedeeltelik bepaal word aan die hand van die lewensverwagting van een of meer individue. Die uitdrukking sluit ook 'n kontrak in wat geag word 'n annuïteitskontrak te wees ooreenkomstig die reg, regulering of praktyk van die jurisdiksie waarin die kontrak uitgereik is, en waarkragtens die uitreiker ooreenkom om betalings vir 'n termyn van jare te doen.

y) Die uitdrukking **"kontantwaardeversekeringskontrak"** beteken 'n versekeringskontrak (behalwe 'n vrywaringsherversekeringskontrak tussen twee versekeringsmaatskappye) wat 'n kontantwaarde groter as $50,000 het.

z) Die uitdrukking **"kontantwaarde"** beteken (i) die bedrag wat die polishouer geregtig is om te ontvang by die afkoop of beëindiging van die kontrak (bepaal sonder vermindering vir enige afkoopboete of polislening), en (ii) die bedrag wat die polishouer kragtens of met betrekking tot die kontrak mag leen, welke bedrag ook al die grootste is. Nieteenstaande die voorgaande sluit die uitdrukking "kontantwaarde" nie 'n bedrag in wat kragtens 'n versekeringskontrak betaalbaar is as:-

(1) 'n persoonlike besering- of siektevoordeel of ander voordeel wat skadeloosstelling verskaf vir 'n finansiële verlies wat by die voorkoms van 'n versekerde gebeurtenis gely is nie;

(2) 'n terugbetaling aan die polishouer van 'n premie wat voorheen ingevolge 'n versekeringskontrak (behalwe 'n lewensversekeringskontrak) betaal is vanweë poliskansellasie of -beëindiging, vermindering in risikoblootstelling gedurende die geldigheidsduur van die versekeringskontrak of voortspruitend uit 'n herbepaling van die premie weens 'n regstelling van 'n pos- of ander soortgelyke fout nie; of

(3) 'n polishouerdividend gebaseer op die onderskrywingsondervinding van die betrokke kontrak of groep nie.

aa) Die uitdrukking **"aanmeldbare rekening"** beteken 'n aanmeldbare VSA-rekening of 'n aanmeldbare Suid-Afrikaanse rekening, na gelang van die samehang.

bb) Die uitdrukking **"aanmeldbare Suid-Afrikaanse rekening"** beteken 'n finansiële rekening in stand gehou deur 'n verslagdoenende VSA- finansiële instelling indien:- (i) in die geval van 'n depositorekening, die rekening gehou word deur 'n individu wat in Suid-Afrika woonagtig is en meer as $10 rente in 'n gegewe kalenderjaar op sodanige rekening betaal word; of (ii) in die geval van 'n ander finansiële rekening as 'n depositorekening, die rekeninghouer 'n inwoner van Suid-Afrika is, met inbegrip van 'n entiteit wat vir belastingdoeleindes verklaar dat hy in Suid-Afrika woonagtig is, ten opsigte waarvan inkomste uit 'n VSA-bron wat ingevolge hoofstuk 3 van subtitel A of hoofstuk 61 van subtitel F van die "US Internal Revenue Code" aan verslagdoening onderhewig is, betaal of gekrediteer word.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

cc) The term **"U.S. Reportable Account"** means a Financial Account maintained by a Reporting South African Financial Institution and held by one or more Specified U.S. Persons or by a Non-U.S. Entity with one or more Controlling Persons that is a Specified U.S. Person. Notwithstanding the foregoing, an account shall not be treated as a U.S. Reportable Account if such account is not identified as a U.S. Reportable Account after application of the due diligence procedures in Annex I.

dd) The term "**Account Holder**" means the person listed or identified as the holder of a Financial Account by the Financial Institution that maintains the account. A person, other than a Financial Institution, holding a Financial Account for the benefit or account of another person as agent, custodian, nominee, signatory, investment advisor, or intermediary, is not treated as holding the account for purposes of this Agreement, and such other person is treated as holding the account. For purposes of the immediately preceding sentence, the term "Financial Institution" does not include a Financial Institution organized or incorporated in a U.S. Territory. In the case of a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract, the Account Holder is any person entitled to access the Cash Value or change the beneficiary of the contract. If no person can access the Cash Value or change the beneficiary, the Account Holder is any person named as the owner in the contract and any person with a vested entitlement to payment under the terms of the contract. Upon the maturity of a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract, each person entitled to receive a payment under the contract is treated as an Account Holder.

ee) The term **"U.S. Person"** means a U.S. citizen or resident individual, a partnership or corporation organized in the United States or under the laws of the United States or any State thereof, a trust if (i) a court within the United States would have authority under applicable law to render orders or judgments concerning substantially all issues regarding administration of the trust, and (ii) one or more U.S. persons have the authority to control all substantial decisions of the trust, or an estate of a decedent that is a citizen or resident of the United States. This subparagraph 1(ee) shall be interpreted in accordance with the U.S. Internal Revenue Code.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

cc) Die uitdrukking **"aanmeldbare VSA-rekening"** beteken 'n finansiële rekening wat in stand gehou word deur 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling en gehou word deur een of meer gespesifiseerde VSA-persone of deur 'n nie-VSA-entiteit met een of meer beherende persone wat 'n gespesifiseerde VSA-persoon is. Nieteenstaande die voorgaande word 'n rekening nie behandel as 'n aanmeldbare VSA-rekening indien sodanige rekening ná toepassing van die omsigtigheidsprosedures in Aanhangsel I nie as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer word nie.

dd) Die uitdrukking **"rekeninghouer"** beteken die persoon gemeld of geïdentifiseer as die houer van 'n finansiële rekening deur die finansiële instelling wat die rekening in stand hou. 'n Persoon, buiten 'n finansiële instelling, wat as agent, bewaarder, benoemde, ondertekenaar, beleggingsadviseur of tussenganger 'n finansiële rekening ten behoewe, of vir rekening, van 'n ander persoon hou, word vir doeleindes van hierdie Ooreenkoms nie geag die rekening te hou nie, en die ander persoon word geag die rekening te hou. Vir doeleindes van die onmiddellik voorgaande sin sluit die uitdrukking "finansiële instelling" nie 'n finansiële instelling in wat in 'n VSA-gebied georganiseer of ingelyf is nie. In die geval van 'n kontantwaardeversekeringskontrak of 'n annuïteitskontrak is die rekeninghouer enige persoon wat daarop geregtig is om toegang tot die kontantwaarde te kry of wat die begunstigde van die kontrak kan verander. Indien geen persoon toegang kan kry tot die kontantwaarde of die begunstigde kan verander nie, is die rekeninghouer enige persoon wat in die kontrak as eienaar genoem word en enige persoon met 'n bestaande geregtigdheid op betaling ingevolge die bepalings van die kontrak. Op die uitkeerdatum van 'n kontantwaardeversekeringskontrak of 'n annuïteitskontrak word elke persoon wat ingevolge die kontrak daarop geregtig is om 'n betaling te ontvang, as 'n rekeninghouer behandel.

ee) Die uitdrukking **"VSA-persoon"** beteken 'n VSA-burger of 'n individu woonagtig in die VSA; 'n vennootskap of korporasie wat in die Verenigde State of kragtens die wette van die Verenigde State of enige Staat daarvan georganiseer is; 'n trust indien (i) 'n hof in die Verenigde State kragtens die toepaslike reg die bevoegdheid het om bevele uit te reik of uitsprake te lewer rakende wesenlik alle kwessies betreffende die administrasie van die trust, en (ii) een of meer VSA-persone die bevoegdheid het om alle wesenlike besluite van die trust te beheer; of 'n boedel van 'n oorledene wat 'n burger of inwoner van die Verenigde State is. Hierdie subparagraaf 1(ee) moet uitgelê word ooreenkomstig die "US Internal Revenue Code".

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

ff) The term **"Specified U.S. Person"** means a U.S. Person, other than: (i) a corporation the stock of which is regularly traded on one or more established securities markets; (ii) any corporation that is a member of the same expanded affiliated group, as defined in section 1471(e)(2) of the U.S. Internal Revenue Code, as a corporation described in clause (i); (iii) the United States or any wholly owned agency or instrumentality thereof; (iv) any State of the United States, any U.S. Territory, any political subdivision of any of the foregoing, or any wholly owned agency or instrumentality of any one or more of the foregoing; (v) any organization exempt from taxation under section 501(a) of the U.S. Internal Revenue Code or an individual retirement plan as defined in section 7701(a)(37) of the U.S. Internal Revenue Code; (vi) any bank as defined in section 581 of the U.S. Internal Revenue Code; (vii) any real estate investment trust as defined in section 856 of the U.S. Internal Revenue Code; (viii) any regulated investment company as defined in section 851 of the U.S. Internal Revenue Code or any entity registered with the U.S. Securities and Exchange Commission under the Investment Company Act of 1940 (15 U.S.C. 80a-64); (ix) any common trust fund as defined in section 584(a) of the U.S. Internal Revenue Code; (x) any trust that is exempt from tax under section 664(c) of the U.S. Internal Revenue Code or that is described in section 4947(a)(1) of the U.S. Internal Revenue Code; (xi) a dealer in securities, commodities, or derivative financial instruments (including notional principal contracts, futures, forwards, and options) that is registered as such under the laws of the United States or any State; (xii) a broker as defined in section 6045(c) of the U.S. Internal Revenue Code; or (xiii) any tax-exempt trust under a plan that is described in section 403(b) or section 457(g) of the U.S. Internal Revenue Code.

gg) The term **"Entity"** means a legal person or a legal arrangement such as a trust.

hh) The term **"Non-U.S. Entity"** means an Entity that is not a U.S. Person.

ii) The term **"U.S. Source Withholdable Payment"** means any payment of interest (including any original issue discount), dividends, rents, salaries, wages, premiums, annuities, compensations, remunerations, emoluments, and other fixed or determinable annual or periodical gains, profits, and income, if such payment is from sources within the United States. Notwithstanding the foregoing, a U.S. Source Withholdable Payment does not include any payment that is not treated as a withholdable payment in relevant U.S. Treasury Regulations.

jj) An Entity is a **"Related Entity"** of another Entity if either Entity controls the other Entity, or the two Entities are under common control. For this purpose control includes direct or indirect ownership of more than 50 percent of the vote or value in an Entity. Notwithstanding the foregoing, South Africa may treat an Entity as not a Related Entity of another Entity if the two Entities are not members of the same expanded affiliated group as defined in section 1471(e)(2) of the U.S. Internal Revenue Code.

kk) The term **"U.S. TIN"** means a U.S. federal taxpayer identifying number.

ff) Die uitdrukking **"gespesifiseerde VSA-persoon"** beteken 'n VSA-persoon buiten: (i) 'n korporasie waarvan die aandele gereeld op een of meer gevestigde sekuriteitemarkte verhandel word; (ii) 'n korporasie, wat 'n lid is van dieselfde uitgebreide geaffilieerde groep, soos omskryf in artikel 1471(e)(2) van die "US Internal Revenue Code", as 'n korporasie beskryf in klousule (i); (iii) die Verenigde State of 'n agentskap of instrument daarvan wat ten volle in die VSA se besit is; (iv) 'n Staat van die Verenigde State, enige VSA-gebied, 'n staatkundige onderverdeling van enige van die voorgaande, of 'n agentskap of instrument ten volle in een of meer van die voorgaande se besit; (v) enige organisasie wat vrygestel is van belasting kragtens artikel 501(a) van die "US Internal Revenue Code" of 'n individuele aftreeplan soos omskryf in artikel 7701(a)(37) van die "US Internal Revenue Code"; (vi) 'n bank soos omskryf in artikel 581 van die "US Internal Revenue Code"; (vii) enige eiendomsbeleggingstrust soos omskryf in artikel 856 van die "US Internal Revenue Code"; (viii) enige gereguleerde beleggingsmaatskappy soos omskryf in artikel 851 van die "US Internal Revenue Code" of 'n entiteit geregistreer by die US Securities and Exchange Commission kragtens die "Investment Company Act" van 1940 (15 U.S.C. 80a-64); (ix) enige gemeenskaplike trustfonds ("common trust fund") soos omskryf in artikel 584(a) van die "US Internal Revenue Code"; (x) 'n trust wat kragtens artikel 664(c) van die "US Internal Revenue Code" van belasting vrygestel is of wat in artikel 4947(a)(1) van die "US Internal Revenue Code" beskryf word; (xi) 'n handelaar in sekuriteite, kommoditeite of afgeleide finansiële instrumente (ook veronderstelde prinsipaalkontrakte, termynkontrakte, vooruitkontrakte en opsies) wat as sodanig geregistreer is ingevolge die reg van die Verenigde State of 'n Staat; (xii) 'n makelaar soos omskryf in artikel 6045(c) van die "US Internal Revenue Code"; of (xiii) enige belastingvrye trust kragtens 'n plan wat in artikel 403(b) of artikel 457(g) van die "US Internal Revenue Code" beskryf word.

gg) Die uitdrukking **"entiteit"** beteken 'n regspersoon of regsreëling soos 'n trust.

hh) Die uitdrukking **"nie-VSA-entiteit"** beteken 'n entiteit wat nie 'n VSA-persoon is nie.

ii) Die uitdrukking **"terughoubare betaling uit 'n VSA-bron"** beteken enige betaling van rente (ook 'n oorspronklike-uitgifte-diskonto), dividende, huurgeld, salarisse, lone, premies, annuïteite, vergoedings, besoldigings en ander vaste of bepaalbare jaarlikse of periodieke wins, profyt en inkomste, indien sodanige betaling afkomstig is van bronne binne die Verenigde State. Nieteenstaande die voorgaande sluit 'n terughoubare betaling uit 'n VSA-bron nie 'n betaling in wat nie in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies as 'n terughoubare betaling behandel word nie.

jj) 'n Entiteit is 'n **"verwante entiteit"** van 'n ander entiteit indien een van die entiteite die ander entiteit beheer of die twee entiteite onder gesamentlike beheer is. Vir dié doel sluit beheer in die regstreekse of onregstreekse eienaarskap van meer as 50 persent van die stemkrag of waarde in 'n entiteit. Nieteenstaande die voorgaande mag Suid-Afrika 'n entiteit behandel as nie 'n "verwante entiteit" van 'n ander entiteit nie indien die twee entiteite nie lede van dieselfde uitgebreide geaffilieerde groep is wat in artikel 1471(e)(2) van die "US Internal Revenue Code" omskryf word nie.

kk) Die uitdrukking **"VSA-BIN"** beteken die identifikasienommer van 'n VSA-federale belastingbetaler.

ll) The term **"South African TIN"** means a South African taxpayer identifying number.

mm) The term **"Controlling Persons"** means the natural persons who exercise control over an Entity. In the case of a trust, such term means the settlor, the trustees, the protector (if any), the beneficiaries or class of beneficiaries, and any other natural person exercising ultimate effective control over the trust, and in the case of a legal arrangement other than a trust, such term means persons in equivalent or similar positions. The term "Controlling Persons" shall be interpreted in a manner consistent with the Financial Action Task Force Recommendations.

2. Any term not otherwise defined in this Agreement shall, unless the context otherwise requires or the Competent Authorities agree to a common meaning (as permitted by domestic law), have the meaning that it has at that time under the law of the Party applying this Agreement, any meaning under the applicable tax laws of that Party prevailing over a meaning given to the term under other laws of that Party.

## ARTICLE 2

## OBLIGATIONS TO OBTAIN AND EXCHANGE INFORMATION WITH RESPECT TO REPORTABLE ACCOUNTS

1. Subject to the provisions of Article 3 of this Agreement, each Party shall obtain the information specified in paragraph 2 of this Article with respect to all Reportable Accounts and shall annually exchange this information with the other Party on an automatic basis pursuant to the provisions of Article 26 of the Convention.

2. The information to be obtained and exchanged is:

a) In the case of South Africa with respect to each U.S. Reportable Account of each Reporting South African Financial Institution:

(1) the name, address, and U.S. TIN of each Specified U.S. Person that is an Account Holder of such account and, in the case of a Non-U.S. Entity that, after application of the due diligence procedures set forth in Annex I, is identified as having one or more Controlling Persons that is a Specified U.S. Person, the name, address, and U.S. TIN (if any) of such entity and each such Specified U.S. Person;

(2) the account number (or functional equivalent in the absence of an account number);

(3) the name and identifying number of the Reporting South African Financial Institution;

(4) the account balance or value (including, in the case of a Cash Value Insurance Contract or Annuity Contract, the Cash Value or surrender value) as of the end of the relevant calendar year or other appropriate reporting period or, if the account was closed during such year, immediately before closure;

ll) Die uitdrukking **"Suid-Afrikaanse BIN"** beteken die identifikasienommer van 'n Suid-Afrikaanse belastingbetaler.

mm) Die uitdrukking **"beherende persone"** beteken die natuurlike persone wat beheer oor 'n entiteit uitoefen. In die geval van 'n trust beteken sodanige uitdrukking die oprigter, trustees, beskermer (indien enige), begunstigdes of klas begunstigdes en enige ander natuurlike persoon wat effektiewe eindbeheer oor die trust uitoefen, en, in die geval van 'n ander regsreëling as 'n trust, beteken sodanige uitdrukking persone in gelykwaardige of soortgelyke posisies. Die uitdrukking **"beherende persone"** moet uitgelê word op 'n wyse wat bestaanbaar is met die "Financial Action Task Force Recommendations".

2. Enige uitdrukking wat nie anders in hierdie Ooreenkoms omskryf is nie, het, tensy dit uit die samehang anders blyk of die bevoegde owerhede op 'n gemeenskaplike betekenis ooreenkom (in ooreenstemming met landsreg), die betekenis wat dit op daardie tydstip kragtens die reg van die Party het wat hierdie Ooreenkoms toepas, en enige betekenis kragtens die toepaslike belastingreg van daardie Party geniet voorrang bo 'n betekenis wat kragtens ander wette van daardie Party aan die uitdrukking geheg word.

## ARTIKEL 2

## VERPLIGTINGE OM INLIGTING MET BETREKKING TOT AANMELDBARE REKENINGE TE BEKOM EN UIT TE RUIL

1. Behoudens die bepalings van Artikel 3 van hierdie Ooreenkoms, moet elke Party die inligting bekom wat in paragraaf 2 van hierdie Artikel uiteengesit word met betrekking tot alle aanmeldbare rekeninge, en hierdie inligting jaarliks op 'n outomatiese grondslag met die ander Party uitruil ingevolge die bepalings van Artikel 26 van die Konvensie.

2. Die inligting wat bekom en uitgeruil moet word, is:-

a) In die geval van Suid-Afrika, met betrekking tot elke aanmeldbare VSA-rekening van elke verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling:

(1) die naam, adres en VSA-BIN van elke gespesifiseerde VSA-persoon wat 'n rekeninghouer van sodanige rekening is en, in die geval van 'n nie-VSA-entiteit wat ná toepassing van die omsigtigheidsprosedures uiteengesit in Aanhangsel I geïdentifiseer word as 'n entiteit wat een of meer beherende persone het wat gespesifiseerde VSA-persone is, die naam, adres en VSA-BIN (indien enige) van daardie entiteit en elke sodanige gespesifiseerde VSA-persoon;

(2) die rekeningnommer (of funksionele ekwivalent by ontstentenis van 'n rekeningnommer);

(3) die naam en identifikasienommer van die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling;

(4) die rekeningsaldo of -waarde (ook, in die geval van 'n kontantwaarde-versekeringskontrak of annuïteitskontrak, die kontantwaarde of afkoopwaarde) soos aan die einde van die betrokke kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk of, indien die rekening gedurende daardie jaar gesluit is, onmiddellik voor sluiting;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(5) in the case of any Custodial Account:

(A) the total gross amount of interest, the total gross amount of dividends, and the total gross amount of other income generated with respect to the assets held in the account, in each case paid or credited to the account (or with respect to the account) during the calendar year or other appropriate reporting period; and

(B) the total gross proceeds from the sale or redemption of property paid or credited to the account during the calendar year or other appropriate reporting period with respect to which the Reporting South African Financial Institution acted as a custodian, broker, nominee, or otherwise as an agent for the Account Holder;

(6) in the case of any Depository Account, the total gross amount of interest paid or credited to the account during the calendar year or other appropriate reporting period; and

(7) in the case of any account not described in subparagraph 2(a)(5) or 2(a)(6) of this Article, the total gross amount paid or credited to the Account Holder with respect to the account during the calendar year or other appropriate reporting period with respect to which the Reporting South African Financial Institution is the obligor or debtor, including the aggregate amount of any redemption payments made to the Account Holder during the calendar year or other appropriate reporting period.

b) In the case of the United States, with respect to each South African Reportable Account of each Reporting U.S. Financial Institution:

(1) the name, address, and South African TIN of any person that is a resident of South Africa and is an Account Holder of the account;

(2) the account number (or the functional equivalent in the absence of an account number);

(3) the name and identifying number of the Reporting U.S. Financial Institution;

(4) the gross amount of interest paid on a Depository Account;

(5) the gross amount of U.S. source dividends paid or credited to the account; and

(6) the gross amount of other U.S. source income paid or credited to the account, to the extent subject to reporting under chapter 3 of subtitle A or chapter 61 of subtitle F of the U.S. Internal Revenue Code.

(5) in die geval van 'n bewaringsrekening:

(A) die totale bruto bedrag van rente, die totale bruto bedrag van dividende en die totale bruto bedrag van ander inkomste gegenereer ten opsigte van die bates gehou in die rekening, in elke geval betaal of gekrediteer op die rekening (of ten opsigte van die rekening) gedurende die kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk; en

(B) die totale bruto opbrengs uit die verkoop of aflos van eiendom betaal of gekrediteer op die rekening gedurende die kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk ten opsigte waarvan die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling as 'n bewaarder, makelaar, genomineerde of andersins as 'n agent vir die rekeninghouer gehandel het;

(6) in die geval van 'n depositorekening, die totale bruto bedrag van rente betaal of gekrediteer op die rekening gedurende die kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk; en

(7) in die geval van 'n rekening wat nie in subparagraaf 2(a)(5) of 2(a)(6) van hierdie Artikel beskryf word nie, die totale bruto bedrag betaal of gekrediteer aan die rekeninghouer ten opsigte van die rekening gedurende die kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk ten opsigte waarvan die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die obligant of debiteur is, ook die totaalbedrag van enige aflosbetalings wat gedurende die kalenderjaar of ander toepaslike verslagdoeningstydperk aan die rekeninghouer gedoen is.

b) In die geval van die Verenigde State, met betrekking tot elke Suid-Afrikaanse aanmeldbare rekening van elke verslagdoenende VSA- finansiële instelling:

(1) die naam, adres en Suid-Afrikaanse BIN van enige persoon wat 'n inwoner van Suid-Afrika en 'n rekeninghouer van die rekening is;

(2) die rekeningnommer (of die funksionele ekwivalent by ontstentenis van 'n rekeningnommer);

(3) die naam en identifikasienommer van die verslagdoenende VSA-finansiële instelling;

(4) die bruto bedrag van rente betaal op 'n depositorekening;

(5) die bruto bedrag van dividende uit 'n VSA-bron betaal of gekrediteer op die rekening; en

(6) die bruto bedrag van ander inkomste uit 'n VSA-bron betaal of gekrediteer op die rekening, in soverre dit aan verslagdoening onderhewig is ingevolge hoofstuk 3 van subtitel A of hoofstuk 61 van subtitel F van die "US Internal Revenue Code".

## ARTICLE 3

## TIME AND MANNER OF EXCHANGE OF INFORMATION

1. For purposes of the exchange obligation in Article 2 of this Agreement, the amount and characterization of payments made with respect to a U.S. Reportable Account may be determined in accordance with the principles of the tax laws of South Africa, and the amount and characterization of payments made with respect to a South African Reportable Account may be determined in accordance with principles of U.S. federal income tax law.

2. For purposes of the exchange obligation in Article 2 of this Agreement, the information exchanged shall identify the currency in which each relevant amount is denominated.

3. With respect to paragraph 2 of Article 2 of this Agreement, information is to be obtained and exchanged with respect to 2014 and all subsequent years, except that:

a) In the case of South Africa:

(1) the information to be obtained and exchanged with respect to 2014 is only the information described in subparagraphs 2(a)(1) through 2(a)(4) of Article 2 of this Agreement;

(2) the information to be obtained and exchanged with respect to 2015 is the information described in subparagraphs 2(a)(1) through 2(a)(7) of Article 2 of this Agreement, except for gross proceeds described in subparagraph 2(a)(5)(B) of Article 2 of this Agreement; and

(3) the information to be obtained and exchanged with respect to 2016 and subsequent years is the information described in subparagraphs 2(a)(1) through 2(a)(7) of Article 2 of this Agreement;

b) In the case of the United States, the information to be obtained and exchanged with respect to 2014 and subsequent years is all of the information identified in subparagraph 2(b) of Article 2 of this Agreement.

4. Notwithstanding paragraph 3 of this Article, with respect to each Reportable Account that is maintained by a Reporting Financial Institution as of June 30, 2014, and subject to paragraph 4 of Article 6 of this Agreement, the Parties are not required to obtain and include in the exchanged information the South African TIN or the U.S. TIN, as applicable, of any relevant person if such taxpayer identifying number is not in the records of the Reporting Financial Institution. In such a case, the Parties shall obtain and include in the exchanged information the date of birth of the relevant person, if the Reporting Financial Institution has such date of birth in its records.

5. Subject to paragraphs 3 and 4 of this Article, the information described in Article 2 of this Agreement shall be exchanged within nine months after the end of the calendar year to which the information relates.

## ARTIKEL 3

## TYD EN WYSE VAN UITRUIL VAN INLIGTING

1. Vir doeleindes van die uitruilverpligting in Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms, kan die bedrag en aard van betalings gedoen met betrekking tot 'n aanmeldbare VSA-rekening bepaal word ooreenkomstig die beginsels van die belastingreg van Suid-Afrika, en kan die bedrag en aard van betalings gedoen met betrekking tot 'n aanmeldbare Suid-Afrikaanse rekening bepaal word ooreenkomstig die beginsels van die VSA se federale inkomstebelastingreg.

2. Vir doeleindes van die uitruilverpligting in Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms, moet die inligting wat uitgeruil word die geldeenheid identifiseer waarin elke tersaaklike bedrag gedenomineer word.

3. Met betrekking tot paragraaf 2 van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms, moet inligting bekom en uitgeruil word met betrekking tot 2014 en alle daaropvolgende jare, buiten dat:

a) In die geval van Suid-Afrika:

   (1) die inligting wat met betrekking tot 2014 bekom en uitgeruil moet word, slegs die inligting is wat in subparagraaf 2(a)(1) tot en met 2(a)(4) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms beskryf word;

   (2) die inligting wat met betrekking tot 2015 bekom en uitgeruil moet word, die inligting is wat in subparagraaf 2(a)(1) tot en met 2(a)(7) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms beskryf word, buiten die bruto opbrengs beskryf in subparagraaf 2(a)(5)(B) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms; en

   (3) die inligting wat met betrekking tot 2016 en daaropvolgende jare bekom en uitgeruil moet word, die inligting is wat in subparagraaf 2(a)(1) tot en met 2(a)(7) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms beskryf word;

b) In die geval van die Verenigde State, die inligting wat met betrekking tot 2014 en die daaropvolgende jare bekom en uitgeruil moet word, al die inligting is wat in subparagraaf 2(b) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms geïdentifiseer word.

4. Nieteenstaande paragraaf 3 van hierdie Artikel hoef die Partye, met betrekking tot elke aanmeldbare rekening wat vanaf 30 Junie 2014 deur 'n verslagdoenende finansiële instelling in stand gehou word, en behoudens paragraaf 4 van Artikel 6 van hierdie Ooreenkoms, nie die Suid-Afrikaanse BIN of die VSA-BIN, na gelang van die geval, van enige tersaaklike persoon te bekom en in die geruilde inligting in te sluit nie, indien sodanige belastingbetaler-identifikasienommer (BIN) nie in die rekords van die verslagdoenende finansiële instelling is nie. In sodanige geval moet die Partye die geboortedatum van die tersaaklike persoon bekom en in die geruilde inligting insluit, indien die verslagdoenende finansiële instelling die geboortedatum in sy rekords het.

5. Behoudens paragraaf 3 en 4 van hierdie Artikel, moet die inligting wat in Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms beskryf word, uitgeruil word binne nege maande na afloop van die kalenderjaar waarop die inligting betrekking het.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

6. The Competent Authorities of South Africa and the United States shall enter into an agreement or arrangement under the mutual agreement procedure provided for in Article 25 of the Convention, which shall:

a) establish the procedures for the automatic exchange obligations described in Article 2 of this Agreement;

b) prescribe rules and procedures as may be necessary to implement Article 5 of this Agreement; and

c) establish as necessary procedures for the exchange of the information reported under subparagraph 1(b) of Article 4 of this Agreement.

7. All information exchanged shall be subject to the confidentiality and other protections provided for in the Convention, including the provisions limiting the use of the information exchanged.

8. Following entry into force of this Agreement, each Competent Authority shall provide written notification to the other Competent Authority when it is satisfied that the jurisdiction of the other Competent Authority has in place (i) appropriate safeguards to ensure that the information received pursuant to this Agreement shall remain confidential and be used solely for tax purposes, and (ii) the infrastructure for an effective exchange relationship (including established processes for ensuring timely, accurate, and confidential information exchanges, effective and reliable communications, and demonstrated capabilities to promptly resolve questions and concerns about exchanges or requests for exchanges and to administer the provisions of Article 5 of this Agreement). The Competent Authorities shall endeavor in good faith to meet, prior to September 2015, to establish that each jurisdiction has such safeguards and infrastructure in place.

9. The obligations of the Parties to obtain and exchange information under Article 2 of this Agreement shall take effect on the date of the later of the written notifications described in paragraph 8 of this Article.

10. This Agreement shall terminate on September 30, 2015, if Article 2 of this Agreement is not in effect for either Party pursuant to paragraph 9 of this Article by that date.

## ARTICLE 4

## APPLICATION OF FATCA TO SOUTH AFRICAN FINANCIAL INSTITUTIONS

1. **Treatment of Reporting South African Financial Institutions.** Each Reporting South African Financial Institution shall be treated as complying with, and not subject to withholding under, section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code if South Africa complies with its obligations under Articles 2 and 3 of this Agreement with respect to such Reporting South African Financial Institution, and the Reporting South African Financial Institution:

a) identifies U.S. Reportable Accounts and reports annually to the South African Competent Authority the information required to be reported in subparagraph 2(a) of Article 2 of this Agreement in the time and manner described in Article 3 of this Agreement;

6. Die bevoegde owerhede van Suid-Afrika en die Verenigde State moet 'n ooreenkoms of 'n reëling tref kragtens die prosedure vir onderlinge ooreenkoms wat in Artikel 25 van die Konvensie bepaal word, wat:-

a) die prosedures moet vasstel vir die outomatiese uitruilverpligtinge wat in Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms beskryf word;

b) die reëls en prosedures moet voorskryf wat nodig kan wees om Artikel 5 van hierdie Ooreenkoms te implementeer; en

c) soos nodig, prosedures moet bepaal vir die uitruil van die inligting wat ingevolge subparagraaf 1(b) van Artikel 4 van hierdie Ooreenkoms aangemeld is.

7. Alle uitgeruilde inligting is aan vertroulikheid en ander beskerming onderhewig waarvoor daar in die Konvensie voorsiening gemaak is, met inbegrip van bepalings wat die gebruik van die uitgeruilde inligting beperk.

8. Na die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms, moet elke bevoegde owerheid skriftelik kennis gee aan die ander bevoegde owerheid wanneer hy daarvan oortuig is dat die jurisdiksie van die ander bevoegde owerheid (i) geskikte beskerming in plek het om te verseker dat die inligting wat ingevolge hierdie Ooreenkoms ontvang word, vertroulik sal bly en slegs vir belastingdoeleindes gebruik sal word en (ii) die infrastruktuur in plek het vir 'n doeltreffende uitruilverhouding (insluitende gevestigde prosesse om tydige, akkurate en vertroulike inligtinguitruiling te verseker, doeltreffende en betroubare kommunikasie, en bewese vermoëns om vrae en kwessies oor uitruilings of versoeke om uitruiling onverwyld te besleg en die bepalings van Artikel 5 van hierdie Ooreenkoms toe te pas). Die bevoegde owerhede moet te goeder trou alles in werk stel om voor September 2015 te vergader om vas te stel dat elke jurisdiksie sodanige beskerming en infrastruktuur in plek het.

9. Die verpligtinge van die Partye om inligting kragtens Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms te bekom en uit te ruil, tree in werking op die datum van die laaste skriftelike kennisgewing wat in paragraaf 8 van hierdie Artikel beskryf word.

10. Hierdie Ooreenkoms verstryk op 30 September 2015 indien Artikel 2 van die Ooreenkoms teen daardie datum nie ingevolge paragraaf 9 van hierdie Artikel vir albei Partye van krag is nie.

## ARTIKEL 4

## TOEPASSING VAN FATCA OP SUID-AFRIKAANSE FINANSIËLE INSTELLINGS

1. Hantering van verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings. Elke verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling word behandel as voldoenend aan, en nie aan terughouding onderworpe nie kragtens, artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code", indien Suid-Afrika sy verpligtinge kragtens Artikel 2 en 3 van hierdie Ooreenkoms met betrekking tot sodanige verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nakom, en die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling:

a) aanmeldbare VSA-rekeninge identifiseer en die inligting in subparagraaf 2(a) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms wat aangemeld moet word, jaarliks by die Suid-Afrikaanse bevoegde owerheid aanmeld binne die tyd en op die wyse wat in Artikel 3 van hierdie Ooreenkoms beskryf word;

b) for each of 2015 and 2016, reports annually to the South African Competent Authority the name of each Nonparticipating Financial Institution to which it has made payments and the aggregate amount of such payments;

c) complies with the applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website;

d) to the extent that a Reporting South African Financial Institution is (i) acting as a qualified intermediary (for purposes of section 1441 of the U.S. Internal Revenue Code) that has elected to assume primary withholding responsibility under chapter 3 of subtitle A of the U.S. Internal Revenue Code, (ii) a foreign partnership that has elected to act as a withholding foreign partnership (for purposes of both sections 1441 and 1471 of the U.S. Internal Revenue Code), or (iii) a foreign trust that has elected to act as a withholding foreign trust (for purposes of both sections 1441 and 1471 of the U.S. Internal Revenue Code), withholds 30 percent of any U.S. Source Withholdable Payment to any Nonparticipating Financial Institution; and

e) in the case of a Reporting South African Financial Institution that is not described in subparagraph 1(d) of this Article and that makes a payment of, or acts as an intermediary with respect to, a U.S. Source Withholdable Payment to any Nonparticipating Financial Institution, the Reporting South African Financial Institution provides to any immediate payor of such U.S. Source Withholdable Payment the information required for withholding and reporting to occur with respect to such payment.

Notwithstanding the foregoing, a Reporting South African Financial Institution with respect to which the conditions of this paragraph 1 are not satisfied shall not be subject to withholding under section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code unless such Reporting South African Financial Institution is treated by the IRS as a Nonparticipating Financial Institution pursuant to subparagraph 2(b) of Article 5 of this Agreement.

2. **Suspension of Rules Relating to Recalcitrant Accounts**. The United States shall not require a Reporting South African Financial Institution to withhold tax under section 1471 or 1472 of the U.S. Internal Revenue Code with respect to an account held by a recalcitrant account holder (as defined in section 1471(d)(6) of the U.S. Internal Revenue Code), or to close such account, if the U.S. Competent Authority receives the information set forth in subparagraph 2(a) of Article 2 of this Agreement, subject to the provisions of Article 3 of this Agreement, with respect to such account.

3. **Specific Treatment of South African Retirement Plans**. The United States shall treat as deemed-compliant FFIs or exempt beneficial owners, as appropriate, for purposes of sections 1471 and 1472 of the U.S. Internal Revenue Code, South African retirement plans described in Annex II. For this purpose, a South African retirement plan includes an Entity established or located in, and regulated by, South Africa, or a predetermined contractual or legal arrangement, operated to provide pension or retirement benefits or earn income for providing such benefits under the laws of South Africa and regulated with respect to contributions, distributions, reporting, sponsorship, and taxation.

b) ten opsigte van 2015 en van 2016, jaarliks by die Suid-Afrikaanse bevoegde owerheid die naam van elke niedeelnemende finansiële instelling waaraan hy betalings gedoen het, en die totale bedrag van sodanige betalings, aanmeld;

c) aan die toepaslike registrasievereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf voldoen;

d) in soverre 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling (i) handel as 'n gekwalifiseerde tussenganger (vir doeleindes van artikel 1441 van die "US Internal Revenue Code") wat besluit het om primêre terughoudings-verantwoordelikheid kragtens hoofstuk 3 van subtitel A van die "US Internal Revenue Code" te aanvaar, (ii) 'n buitelandse vennootskap is wat besluit het om (vir doeleindes van beide artikel 1441 en 1471 van die "US Internal Revenue Code") as 'n buitelandse terughoudingsvennootskap te handel, of (iii) 'n buitelandse trust is wat besluit het om (vir doeleindes van beide artikel 1441 en 1471 van die "US Internal Revenue Code") as 'n buitelandse terughoudingstrust te handel, 30 persent van enige terughoubare betaling uit 'n VSA-bron aan 'n niedeelnemende finansiële instelling terughou; en

e) in die geval van 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat nie in subparagraaf 1(d) van hierdie Artikel beskryf word nie en wat 'n betaling doen van, of as tussenganger handel met betrekking tot, 'n terughoubare betaling uit 'n VSA-bron aan 'n niedeelnemende finansiële instelling, aan enige onmiddellike betaler van sodanige terughoubare betaling uit 'n VSA-bron, die inligting verskaf wat vereis word vir terughouding en verslagdoening wat ten opsigte van sodanige betaling moet geskied.

Nieteenstaande die voorgaande, is 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling ten opsigte waarvan daar nie aan die voorwaardes van hierdie paragraaf 1 voldoen word nie, nie aan terughouding onderhewig kragtens artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code nie", tensy daardie verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling deur die IRS as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel word ingevolge subparagraaf 2(b) van Artikel 5 van hierdie Ooreenkoms.

2. <u>Opskorting van reëls rakende weerstrewige rekeninge</u>. Die Verenigde State vereis nie van 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling om belasting terug te hou kragtens artikel 1471 of 1472 van die "US Internal Revenue Code" ten opsigte van 'n rekening gehou deur 'n weerstrewige rekeninghouer (soos in artikel 1471(d)(6) van die "US Internal Revenue Code" omskryf) of om sodanige rekening te sluit nie, indien die bevoegde owerheid van die VSA die inligting uiteengesit in subparagraaf 2(a) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms, behoudens die bepalings van Artikel 3 van hierdie Ooreenkoms, met betrekking tot daardie rekening ontvang.

3. <u>Spesifieke hantering van Suid-Afrikaanse aftreeplanne</u>. Die Verenigde State behandel Suid-Afrikaanse aftreeplanne wat in Aanhangsel II beskryf word, vir doeleindes van artikel 1471 en 1472 van die "US Internal Revenue Code", as buitelandse finansiële instellings geag te voldoen of as vrygestelde voordeeltrekkende eienaars, na gelang van die geval. Vir dié doel is 'n Suid-Afrikaanse aftreeplan ook 'n entiteit wat in Suid-Afrika opgerig of geleë is en wat deur Suid-Afrika gereguleer word, of 'n voorafbepaalde kontraktuele of regsreëling wat bedryf word om pensioen- of aftreevoordele te bied of inkomste te verdien vir die verskaffing van sodanige voordele kragtens die Suid-Afrikaanse reg, en gereguleer wat bydraes, uitkerings, verslagdoening, borgstelling en belasting betref.

4. **Identification and Treatment of Other Deemed-Compliant FFIs and Exempt Beneficial Owners.** The United States shall treat each Non-Reporting South African Financial Institution as a deemed-compliant FFI or as an exempt beneficial owner, as appropriate, for purposes of section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code.

5. **Special Rules Regarding Related Entities and Branches That Are Nonparticipating Financial Institutions.** If a South African Financial Institution, that otherwise meets the requirements described in paragraph 1 of this Article or is described in paragraph 3 or 4 of this Article, has a Related Entity or branch that operates in a jurisdiction that prevents such Related Entity or branch from fulfilling the requirements of a participating FFI or deemed-compliant FFI for purposes of section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code or has a Related Entity or branch that is treated as a Nonparticipating Financial Institution solely due to the expiration of the transitional rule for limited FFIs and limited branches under relevant U.S. Treasury Regulations, such South African Financial Institution shall continue to be in compliance with the terms of this Agreement and shall continue to be treated as a deemed-compliant FFI or exempt beneficial owner, as appropriate, for purposes of section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code, provided that:

a) the South African Financial Institution treats each such Related Entity or branch as a separate Nonparticipating Financial Institution for purposes of all the reporting and withholding requirements of this Agreement and each such Related Entity or branch identifies itself to withholding agents as a Nonparticipating Financial Institution;

b) each such Related Entity or branch identifies its U.S. accounts and reports the information with respect to those accounts as required under section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code to the extent permitted under the relevant laws pertaining to the Related Entity or branch; and

c) such Related Entity or branch does not specifically solicit U.S. accounts held by persons that are not resident in the jurisdiction where such Related Entity or branch is located or accounts held by Nonparticipating Financial Institutions that are not established in the jurisdiction where such Related Entity or branch is located, and such Related Entity or branch is not used by the South African Financial Institution or any other Related Entity to circumvent the obligations under this Agreement or under section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code, as appropriate.

6. **Coordination of Timing.** Notwithstanding paragraphs 3 and 5 of Article 3 of this Agreement:

a) South Africa shall not be obligated to obtain and exchange information with respect to a calendar year that is prior to the calendar year with respect to which similar information is required to be reported to the IRS by participating FFIs pursuant to relevant U.S. Treasury Regulations;

b) South Africa shall not be obligated to begin exchanging information prior to the date by which participating FFIs are required to report similar information to the IRS under relevant U.S. Treasury Regulations;

4. **<u>Identifisering en hantering van ander buitelandse finansiële instellings geag te voldoen en vrygestelde voordeeltrekkende eienaars</u>.** Die Verenigde State behandel elke nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling vir die doeleindes van artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code" as 'n buitelandse finansiële instelling geag te voldoen of as 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar, na gelang van die geval.

5. **<u>Spesiale reëls betreffende verwante entiteite en takke wat niedeelnemende finansiële instellings is</u>.** Indien 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling, wat andersins voldoen aan die vereistes uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Artikel of wat beskryf word in paragraaf 3 of 4 van hierdie Artikel, 'n verwante entiteit of tak het wat bedryf word in 'n jurisdiksie wat sodanige verwante entiteit of tak verhoed om te voldoen aan die vereistes van 'n deelnemende buitelandse finansiële instelling of buitelandse finansiële instelling geag te voldoen vir doeleindes van artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code" of 'n verwante entiteit of tak het wat behandel word as 'n niedeelnemende finansiële instelling bloot weens die verval van die oorgangsreël vir beperkte buitelandse finansiële instellings en beperkte takke kragtens toepaslike VSA-Tesourieregulasies, is sodanige Suid-Afrikaanse finansiële instelling steeds in voldoening aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms en word hy, vir doeleindes van artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code", steeds behandel as 'n buitelandse finansiële instelling geag te voldoen of 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar, na gelang van die geval: Met dien verstande dat:-

a) die Suid-Afrikaanse finansiële instelling elke sodanige verwante entiteit of tak, vir doeleindes van alle verslagdoenings- en terughoudingsvereistes van hierdie Ooreenkoms, behandel as 'n afsonderlike niedeelnemende finansiële instelling en elke sodanige verwante entiteit of tak hom aan terughoudingsagente as 'n niedeelnemende finansiële instelling identifiseer;

b) elke sodanige verwante entiteit of tak sy VSA-rekeninge identifiseer en die inligting met betrekking tot daardie rekeninge, soos vereis deur artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code", aanmeld in soverre dit kragtens die tersaaklike wette wat op die verwante entiteit of tak van toepassing is, toegelaat word; en

c) sodanige verwante entiteit of tak nie spesifiek VSA-rekeninge werf wat gehou word deur persone wat nie in die jurisdiksie waar sodanige verwante entiteit of tak geleë is woonagtig is nie of rekeninge werf wat gehou word deur niedeelnemende finansiële instellings wat nie in die jurisdiksie waar sodanige verwante entiteit of tak geleë is opgerig is nie, en sodanige verwante entiteit of tak nie deur die Suid-Afrikaanse finansiële instelling of enige ander verwante entiteit gebruik word om die verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms of ingevolge artikel 1471 van die "US Internal Revenue Code", na gelang van die geval, te omseil nie.

6. **<u>Tydkoördinering</u>.** Nieteenstaande paragraaf 3 en 5 van Artikel 3 van hierdie Ooreenkoms:-

a) is Suid-Afrika nie verplig om inligting te bekom en uit te ruil met betrekking tot 'n kalenderjaar wat voor die kalenderjaar is ten opsigte waarvan soortgelyke inligting ingevolge toepaslike VSA-Tesourieregulasies deur deelnemende buitelandse finansiële instellings by die IRS aangemeld moet word nie;

b) is Suid-Afrika nie verplig om inligting te begin uitruil voor die datum waarop deelnemende buitelandse finansiële instellings ingevolge relevante VSA-Tesourieregulasies soortgelyke inligting by die IRS moet aanmeld nie;

c) the United States shall not be obligated to obtain and exchange information with respect to a calendar year that is prior to the first calendar year with respect to which South Africa is required to obtain and exchange information; and

d) the United States shall not be obligated to begin exchanging information prior to the date by which South Africa is required to begin exchanging information.

7. Coordination of Definitions with U.S. Treasury Regulations. Notwithstanding Article 1 of this Agreement and the definitions provided in the Annexes to this Agreement, in implementing this Agreement, South Africa may use, and may permit South African Financial Institutions to use, a definition in relevant U.S. Treasury Regulations in lieu of a corresponding definition in this Agreement, provided that such application would not frustrate the purposes of this Agreement.

## ARTICLE 5

## COLLABORATION ON COMPLIANCE AND ENFORCEMENT

1. Minor and Administrative Errors. A Competent Authority shall notify the Competent Authority of the other Party when the first-mentioned Competent Authority has reason to believe that administrative errors or other minor errors may have led to incorrect or incomplete information reporting or resulted in other infringements of this Agreement. The Competent Authority of such other Party shall apply its domestic law (including applicable penalties) to obtain corrected and/or complete information or to resolve other infringements of this Agreement.

2. Significant Non-Compliance.

a) A Competent Authority shall notify the Competent Authority of the other Party when the first-mentioned Competent Authority has determined that there is significant non-compliance with the obligations under this Agreement with respect to a Reporting Financial Institution in the other jurisdiction. The Competent Authority of such other Party shall apply its domestic law (including applicable penalties) to address the significant non-compliance described in the notice.

b) If, in the case of a Reporting South African Financial Institution, such enforcement actions do not resolve the non-compliance within a period of 18 months after notification of significant non-compliance is first provided, the United States shall treat the Reporting South African Financial Institution as a Nonparticipating Financial Institution pursuant to this subparagraph 2(b).

3. Reliance on Third Party Service Providers. Each Party may allow Reporting Financial Institutions to use third party service providers to fulfill the obligations imposed on such Reporting Financial Institutions by a Party, as contemplated in this Agreement, but these obligations shall remain the responsibility of the Reporting Financial Institutions.

4. Prevention of Avoidance. The Parties shall implement as necessary requirements to prevent Financial Institutions from adopting practices intended to circumvent the reporting required under this Agreement.

c) is die Verenigde State nie verplig om inligting te bekom en uit te ruil met betrekking tot 'n kalenderjaar voor die eerste kalenderjaar ten opsigte waarvan Suid-Afrika inligting moet bekom en uitruil nie; en

d) is die Verenigde State nie verplig om inligting te begin uitruil voor die datum waarop Suid-Afrika inligting moet begin uitruil nie.

7. <u>Koördinering van woordomskrywing met VSA-Tesourieregulasies</u>. Nieteenstaande Artikel 1 van hierdie Ooreenkoms en die woordomskrywing bepaal in die Aanhangsels by hierdie Ooreenkoms, mag Suid-Afrika, by uitvoering van hierdie Ooreenkoms, 'n woordomskrywing in relevante VSA-Tesourieregulasies gebruik in plaas van 'n ooreenstemmende woordomskrywing in hierdie Ooreenkoms en mag hy Suid-Afrikaanse finansiële instellings toelaat om om dieselfde te doen, mits sodanige gebruik nie die doel van hierdie Ooreenkoms verydel nie.

## ARTIKEL 5

## SAMEWERKING MET BETREKKING TOT NAKOMING EN AFDWINGING

1. <u>Geringe en administratiewe foute</u>. 'n Bevoegde owerheid moet die bevoegde owerheid van die ander Party in kennis stel wanneer eersgenoemde bevoegde owerheid daarvan oortuig is dat administratiewe foute of ander geringe foute kon gelei het tot die aanmelding van foutiewe of onvolledige inligting of ander skendings van hierdie Ooreenkoms. Die bevoegde owerheid van die ander Party moet sy landsreg (ook toepaslike strawwe) toepas om die gekorrigeerde en/of volledige inligting te bekom of ander skendings van hierdie Ooreenkoms te besleg.

2. <u>Beduidende nienakoming</u>.

a) 'n Bevoegde owerheid moet die bevoegde owerheid van die ander Party in kennis stel indien eersgenoemde bevoegde owerheid vasgestel het dat daar beduidende nienakoming van die verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms is met betrekking tot 'n verslagdoenende finansiële instelling in die ander jurisdiksie. Die bevoegde owerheid van die ander Party moet sy landsreg (ook toepaslike strawwe) toepas om die beduidende nienakoming wat in die kennisgewing beskryf is, te hanteer.

b) Indien daardie afdwinghandelinge, in die geval van 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling, die nienakoming nie binne 'n tydperk van 18 maande besleg nadat kennis van beduidende nienakoming die eerste keer gegee is nie, moet die Verenigde State die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling ingevolge hierdie subparagraaf 2(b) as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel.

3. <u>Steun op derdepartydiensverskaffers</u>. Elke Party kan verslagdoenende finansiële instellings toelaat om derdepartydiensverskaffers te gebruik om die verpligtinge wat 'n Party sodanige verslagdoenende finansiële instellings opgelê het, soos in hierdie Ooreenkoms beoog, na te kom, maar die verpligtinge bly die verantwoordelikheid van die verslagdoenende finansiële instellings.

4. <u>Voorkoming van vermyding.</u> Die Partye moet soos nodig vereistes implementeer om finansiële instellings te verhoed om praktyke te aanvaar wat ten doel het om die verslagdoening wat ingevolge hierdie Ooreenkoms gedoen moet word, te omseil.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## ARTICLE 6

## MUTUAL COMMITMENT TO CONTINUE TO ENHANCE THE EFFECTIVENESS OF INFORMATION EXCHANGE AND TRANSPARENCY

1. **Reciprocity**. The Government of the United States acknowledges the need to achieve equivalent levels of reciprocal automatic information exchange with South Africa. The Government of the United States is committed to further improve transparency and enhance the exchange relationship with South Africa by pursuing the adoption of regulations and advocating and supporting relevant legislation to achieve such equivalent levels of reciprocal automatic information exchange.

2. **Treatment of Passthru Payments and Gross Proceeds**. The Parties are committed to work together, along with Partner Jurisdictions, to develop a practical and effective alternative approach to achieve the policy objectives of foreign passthru payment and gross proceeds withholding that minimizes burden.

3. **Development of Common Reporting and Exchange Model**. The Parties are committed to working with Partner Jurisdictions and the Organisation for Economic Co-operation and Development on adapting the terms of this Agreement and other agreements between the United States and Partner Jurisdictions to a common model for automatic exchange of information, including the development of reporting and due diligence standards for financial institutions.

4. **Documentation of Accounts Maintained as of June 30, 2014**. With respect to Reportable Accounts maintained by a Reporting Financial Institution as of June 30, 2014:

a) The United States commits to establish, by January 1, 2017, for reporting with respect to 2017 and subsequent years, rules requiring Reporting U.S. Financial Institutions to obtain and report the South African TIN of each Account Holder of a South African Reportable Account as required pursuant to subparagraph 2(b)(1) of Article 2 of this Agreement; and

b) South Africa commits to establish, by January 1, 2017, for reporting with respect to 2017 and subsequent years, rules requiring Reporting South African Financial Institutions to obtain the U.S. TIN of each Specified U.S. Person as required pursuant to subparagraph 2(a)(1) of Article 2 of this Agreement.

## ARTICLE 7

## CONSISTENCY IN THE APPLICATION OF FATCA TO PARTNER JURISDICTIONS

1. South Africa shall be granted the benefit of any more favorable terms under Article 4 or Annex I of this Agreement relating to the application of FATCA to South African Financial Institutions afforded to another Partner Jurisdiction under a signed bilateral agreement pursuant to which the other Partner Jurisdiction commits to undertake the same obligations as South Africa described in Articles 2 and 3 of this Agreement, and subject to the same terms and conditions as described therein and in Articles 5 through 9 of this Agreement.

## ARTIKEL 6

## WEDERSYDSE VERBINTENIS OM VOORT TE GAAN OM DIE DOELTREFFENDHEID VAN INLIGTINGSUITRUILING EN DEURSIGTIGHEID TE BEVORDER

1. **Wederkerigheid.** Die Regering van die Verenigde State van Amerika erken die behoefte om gelyke vlakke van wederkerige outomatiese inligtingsuitruiling met Suid-Afrika te bereik. Die Regering van die Verenigde State van Amerika is voorts daartoe verbind om deursigtigheid te bevorder en die uitruilverhouding met Suid-Afrika te versterk deur die uitvaardiging van regulasies na te streef en tersaaklike wetgewing te bepleit en te steun om sodanige gelyke vlakke van wederkerige outomatiese inligtingsuitruiling te bereik.

2. **Hantering van deurgangsbetalings en bruto opbrengste.** Die Partye is daartoe verbind om met mekaar en met vennootjurisdiksies saam te werk om 'n praktiese en doeltreffende alternatiewe benadering te ontwikkel om die beleidsoogmerke van buitelandse deurgangsbetaling en bruto-opbrengs- terughouding te bereik wat die las minimeer.

3. **Ontwikkeling van gemeenskaplike verslagdoenings- en uitruilmodel.** Die Partye is daartoe verbind om met vennootjurisdiksies en met die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OESO) saam te werk om die bepalings van hierdie Ooreenkoms en ander ooreenkomste tussen die Verenigde State en vennootjurisdiksies aan te pas by 'n gemeenskaplike model vir die outomatiese uitruiling van inligting, met inbegrip van die ontwikkeling van verslagdoenings- en omsigtigheidstandaarde vir finansiële instellings.

4. **Dokumentasie van rekeninge in stand gehou vanaf 30 Junie 2014.** Met betrekking tot aanmeldbare rekeninge wat vanaf 30 Junie 2014 deur 'n verslagdoenende finansiële instelling in stand gehou word:-

a) Verbind die Verenigde State hom daartoe om teen 1 Januarie 2017 reëls neer te lê vir verslagdoening ten opsigte van 2017 en daaropvolgende jare wat van verslagdoenende VSA- finansiële instellings vereis om die Suid-Afrikaanse BIN van elke rekeninghouer van 'n Suid-Afrikaanse aanmeldbare rekening te verkry en aan te meld soos ingevolge subparagraaf 2(b)(1) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms vereis; en

b) Verbind Suid-Afrika hom daartoe om teen 1 Januarie 2017 reëls neer te lê vir verslagdoening ten opsigte van 2017 en daaropvolgende jare wat van verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings vereis om die VSA-BIN van elke gespesifiseerde VSA-persoon te verkry soos ingevolge subparagraaf 2(a)(1) van Artikel 2 van hierdie Ooreenkoms vereis.

## ARTIKEL 7

## OOREENSTEMMING IN DIE TOEPASSING VAN FATCA OP VENNOOTJURISDIKSIES

1. Suid-Afrika moet die voordeel ondervind van enige gunstiger bepalings kragtens Artikel 4 of Aanhangsel I van hierdie Ooreenkoms betreffende die toepassing van FATCA op Suid-Afrikaanse finansiële instellings wat kragtens 'n ondertekende bilaterale ooreenkoms aan 'n ander vennootjurisdiksie verleen is, ingevolge waarvan die ander vennootjurisdiksie hom daartoe verbind om dieselfde verpligtinge as Suid-Afrika op hom te neem wat in Artikel 2 en 3 van hierdie Ooreenkoms beskryf word, en behoudens dieselfde bepalings en voorwaardes wat daarin en in Artikel 5 tot en met 9 van hierdie Ooreenkoms beskryf word.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

2. The United States shall notify South Africa of any such more favorable terms, and such more favorable terms shall apply automatically under this Agreement as if such terms were specified in this Agreement and effective as of the date of the signing of the agreement incorporating the more favorable terms, unless South Africa declines in writing the application thereof.

## ARTICLE 8

## CONSULTATIONS AND AMENDMENTS

1. In case any difficulties in the implementation of this Agreement arise, either Party may request consultations to develop appropriate measures to ensure the fulfillment of this Agreement.

2. This Agreement may be amended by written mutual agreement of the Parties. Unless otherwise agreed upon, such an amendment shall enter into force through the same procedures as set forth in paragraph 1 of Article 10 of this Agreement.

## ARTICLE 9

## ANNEXES

The Annexes form an integral part of this Agreement.

## ARTICLE 10

## TERM OF AGREEMENT

1. This Agreement shall enter into force on the date of South Africa's written notification to the United States that South Africa has completed its necessary internal procedures for entry into force of this Agreement.

2. Either Party may terminate this Agreement by giving notice of termination in writing to the other Party. Such termination shall become effective on the first day of the month following the expiration of a period of 12 months after the date of the notice of termination.

3. The Parties shall, prior to December 31, 2016, consult in good faith to amend this Agreement as necessary to reflect progress on the commitments set forth in Article 6 of this Agreement.

2. Die Verenigde State moet Suid-Afrika in kennis stel van enige sodanige gunstiger bepalings, en sodanige gunstiger bepalings is outomaties van toepassing ingevolge hierdie Ooreenkoms asof daardie bepalings in hierdie Ooreenkoms vermeld is, en is van krag vanaf die datum van die ondertekening van die Ooreenkoms wat die gunstiger bepalings vervat, tensy Suid-Afrika die toepassing daarvan skriftelik van die hand wys.

## ARTIKEL 8

## OORLEGPLEGING EN WYSIGINGS

1. Indien enige probleme met die implementering van hierdie Ooreenkoms ontstaan, kan enigeen van die Partye oorlegpleging versoek om geskikte maatreëls te ontwikkel om nakoming van hierdie Ooreenkoms te verseker.

2. Hierdie Ooreenkoms kan gewysig word by skriftelike onderlinge ooreenkoms tussen die Partye. Tensy anders ooreengekom, tree sodanige wysiging in werking deur dieselfde prosedures soos uiteengesit in paragraaf 1 van Artikel 10 van hierdie Ooreenkoms.

## ARTIKEL 9

## AANHANGSELS

Die Aanhangsels maak 'n integrale deel uit van hierdie Ooreenkoms.

## ARTIKEL 10

## DUUR VAN OOREENKOMS

1. Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum van Suid-Afrika se skriftelike kennisgewing aan die Verenigde State van Amerika dat Suid-Afrika sy nodige interne prosedures vir inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms afgehandel het.

2. Elk van die Partye kan hierdie Ooreenkoms beëindig deur aan die ander Party skriftelik kennis van beëindiging te gee. Sodanige beëindiging is van krag op die eerste dag van die maand wat volg op die verstryking van 'n tydperk van 12 maande na die datum van kennisgewing van beëindiging.

3. Die Partye moet voor 31 Desember 2016 in goeie trou met mekaar oorleg pleeg om hierdie Ooreenkoms soos nodig te wysig om die vordering met betrekking tot die verpligtinge in Artikel 6 van hierdie Ooreenkoms uiteengesit, weer te gee.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**IN WITNESS WHEREOF**, the undersigned, being duly authorized thereto by their respective Governments, have signed this Agreement.

**DONE** at Pretoria, in duplicate, in the English language, this 9th day of June 2014.

| | |
|---|---|
| **FOR THE GOVERNMENT OF THE OF SOUTH AFRICA:** | **FOR THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC UNITED STATES OF AMERICA:** |

**TEN BEWYSE WAARVAN** die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig deur hulle onderskeie Regerings, hierdie Ooreenkoms onderteken het.

**GEDOEN** te Pretoria, in tweevoud, in die Engelse taal, op die 9de dag van Junie 2014.

**VIR DIE REGERING VAN DIE SUID-AFRIKA:**

**VIR DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

# ANNEX I

## DUE DILIGENCE OBLIGATIONS FOR IDENTIFYING AND REPORTING ON U.S. REPORTABLE ACCOUNTS AND ON PAYMENTS TO CERTAIN NONPARTICIPATING FINANCIAL INSTITUTIONS

I. **General**.

A. South Africa shall require that Reporting South African Financial Institutions apply the due diligence procedures contained in this Annex I to identify U.S. Reportable Accounts and accounts held by Nonparticipating Financial Institutions.

B. For purposes of the Agreement,

1. All dollar amounts are in U.S. dollars and shall be read to include the equivalent in other currencies.

2. Except as otherwise provided herein, the balance or value of an account shall be determined as of the last day of the calendar year or other appropriate reporting period.

3. Where a balance or value threshold is to be determined as of June 30, 2014 under this Annex I, the relevant balance or value shall be determined as of that day or the last day of the reporting period ending immediately before June 30, 2014, and where a balance or value threshold is to be determined as of the last day of a calendar year under this Annex I, the relevant balance or value shall be determined as of the last day of the calendar year or other appropriate reporting period.

4. Subject to subparagraph E(1) of section II of this Annex I, an account shall be treated as a U.S. Reportable Account beginning as of the date it is identified as such pursuant to the due diligence procedures in this Annex I.

5. Unless otherwise provided, information with respect to a U.S. Reportable Account shall be reported annually in the calendar year following the year to which the information relates.

C. As an alternative to the procedures described in each section of this Annex I, South Africa may permit Reporting South African Financial Institutions to rely on the procedures described in relevant U.S. Treasury Regulations to establish whether an account is a U.S. Reportable Account or an account held by a Nonparticipating Financial Institution. South Africa may permit Reporting South African Financial Institutions to make such election separately for each section of this Annex I either with respect to all relevant Financial Accounts or, separately, with respect to any clearly identified group of such accounts (such as by line of business or the location of where the account is maintained).

## AANHANGSEL I

## OMSIGTIGHEIDSVERPLIGTINGE VIR IDENTIFISERING VAN EN VERSLAGDOENING OOR AANMELDBARE VSA-REKENINGE EN OOR BETALINGS AAN SEKERE NIEDEELNEMENDE FINANSIËLE INSTELLINGS

I. <u>Algemeen</u>

A. Suid-Afrika moet vereis dat verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings die omsigtigheidsprosedures toepas wat in hierdie Aanhangsel I vervat is om aanmeldbare VSA-rekeninge en rekeninge gehou deur niedeelnemende finansiële instellings te identifiseer.

B. Vir doeleindes van die Ooreenkoms:

1. Alle dollarbedrae is in VSA-dollar en word so vertolk dat dit die ekwivalent in ander geldeenhede insluit.

2. Uitgesonderd soos hieronder anders bepaal, word die saldo of waarde van 'n rekening bepaal soos op die laaste dag van die kalenderjaar of ander geskikte verslagtydperk.

3. Waar 'n saldo- of waardedrempel soos op 30 Junie 2014 ingevolge hierdie Aanhangsel I bepaal moet word, moet die tersaaklike saldo of waarde bepaal word soos op daardie dag of die laaste dag van die verslagtydperk wat onmiddellik voor 30 Junie 2014 eindig, en waar 'n saldo- of waardedrempel soos op die laaste dag van 'n kalenderjaar ingevolge hierdie Aanhangsel I bepaal moet word, moet die tersaaklike saldo of waarde bepaal word soos op die laaste dag van die kalenderjaar of ander geskikte verslagtydperk.

4. Behoudens subparagraaf E(1) van afdeling II van hierdie Aanhangsel I moet 'n rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel word beginnende op die datum waarop dit as sodanig geïdentifiseer is ooreenkomstig die omsigtigheidsprosedures in hierdie Aanhangsel I.

5. Tensy anders bepaal word, moet inligting met betrekking tot 'n aanmeldbare VSA-rekening jaarliks aangemeld word in die kalenderjaar wat volg op die jaar waarop die inligting betrekking het.

C. As 'n alternatief vir die prosedures wat in elke afdeling van hierdie Aanhangsel I beskryf word, kan Suid-Afrika verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings toelaat om op die prosedures wat in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies beskryf word, staat te maak om vas te stel of 'n rekening 'n aanmeldbare VSA-rekening of 'n rekening gehou deur 'n niedeelnemende finansiële instelling is. Suid-Afrika kan verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings toelaat om sodanige besluit te neem afsonderlik vir elke afdeling van hierdie Aanhangsel I hetsy ten opsigte van alle tersaaklike finansiële rekeninge of, afsonderlik, ten opsigte van enige duidelik geïdentifiseerde groep sulke rekeninge (soos volgens lyn van besigheid of die ligging waar die rekening in stand gehou word).

II. **Preexisting Individual Accounts**. The following rules and procedures apply for purposes of identifying U.S. Reportable Accounts among Preexisting Accounts held by individuals ("Preexisting Individual Accounts").

A. **Accounts Not Required to Be Reviewed, Identified, or Reported**. Unless the Reporting South African Financial Institution elects otherwise, either with respect to all Preexisting Individual Accounts or, separately, with respect to any clearly identified group of such accounts, where the implementing rules in South Africa provide for such an election, the following Preexisting Individual Accounts are not required to be reviewed, identified, or reported as U.S. Reportable Accounts:

1. Subject to subparagraph E(2) of this section, a Preexisting Individual Account with a balance or value that does not exceed $50,000 as of June 30, 2014.

2. Subject to subparagraph E(2) of this section, a Preexisting Individual Account that is a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract with a balance or value of $250,000 or less as of June 30, 2014.

3. A Preexisting Individual Account that is a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract, provided the law or regulations of South Africa or the United States effectively prevent the sale of such a Cash Value Insurance Contract or an Annuity Contract to U.S. residents (*e.g.*, if the relevant Financial Institution does not have the required registration under U.S. law, and the law of South Africa requires reporting or withholding with respect to insurance products held by residents of South Africa).

4. A Depository Account with a balance of $50,000 or less.

B. **Review Procedures for Preexisting Individual Accounts With a Balance or Value as of June 30, 2014, that Exceeds $50,000 ($250,000 for a Cash Value Insurance Contract or Annuity Contract), But Does Not Exceed $1,000,000 ("Lower Value Accounts")**.

1. **Electronic Record Search**. The Reporting South African Financial Institution must review electronically searchable data maintained by the Reporting South African Financial Institution for any of the following U.S. indicia:

a) Identification of the Account Holder as a U.S. citizen or resident;

b) Unambiguous indication of a U.S. place of birth;

c) Current U.S. mailing or residence address (including a U.S. post office box);

d) Current U.S. telephone number;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

II. **Voorafbestaande individuele rekeninge**. Die volgende reëls en prosedures is van toepassing vir doeleindes van die identifisering van aanmeldbare VSA-rekeninge onder voorafbestaande rekeninge wat deur individue gehou word ("voorafbestaande individuele rekeninge").

A. **Rekeninge wat nie gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld hoef te word nie**. Tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling anders besluit, hetsy ten opsigte van alle voorafbestaande individuele rekeninge of, afsonderlik, ten opsigte van enige duidelik geïdentifiseerde groep sulke rekeninge, waar die implementeringsreëls in Suid-Afrika vir sodanige besluit voorsiening maak, hoef die volgende voorafbestaande individuele rekeninge nie as aanmeldbare VSA-rekeninge gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld te word nie:

1. Behoudens subparagraaf E(2) van hierdie afdeling, 'n voorafbestaande individuele rekening met 'n saldo of waarde van hoogstens $50 000 soos op 30 Junie 2014.

2. Behoudens subparagraaf E(2) van hierdie afdeling, 'n voorafbestaande individuele rekening wat 'n kontantwaardeversekeringskontrak of 'n annuïteitskontrak is met 'n saldo of waarde van $250 000 of minder soos op 30 Junie 2014.

3. 'n Voorafbestaande individuele rekening wat 'n kontantwaarde-versekeringskontrak of 'n annuïteitskontrak is: Met dien verstande dat die reg of regulasies van Suid-Afrika of die Verenigde State die verkoop van so 'n kontantwaardeversekeringskontrak of annuïteitskontrak aan VSA-inwoners in effek voorkom (bv. as die tersaaklike finansiële instelling nie die vereiste registrasie ingevolge die VSA-reg het nie en die Suid-Afrikaanse reg verslagdoening of terughouding vereis met betrekking tot versekeringsprodukte wat deur inwoners van Suid-Afrika gehou word).

4. 'n Depositorekening met 'n saldo van $50 000 of minder.

B. **Kontroleringsprosedures vir voorafbestaande individuele rekeninge met 'n saldo of waarde soos op 30 Junie 2014 van meer as $50 000 ($250 000 vir 'n kontantwaardeversekeringskontrak of annuïteitskontrak) maar hoogstens $1 000 000 ("laerwaarderekeninge")**.

1. **Elektroniese rekordsoektog**. Die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling moet elektronies soekbare data wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling bygehou word, kontroleer vir enige van die volgende VSA-aanwysers:

a) Identifisering van die rekeninghouer as 'n VSA-burger of -inwoner;

b) ondubbelsinnige aanduiding van 'n VSA-geboorteplek;

c) huidige VSA-posadres of -woonadres (insluitende 'n VSA-posbus);

d) huidige VSA-telefoonnommer;

e) Standing instructions to transfer funds to an account maintained in the United States;

f) Currently effective power of attorney or signatory authority granted to a person with a U.S. address; or

g) An "in-care-of" or "hold mail" address that is the ***sole*** address the Reporting South African Financial Institution has on file for the Account Holder. In the case of a Preexisting Individual Account that is a Lower Value Account, an "in-care-of" address outside the United States or "hold mail" address shall not be treated as U.S. indicia.

2. If none of the U.S. indicia listed in subparagraph B(1) of this section are discovered in the electronic search, then no further action is required until there is a change in circumstances that results in one or more U.S. indicia being associated with the account, or the account becomes a High Value Account described in paragraph D of this section.

3. If any of the U.S. indicia listed in subparagraph B(1) of this section are discovered in the electronic search, or if there is a change in circumstances that results in one or more U.S. indicia being associated with the account, then the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account unless it elects to apply subparagraph B(4) of this section and one of the exceptions in such subparagraph applies with respect to that account.

4. Notwithstanding a finding of U.S. indicia under subparagraph B(1) of this section, a Reporting South African Financial Institution is not required to treat an account as a U.S. Reportable Account if:

a) Where the Account Holder information unambiguously indicates a ***U.S. place of birth***, the Reporting South African Financial Institution obtains, or has previously reviewed and maintains a record of:

(1) A self-certification that the Account Holder is neither a U.S. citizen nor a U.S. resident for tax purposes (which may be on an IRS Form W-8 or other similar agreed form);

(2) A non-U.S. passport or other government-issued identification evidencing the Account Holder's citizenship or nationality in a country other than the United States; ***and***

e) staande instruksies om fondse oor te plaas na 'n rekening wat in die Verenigde State van Amerika gehou word;

f) tans geldige volmag of tekenmagtiging wat aan 'n persoon met 'n VSA-adres verleen is; of

g) 'n "in sorg van"- of "poste restante"-adres wat die ***enigste*** adres is wat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling vir die rekeninghouer op lêer het. In die geval van 'n voorafbestaande individuele rekening wat 'n laerwaarderekening is, mag 'n "in sorg van"-adres buite die Verenigde State van Amerika of 'n "poste restante"-adres nie as VSA-aanwysers behandel word nie.

2. Indien nie een van die VSA-aanwysers wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling gemeld word, in die elektroniese soektog gekry word nie, word geen verdere optrede vereis nie totdat daar 'n verandering in omstandighede is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers met die rekening geassosieer word, of die rekening 'n hoëwaarderekening word soos in paragraaf D van hierdie afdeling beskryf.

3. Indien enige van die VSA-aanwysers wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling vermeld word, in die elektroniese soektog gekry word, of indien daar 'n verandering in omstandighede is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers met die rekening geassosieer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel tensy hy besluit om subparagraaf B(4) van hierdie afdeling toe te pas en een van die uitsonderings in sodanige subparagraaf ten opsigte van daardie rekening van toepassing is.

4. Al word VSA-aanwysers ingevolge subparagraaf B(1) van hierdie afdeling gekry, is 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nie verplig om 'n rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening te behandel nie indien:

a) waar die rekeninghouerinligting ondubbelsinnig 'n ***VSA-geboorteplek*** aandui, die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die volgende verkry, of voorheen gekontroleer het en 'n rekord byhou van:

(1) 'n selfsertifisering dat die rekeninghouer nóg 'n VSA-burger nóg 'n VSA-inwoner is vir belastingdoeleindes (wat op 'n IRS-vorm W-8 of ander soortgelyke ooreengekome vorm kan wees);

(2) 'n nie-VSA-paspoort of ander identifikasie deur die regering uitgereik wat die rekeninghouer se burgerskap of nasionaliteit in 'n ander land as die Verenigde State van Amerika toon; ***en***

(3) A copy of the Account Holder's Certificate of Loss of Nationality of the United States or a reasonable explanation of:

(a) The reason the Account Holder does not have such a certificate despite relinquishing U.S. citizenship; ***or***
(b) The reason the Account Holder did not obtain U.S. citizenship at birth.

b) Where the Account Holder information contains a ***current U.S. mailing or residence address, or one or more U.S. telephone numbers that are the only telephone numbers associated with the account***, the Reporting South African Financial Institution obtains, or has previously reviewed and maintains a record of:

(1) A self-certification that the Account Holder is neither a U.S. citizen nor a U.S. resident for tax purposes (which may be on an IRS Form W-8 or other similar agreed form); ***and***

(2) Documentary evidence, as defined in paragraph D of section VI of this Annex I, establishing the Account Holder's non-U.S. status.

c) Where the Account Holder information contains ***standing instructions to transfer funds to an account maintained in the United States***, the Reporting South African Financial Institution obtains, or has previously reviewed and maintains a record of:

(1) A self-certification that the Account Holder is neither a U.S. citizen nor a U.S. resident for tax purposes (which may be on an IRS Form W-8 or other similar agreed form); ***and***

(2) Documentary evidence, as defined in paragraph D of section VI of this Annex I, establishing the Account Holder's non-U.S. status.

(3) 'n afskrif van die rekeninghouer se sertifikaat van verlies van nasionaliteit van die Verenigde State van Amerika of 'n redelike verduideliking van:-

(a) die rede waarom die rekeninghouer nie so 'n sertifikaat het nie ondanks die prysgawe van VSA-burgerskap; ***of***

(b) die rede waarom die rekeninghouer nie by geboorte VSA-burgerskap gekry het nie;

b) waar die rekeninghouerinligting 'n ***huidige VSA-posadres of -woonadres bevat, of een of meer VSA-telefoonnommers wat die enigste telefoonnommers is wat met die rekening verband hou***, die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die volgende verkry, of voorheen gekontroleer het en 'n rekord byhou van:

(1) 'n selfsertifisering dat die rekeninghouer nóg 'n VSA-burger nóg 'n VSA-inwoner is vir belastingdoeleindes (wat op 'n IRS-vorm W-8 of ander soortgelyke ooreengekome vorm kan wees); ***en***

(2) dokumentêre bewys, soos in paragraaf D van afdeling VI van hierdie Aanhangsel I omskryf, wat die rekeninghouer se nie-VSA-status bevestig;

c) waar die rekeninghouerinligting ***staande instruksies bevat om fondse oor te plaas na 'n rekening wat in die Verenigde State van Amerika in stand gehou word***, die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die volgende verkry, of voorheen gekontroleer het en 'n rekord byhou van:

(1) 'n selfsertifisering dat die rekeninghouer nóg 'n VSA-burger nóg 'n VSA-inwoner is vir belastingdoeleindes (wat op 'n IRS-vorm W-8 of ander soortgelyke ooreengekome vorm kan wees); ***en***

(2) dokumentêre bewys, soos in paragraaf D van afdeling VI van hierdie Aanhangsel I omskryf, wat die rekeninghouer se nie-VSA-status vasstel;

d) Where the Account Holder information contains ***a currently effective power of attorney or signatory authority granted to a person with a U.S. address, has an "in-care-of" address or "hold mail" address that is the sole address identified for the Account Holder, or has one or more U.S. telephone numbers (if a non-U.S. telephone number is also associated with the account)***, the Reporting South African Financial Institution obtains, or has previously reviewed and maintains a record of:

(1) A self-certification that the Account Holder is neither a U.S. citizen nor a U.S. resident for tax purposes (which may be on an IRS Form W-8 or other similar agreed form); ***or***

(2) Documentary evidence, as defined in paragraph D of section VI of this Annex I, establishing the Account Holder's non-U.S. status.

C. Additional Procedures Applicable to Preexisting Individual Accounts That Are Lower Value Accounts.

1. Review of Preexisting Individual Accounts that are Lower Value Accounts for U.S. indicia must be completed by June 30, 2016.

2. If there is a change of circumstances with respect to a Preexisting Individual Account that is a Lower Value Account that results in one or more U.S. indicia described in subparagraph B(1) of this section being associated with the account, then the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account unless subparagraph B(4) of this section applies.

3. Except for Depository Accounts described in subparagraph A(4) of this section, any Preexisting Individual Account that has been identified as a U.S. Reportable Account under this section shall be treated as a U.S. Reportable Account in all subsequent years, unless the Account Holder ceases to be a Specified U.S. Person.

D. Enhanced Review Procedures for Preexisting Individual Accounts With a Balance or Value That Exceeds $1,000,000 as of June 30, 2014, or December 31 of 2015 or Any Subsequent Year ("High Value Accounts").

1. Electronic Record Search. The Reporting South African Financial Institution must review electronically searchable data maintained by the Reporting South African Financial Institution for any of the U.S. indicia described in subparagraph B(1) of this section.

d) waar die rekeninghouerinligting ***'n tans geldige volmag of tekenmagtiging bevat wat verleen is aan 'n persoon met 'n VSA-adres of 'n "in sorg van"-adres of "poste restante"-adres het wat die enigste adres is wat vir die rekeninghouer geïdentifiseer is of een of meer VSA-telefoonnommers het (as 'n nie-VSA-telefoonnommer ook met die rekening geassosieer word),*** die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die volgende verkry, of voorheen gekontroleer het en 'n rekord byhou van:

(1) 'n selfsertifisering dat die rekeninghouer nóg 'n VSA-burger nóg 'n VSA-inwoner is vir belastingdoeleindes (wat op 'n IRS-vorm W-8 of ander soortgelyke ooreengekome vorm kan wees); ***of***

(2) dokumentêre bewys, soos in paragraaf D van afdeling VI van hierdie Aanhangsel I omskryf, wat die rekeninghouer se nie-VSA-status vasstel.

C. **Bykomende prosedures van toepassing op voorafbestaande individuele rekeninge wat laerwaarderekeninge is**

1. Die kontrolering van voorafbestaande individuele rekeninge wat laerwaarderekeninge vir VSA-aanwysers is, moet teen 30 Junie 2016 voltooi word.

2. Indien daar 'n verandering van omstandighede is met betrekking tot 'n voorafbestaande individuele rekening wat 'n laerwaarderekening is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling beskryf word, met die rekening geassosieer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel, tensy subparagraaf B(4) van hierdie afdeling van toepassing is.

3. Met uitsondering van depositorekeninge wat in subparagraaf A(4) van hierdie afdeling beskryf word, moet enige voorafbestaande individuele rekening wat ingevolge hierdie afdeling as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer is, in alle daaropvolgende jare as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel word, tensy die rekeninghouer ophou om 'n gespesifiseerde VSA-persoon te wees.

D. **Verbeterde kontroleringsprosedures vir voorafbestaande individuele rekeninge met 'n saldo of waarde van meer as $1 000 000 soos op 30 Junie 2014, of 31 Desember van 2015 of enige daaropvolgende jaar ("hoëwaarderekeninge")**

1. **Elektroniese rekordsoektog.** Die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling moet elektronies soekbare data kontroleer wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling bygehou word vir enige van die VSA-aanwysers wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling beskryf word.

2. **Paper Record Search**. If the Reporting South African Financial Institution's electronically searchable databases include fields for, and capture all of the information described in, subparagraph D(3) of this section, then no further paper record search is required. If the electronic databases do not capture all of this information, then with respect to a High Value Account, the Reporting South African Financial Institution must also review the current customer master file and, to the extent not contained in the current customer master file, the following documents associated with the account and obtained by the Reporting South African Financial Institution within the last five years for any of the U.S. indicia described in subparagraph B(1) of this section:

a) The most recent documentary evidence collected with respect to the account;

b) The most recent account opening contract or documentation;

c) The most recent documentation obtained by the Reporting South African Financial Institution pursuant to AML/KYC Procedures or for other regulatory purposes;

d) Any power of attorney or signature authority forms currently in effect; and

e) Any standing instructions to transfer funds currently in effect.

3. **Exception Where Databases Contain Sufficient Information**. A Reporting South African Financial Institution is not required to perform the paper record search described in subparagraph D(2) of this section if the Reporting South African Financial Institution's electronically searchable information includes the following:

a) The Account Holder's nationality or residence status;

b) The Account Holder's residence address and mailing address currently on file with the Reporting South African Financial Institution;

c) The Account Holder's telephone number(s) currently on file, if any, with the Reporting South African Financial Institution;

d) Whether there are standing instructions to transfer funds in the account to another account (including an account at another branch of the Reporting South African Financial Institution or another Financial Institution);

e) Whether there is a current "in-care-of" address or "hold mail" address for the Account Holder; *and*

f) Whether there is any power of attorney or signatory authority for the account.

2. <u>**Papierrekordsoektog**</u>. Indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling se elektronies soekbare databasisse velde insluit vir, en al die inligting vaslê, wat in subparagraaf D(3) van hierdie afdeling beskryf word, word geen verdere papierrekordsoek vereis nie. Indien die elektroniese databasisse nie al hierdie inligting vaslê nie, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling, ten opsigte van 'n hoëwaarderekening, ook die huidige kliëntmeesterlêer en, in soverre dit nie in die huidige kliëntmeesterlêer vervat is nie, die volgende dokumente wat met die rekening geassosieer word en in die afgelope vyf jaar deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling verkry is, kontroleer vir enige van die VSA-aanwysers wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling beskryf word:

a) Die jongste dokumentêre bewyse wat ten opsigte van die rekening versamel is;

b) die jongste kontrak of dokumentasie vir die opening van 'n rekening;

c) die jongste dokumentasie wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling verkry is ooreenkomstig die teengeldwassery- of ken-jou-kliënt-prosedures ("AML/KYC-prosedures") of vir ander reguleringsdoeleindes;

d) enige volmag- of tekenmagtigingsvorms wat tans geldig is; en

e) enige staande instruksies om fondse oor te plaas wat tans geldig is.

3. <u>**Uitsondering waar databasisse voldoende inligting bevat.**</u> 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling hoef nie die papierrekordsoektog wat in subparagraaf D(2) van hierdie afdeling beskryf word, te doen nie indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling se elektronies soekbare inligting die volgende insluit:

a) Die rekeninghouer se nasionaliteit of inwonerstatus;

b) die rekeninghouer se woonadres en posadres wat tans op lêer is by die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling;

c) die rekeninghouer se telefoonnommer(s) wat tans op lêer is, as daar is, by die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling;

d) of daar staande instruksies is om fondse in die rekening oor te plaas na 'n ander rekening (insluitende 'n rekening by 'n ander tak van die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n ander finansiële instelling);

e) of daar 'n geldige "in sorg van"-adres of "poste restante"-adres vir die rekeninghouer is; *en*

f) of daar enige volmag of tekenmagtiging vir die rekening is.

4. **Relationship Manager Inquiry for Actual Knowledge.** In addition to the electronic and paper record searches described above, the Reporting South African Financial Institution must treat as a U.S. Reportable Account any High Value Account assigned to a relationship manager (including any Financial Accounts aggregated with such High Value Account) if the relationship manager has actual knowledge that the Account Holder is a Specified U.S. Person.

5. **Effect of Finding U.S. Indicia.**

a) If none of the U.S. indicia listed in subparagraph B(1) of this section are discovered in the enhanced review of High Value Accounts described above, and the account is not identified as held by a Specified U.S. Person in subparagraph D(4) of this section, then no further action is required until there is a change in circumstances that results in one or more U.S. indicia being associated with the account.

b) If any of the U.S. indicia listed in subparagraph B(1) of this section are discovered in the enhanced review of High Value Accounts described above, or if there is a subsequent change in circumstances that results in one or more U.S. indicia being associated with the account, then the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account unless it elects to apply subparagraph B(4) of this section and one of the exceptions in such subparagraph applies with respect to that account.

c) Except for Depository Accounts described in subparagraph A(4) of this section, any Preexisting Individual Account that has been identified as a U.S. Reportable Account under this section shall be treated as a U.S. Reportable Account in all subsequent years, unless the Account Holder ceases to be a Specified U.S. Person.

E. **Additional Procedures Applicable to High Value Accounts.**

1. If a Preexisting Individual Account is a High Value Account as of June 30, 2014, the Reporting South African Financial Institution must complete the enhanced review procedures described in paragraph D of this section with respect to such account by June 30, 2015. If based on this review such account is identified as a U.S. Reportable Account on or before December 31, 2014, the Reporting South African Financial Institution must report the required information about such account with respect to 2014 in the first report on the account and on an annual basis thereafter. In the case of an account identified as a U.S. Reportable Account after December 31, 2014 and on or before June 30, 2015, the Reporting South African Financial Institution is not required to report information about such account with respect to 2014, but must report information about the account on an annual basis thereafter.

4. **Verhoudingbestuurdersondersoek vir werklike kennis.** Benewens die elektroniese en papierrekordsoektogte hierbo beskryf, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling enige hoëwaarderekening wat aan 'n verhoudingbestuurder opgedra is (insluitende enige finansiële rekeninge saamgevoeg met sodanige hoëwaarderekening) as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel indien die verhoudingbestuurder werklike kennis het dat die rekeninghouer 'n gespesifiseerde VSA-persoon is.

5. **Gevolge as VSA-aanwysers gekry word**

a) Indien geen van die VSA-aanwysers in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling vermeld, gekry word nie in die verbeterde kontrolering van hoëwaarderekeninge hierbo beskryf, en die rekening nie geïdentifiseer is as gehou deur 'n gespesifiseerde VSA-persoon in subparagraaf D(4) van hierdie afdeling nie, word geen verdere optrede vereis nie totdat daar 'n verandering in omstandighede is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers met die rekening geassosieer word.

b) Indien enige van die VSA-aanwysers in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling vermeld, gekry word in die verbeterde kontrolering van hoëwaarderekeninge hierbo beskryf, of indien daar 'n latere verandering in omstandighede is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers met die rekening geassosieer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel, tensy hy besluit om subparagraaf B(4) van hierdie afdeling toe te pas, en een van die uitsonderings in sodanige paragraaf ten opsigte van daardie rekening van toepassing is.

c) Uitgesonderd depositorekeninge in subparagraaf A(4) van hierdie afdeling beskryf, moet enige voorafbestaande individuele rekening wat ingevolge hierdie afdeling as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer is, in alle daaropvolgende jare as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel word, tensy die rekeninghouer ophou om 'n gespesifiseerde VSA-persoon te wees.

E. **Bykomende prosedures van toepassing op hoëwaarderekeninge**

1. Indien 'n voorafbestaande individuele rekening 'n hoëwaarderekening is soos op 30 Junie 2014, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die verbeterde kontroleringsprosedures wat in paragraaf D van hierdie afdeling beskryf word, teen 30 Junie 2015 voltooi ten opsigte van sodanige rekening. Indien sodanige rekening op grond van hierdie kontrolering voor of op 31 Desember 2014 as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die vereiste inligting oor sodanige rekening ten opsigte van 2014 in die eerste verslag oor die rekening verstrek en daarna op 'n jaarlikse basis. In die geval van 'n rekening wat ná 31 Desember 2014 en voor of op 30 Junie 2015 as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer is, hoef die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nie inligting oor sodanige rekening ten opsigte van 2014 aan te meld nie, maar moet hy inligting oor die rekening daarna op 'n jaarlikse basis aanmeld.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

2. If a Preexisting Individual Account is not a High Value Account as of June 30, 2014, but becomes a High Value Account as of the last day of 2015 or any subsequent calendar year, the Reporting South African Financial Institution must complete the enhanced review procedures described in paragraph D of this section with respect to such account within six months after the last day of the calendar year in which the account becomes a High Value Account. If based on this review such account is identified as a U.S. Reportable Account, the Reporting South African Financial Institution must report the required information about such account with respect to the year in which it is identified as a U.S. Reportable Account and subsequent years on an annual basis, unless the Account Holder ceases to be a Specified U.S. Person.

3. Once a Reporting South African Financial Institution applies the enhanced review procedures described in paragraph D of this section to a High Value Account, the Reporting South African Financial Institution is not required to re-apply such procedures, other than the relationship manager inquiry described in subparagraph D(4) of this section, to the same High Value Account in any subsequent year.

4. If there is a change of circumstances with respect to a High Value Account that results in one or more U.S. indicia described in subparagraph B(1) of this section being associated with the account, then the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account unless it elects to apply subparagraph B(4) of this section and one of the exceptions in such subparagraph applies with respect to that account.

5. A Reporting South African Financial Institution must implement procedures to ensure that a relationship manager identifies any change in circumstances of an account. For example, if a relationship manager is notified that the Account Holder has a new mailing address in the United States, the Reporting South African Financial Institution is required to treat the new address as a change in circumstances and, if it elects to apply subparagraph B(4) of this section, is required to obtain the appropriate documentation from the Account Holder.

F. Preexisting Individual Accounts That Have Been Documented for Certain Other Purposes. A Reporting South African Financial Institution that has previously obtained documentation from an Account Holder to establish the Account Holder's status as neither a U.S. citizen nor a U.S. resident in order to meet its obligations under a qualified intermediary, withholding foreign partnership, or withholding foreign trust agreement with the IRS, or to fulfill its obligations under chapter 61 of Title 26 of the United States Code, is not required to perform the procedures described in subparagraph B(1) of this section with respect to Lower Value Accounts or subparagraphs D(1) through D(3) of this section with respect to High Value Accounts.

2. Indien 'n voorafbestaande individuele rekening op 30 Junie 2014 nie 'n hoëwaarderekening is nie maar 'n hoëwaarderekening word soos op die laaste dag van 2015 of van enige daaropvolgende kalenderjaar, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die verbeterde kontroleringsprosedures in paragraaf D van hierdie afdeling beskryf, ten opsigte van sodanige rekening voltooi binne ses maande na die laaste dag van die kalenderjaar waarin die rekening 'n hoëwaarderekening word. Indien sodanige rekening op grond van hierdie kontrolering as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die vereiste inligting oor sodanige rekening ten opsigte van die jaar waarin dit as 'n aanmeldbare VSA-rekening geïdentifiseer is en in daaropvolgende jare op 'n jaarlikse basis aanmeld, tensy die rekeninghouer ophou om 'n gespesifiseerde VSA-persoon te wees.

3. Wanneer 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die verbeterde kontroleringsprosedures in paragraaf D van hierdie afdeling beskryf, op 'n hoëwaarderekening toepas, hoef die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nie sodanige prosedures, uitgesonderd die verhoudingbestuurdersondersoek in subparagraaf D(4) van hierdie afdeling beskryf, in enige daaropvolgende jaar weer op dieselfde hoëwaarderekening toe te pas nie.

4. Indien daar 'n verandering in omstandighede ten opsigte van 'n hoëwaarderekening is wat daartoe lei dat een of meer VSA-aanwysers in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling beskryf, met die rekening geassosieer word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel tensy hy besluit om subparagraaf B(4) van hierdie afdeling toe te pas, en een van die uitsonderings in sodanige subparagraaf ten opsigte van daardie rekening van toepassing is.

5. 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling moet prosedures implementeer om te verseker dat 'n verhoudingbestuurder enige verandering in omstandighede van 'n rekening identifiseer. Byvoorbeeld, indien 'n verhoudingbestuurder in kennis gestel word dat die rekeninghouer 'n nuwe posadres in die Verenigde State het, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die nuwe adres as 'n verandering in omstandighede behandel en indien hy besluit om subparagraaf B(4) van hierdie afdeling toe te pas, moet hy die gepaste dokumentasie van die rekeninghouer verkry.

F. <u>Voorafbestaande individuele rekeninge wat vir sekere ander doeleindes gedokumenteer is.</u> 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat voorheen dokumentasie van 'n rekeninghouer gekry het om die rekeninghouer se status as nóg 'n VSA-burger nóg 'n VSA-inwoner vas te stel ten einde sy verpligtinge ingevolge 'n gekwalifiseerde tussenganger, buitelandse terughoudingsvennootskap, of buitelandse terughoudingstrustooreenkoms met die IRS na te kom, of om sy verpligtinge ingevolge hoofstuk 61 van Titel 26 van die Verenigde State-kode na te kom, hoef nie die prosedures te verrig wat in subparagraaf B(1) van hierdie afdeling beskryf word nie met betrekking tot laerwaarderekeninge of subparagrawe D(1) tot en met D(3) van hierdie afdeling met betrekking tot hoëwaarderekeninge.

III. **New Individual Accounts.** The following rules and procedures apply for purposes of identifying U.S. Reportable Accounts among Financial Accounts held by individuals and opened on or after July 1, 2014 ("New Individual Accounts").

A. **Accounts Not Required to Be Reviewed, Identified, or Reported.** Unless the Reporting South African Financial Institution elects otherwise, either with respect to all New Individual Accounts or, separately, with respect to any clearly identified group of such accounts, where the implementing rules in South Africa provide for such an election, the following New Individual Accounts are not required to be reviewed, identified, or reported as U.S. Reportable Accounts:

1. A Depository Account unless the account balance exceeds $50,000 at the end of any calendar year or other appropriate reporting period.

2. A Cash Value Insurance Contract unless the Cash Value exceeds $50,000 at the end of any calendar year or other appropriate reporting period.

B. **Other New Individual Accounts.** With respect to New Individual Accounts not described in paragraph A of this section, upon account opening (or within 90 days after the end of the calendar year in which the account ceases to be described in paragraph A of this section), the Reporting South African Financial Institution must obtain a self-certification, which may be part of the account opening documentation, that allows the Reporting South African Financial Institution to determine whether the Account Holder is resident in the United States for tax purposes (for this purpose, a U.S. citizen is considered to be resident in the United States for tax purposes, even if the Account Holder is also a tax resident of another jurisdiction) and confirm the reasonableness of such self-certification based on the information obtained by the Reporting South African Financial Institution in connection with the opening of the account, including any documentation collected pursuant to AML/KYC Procedures.

1. If the self-certification establishes that the Account Holder is resident in the United States for tax purposes, the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account and obtain a self-certification that includes the Account Holder's U.S. TIN (which may be an IRS Form W-9 or other similar agreed form).

2. If there is a change of circumstances with respect to a New Individual Account that causes the Reporting South African Financial Institution to know, or have reason to know, that the original self-certification is incorrect or unreliable, the Reporting South African Financial Institution cannot rely on the original self-certification and must obtain a valid self-certification that establishes whether the Account Holder is a U.S. citizen or resident for U.S. tax purposes. If the Reporting South African Financial Institution is unable to obtain a valid self-certification, the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account.

III. **Nuwe individuele rekeninge.** Die volgende reëls en prosedures is van toepassing vir doeleindes van die identifisering van aanmeldbare VSA-rekeninge onder finansiële rekeninge wat deur individue gehou word en op of na 1 Julie 2014 geopen is ("nuwe individuele rekeninge").

A. **Rekeninge wat nie gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld hoef te word nie.** Tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling anders besluit, hetsy ten opsigte van alle nuwe individuele rekeninge of, afsonderlik, ten opsigte van enige duidelik geïdentifiseerde groep sulke rekeninge, waar die implementeringsreëls in Suid-Afrika vir sodanige besluit voorsiening maak, hoef die volgende nuwe individuele rekeninge nie as aanmeldbare VSA-rekeninge gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld te word nie:

1. 'n Depositorekening, tensy die rekeningsaldo groter as $50 000 is aan die einde van enige kalenderjaar of ander gepaste verslagtydperk.

2. 'n Kontantwaardeversekeringskontrak, tensy die kontantwaarde groter as $50 000 is aan die einde van enige kalenderjaar of ander gepaste verslagtydperk.

B. **Ander nuwe individuele rekeninge.** Ten opsigte van nuwe individuele rekeninge wat nie in paragraaf A van hierdie afdeling beskryf word nie, by die opening van die rekening (of binne 90 dae na die einde van die kalenderjaar waarin die rekening ophou om in paragraaf A van hierdie afdeling beskryf te word), moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling 'n selfsertifisering verkry, wat deel kan wees van die rekeningopening-dokumentasie, wat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling in staat stel om te bepaal of die rekeninghouer in die Verenigde State woonagtig is vir belastingdoeleindes (vir hierdie doel word 'n VSA-burger geag in die Verenigde State woonagtig te wees vir belastingdoeleindes, selfs as die rekeninghouer ook 'n belastinginwoner van 'n ander jurisdiksie is) en die redelikheid van sodanige selfsertifisering bevestig op grond van die inligting wat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling in verband met die opening van die rekening verkry, insluitende enige dokumentasie wat ooreenkomstig AML/KYC-prosedures ingesamel is.

1. Indien die selfsertifisering toon dat die rekeninghouer in die Verenigde State woonagtig is vir belastingdoeleindes, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel en 'n selfsertifisering verkry wat die rekeninghouer se VSA-belastingidentifikasienommer (VSA-BIN) insluit (wat 'n IRS-vorm W-9 of ander soortgelyke ooreengekome vorm kan wees).

2. Indien daar 'n verandering van omstandighede ten opsigte van 'n nuwe individuele rekening is wat veroorsaak dat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling weet, of rede het om te weet, dat die oorspronklike selfsertifisering foutief of onbetroubaar is, kan die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nie op die oorspronklike selfsertifisering staat maak nie en moet hy 'n geldige selfsertifisering verkry wat toon of die rekeninghouer 'n VSA-burger of -inwoner is vir belastingdoeleindes. Indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling nie 'n geldige selfsertifisering kan kry nie, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel.

IV. **Preexisting Entity Accounts.** The following rules and procedures apply for purposes of identifying U.S. Reportable Accounts and accounts held by Nonparticipating Financial Institutions among Preexisting Accounts held by Entities ("Preexisting Entity Accounts").

A. **Entity Accounts Not Required to Be Reviewed, Identified or Reported.** Unless the Reporting South African Financial Institution elects otherwise, either with respect to all Preexisting Entity Accounts or, separately, with respect to any clearly identified group of such accounts, where the implementing rules in South Africa provide for such an election, a Preexisting Entity Account with an account balance or value that does not exceed $250,000 as of June 30, 2014, is not required to be reviewed, identified, or reported as a U.S. Reportable Account until the account balance or value exceeds $1,000,000.

B. **Entity Accounts Subject to Review.** A Preexisting Entity Account that has an account balance or value that exceeds $250,000 as of June 30, 2014, and a Preexisting Entity Account that does not exceed $250,000 as of June 30, 2014 but the account balance or value of which exceeds $1,000,000 as of the last day of 2015 or any subsequent calendar year, must be reviewed in accordance with the procedures set forth in paragraph D of this section.

C. **Entity Accounts With Respect to Which Reporting Is Required.** With respect to Preexisting Entity Accounts described in paragraph B of this section, only accounts that are held by one or more Entities that are Specified U.S. Persons, or by Passive NFFEs with one or more Controlling Persons who are U.S. citizens or residents, shall be treated as U.S. Reportable Accounts. In addition, accounts held by Nonparticipating Financial Institutions shall be treated as accounts for which aggregate payments as described in subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement are reported to the South African Competent Authority.

D. **Review Procedures for Identifying Entity Accounts With Respect to Which Reporting Is Required.** For Preexisting Entity Accounts described in paragraph B of this section, the Reporting South African Financial Institution must apply the following review procedures to determine whether the account is held by one or more Specified U.S. Persons, by Passive NFFEs with one or more Controlling Persons who are U.S. citizens or residents, or by Nonparticipating Financial Institutions:

1. **Determine Whether the Entity Is a Specified U.S. Person.**

a) Review information maintained for regulatory or customer relationship purposes (including information collected pursuant to AML/KYC Procedures) to determine whether the information indicates that the Account Holder is a U.S. Person. For this purpose, information indicating that the Account Holder is a U.S. Person includes a U.S. place of incorporation or organization, or a U.S. address.

IV. **Voorafbestaande entiteitrekeninge**. Die volgende reëls en prosedures is van toepassing vir doeleindes van die identifisering van aanmeldbare VSA-rekeninge en rekeninge gehou deur niedeelnemende finansiële instellings onder voorafbestaande rekeninge wat deur entiteite gehou word ("voorafbestaande entiteitrekeninge").

A. **Entiteitrekeninge wat nie gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld hoef te word nie**. Tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling anders besluit, hetsy ten opsigte van alle voorafbestaande entiteitrekeninge of, afsonderlik, ten opsigte van enige duidelik geïdentifiseerde groep sulke rekeninge, waar die implementeringsreëls in Suid-Afrika vir sodanige besluit voorsiening maak, hoef 'n voorafbestaande entiteitrekening met 'n rekeningsaldo of -waarde van hoogstens $250 000 soos op 30 Junie 2014 nie as 'n aanmeldbare VSA-rekening gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld te word nie totdat die rekeningsaldo of -waarde $1 000 000 oorskry.

B. **Entiteitrekeninge onderhewig aan kontrolering**. 'n Voorafbestaande entiteitrekening met 'n rekeningsaldo of -waarde van meer as $250 000 soos op 30 Junie 2014 en 'n voorafbestaande rekening wat nie $250 000 oorskry nie soos op 30 Junie 2014, maar waarvan die rekeningsaldo of -waarde $1 000 000 oorskry soos op die laaste dag van 2015 of van enige daaropvolgende kalenderjaar, moet gekontroleer word in ooreenstemming met die prosedures in paragraaf D van hierdie afdeling uiteengesit.

C. **Entiteitrekeninge ten opsigte waarvan verslagdoening vereis word**. Ten opsigte van voorafbestaande entiteitrekeninge wat in paragraaf B van hierdie afdeling beskryf word, moet net rekeninge wat gehou word deur een of meer entiteite wat gespesifiseerde VSA-persone is, of deur passiewe niefinansiële buitelandse entiteite (NFBE's) met een of meer beherende persone wat VSA-burgers of -inwoners is, as aanmeldbare VSA-rekeninge behandel word. Daarby moet rekeninge gehou deur niedeelnemende finansiële instellings behandel word as rekeninge waarvoor saamgevoegde betalings soos beskryf in subparagraaf 1(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms, by die bevoegde Suid-Afrikaanse owerheid aangemeld word.

D. **Kontroleringsprosedures vir die identifisering van entiteitrekeninge ten opsigte waarvan verslagdoening vereis word**. Vir voorafbestaande entiteitrekeninge wat in paragraaf B van hierdie afdeling beskryf word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die volgende kontroleringsprosedures toepas om te bepaal of die rekening gehou word deur een of meer gespesifiseerde VSA-persone, deur passiewe NFBE's met een of meer beherende persone wat VSA-burgers of -inwoners is, of deur niedeelnemende finansiële instellings.

1. **Bepaal of die entiteit 'n gespesifiseerde VSA-persoon is**.

a) Kontroleer inligting wat vir regulerings- of kliëntverhoudings-doeleindes bygehou word (insluitende inligting wat ooreenkomstig AML/KYC-prosedures ingesamel is) om te bepaal of die inligting aandui dat die rekeninghouer 'n VSA-persoon is. Vir hierdie doel sluit inligting wat aandui dat die rekeninghouer 'n VSA-persoon is, 'n VSA-plek van inlywing of organisasie of 'n VSA-adres in.

b) If the information indicates that the Account Holder is a U.S. Person, the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account unless it obtains a self-certification from the Account Holder (which may be on an IRS Form W-8 or W-9, or a similar agreed form), or reasonably determines based on information in its possession or that is publicly available, that the Account Holder is not a Specified U.S. Person.

2. **Determine Whether a Non-U.S. Entity Is a Financial Institution.**

a) Review information maintained for regulatory or customer relationship purposes (including information collected pursuant to AML/KYC Procedures) to determine whether the information indicates that the Account Holder is a Financial Institution.

b) If the information indicates that the Account Holder is a Financial Institution, or the Reporting South African Financial Institution verifies the Account Holder's Global Intermediary Identification Number on the published IRS FFI list, then the account is not a U.S. Reportable Account.

3. **Determine Whether a Financial Institution Is a Nonparticipating Financial Institution Payments to Which Are Subject to Aggregate Reporting Under Subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement.**

a) Subject to subparagraph D(3)(b) of this section, a Reporting South African Financial Institution may determine that the Account Holder is a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution if the Reporting South African Financial Institution reasonably determines that the Account Holder has such status on the basis of the Account Holder's Global Intermediary Identification Number on the published IRS FFI list or other information that is publicly available or in the possession of the Reporting South African Financial Institution, as applicable. In such case, no further review, identification, or reporting is required with respect to the account.

b) If the Account Holder is a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution treated by the IRS as a Nonparticipating Financial Institution, then the account is not a U.S. Reportable Account, but payments to the Account Holder must be reported as contemplated in subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement.

b) Indien die inligting aandui dat die rekeninghouer 'n VSA-persoon is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel tensy hy 'n selfsertifisering van die rekeninghouer kry (wat op 'n IRS Vorm W-8 of W-9 kan wees, of 'n soortgelyke ooreengekome vorm), of op grond van inligting in sy besit of wat openbaar beskikbaar is, redelikerwys bepaal dat die rekeninghouer nie 'n gespesifiseerde VSA-persoon is nie.

2. **Bepaal of 'n nie-VSA-entiteit 'n finansiële instelling is.**

a) Kontroleer inligting wat vir regulerings- of kliëntverhoudingsdoeleindes bygehou word (insluitende inligting wat ingesamel is ooreenkomstig AML/KYC-prosedures) om te bepaal of die inligting aandui dat die rekeninghouer 'n finansiële instelling is.

b) Indien die inligting aandui dat die rekeninghouer 'n finansiële instelling is, of die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekeninghouer se globale intermediêre identifikasienommer op die IRS se gepubliseerde lys van buitelandse finansiële instellings (die "IRS FFI-lys") verifieer, is die rekening nie 'n aanmeldbare VSA-rekening nie.

3. **Bepaal of 'n finansiële instelling 'n niedeelnemende finansiële instelling is, waaraan betalings aan gesamentlike verslagdoening onderhewig is ingevolge subparagraaf 1(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms.**

a) Behoudens subparagraaf D(3)(b) van hierdie afdeling kan 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling bepaal dat die rekeninghouer 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling redelikerwys bepaal dat die rekeninghouer sodanige status het op grond van die rekeninghouer se globale intermediêre identifikasienommer op die gepubliseerde IRS FFI-lys of ander inligting wat openbaar beskikbaar is of in besit is van die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling, soos toepaslik. In so 'n geval word geen verdere kontrolering, identifisering of verslagdoening ten opsigte van die rekening vereis nie.

b) Indien die rekeninghouer 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is wat deur die IRS as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel word, is die rekening nie 'n aanmeldbare VSA-rekening nie, maar betalings aan die rekeninghouer moet aangemeld word soos beoog in subparagraaf 1(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

c) If the Account Holder is not a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution, then the Reporting South African Financial Institution must treat the Account Holder as a Nonparticipating Financial Institution payments to which are reportable under subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement, unless the Reporting South African Financial Institution:

(1) Obtains a self-certification (which may be on an IRS Form W-8 or similar agreed form) from the Account Holder that it is a certified deemed-compliant FFI, or an exempt beneficial owner, as those terms are defined in relevant U.S. Treasury Regulations; ***or***

(2) In the case of a participating FFI or registered deemed-compliant FFI, verifies the Account Holder's Global Intermediary Identification Number on the published IRS FFI list.

4. **Determine Whether an Account Held by an NFFE Is a U.S. Reportable Account.** With respect to an Account Holder of a Preexisting Entity Account that is not identified as either a U.S. Person or a Financial Institution, the Reporting South African Financial Institution must identify (i) whether the Account Holder has Controlling Persons, (ii) whether the Account Holder is a Passive NFFE, and (iii) whether any of the Controlling Persons of the Account Holder is a U.S. citizen or resident. In making these determinations the Reporting South African Financial Institution must follow the guidance in subparagraphs D(4)(a) through D(4)(d) of this section in the order most appropriate under the circumstances.

a) For purposes of determining the Controlling Persons of an Account Holder, a Reporting South African Financial Institution may rely on information collected and maintained pursuant to AML/KYC Procedures.

b) For purposes of determining whether the Account Holder is a Passive NFFE, the Reporting South African Financial Institution must obtain a self-certification (which may be on an IRS Form W-8 or W-9, or on a similar agreed form) from the Account Holder to establish its status, unless it has information in its possession or that is publicly available, based on which it can reasonably determine that the Account Holder is an Active NFFE.

c) Indien die rekeninghouer nie 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is nie, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekeninghouer behandel as 'n niedeelnemende finansiële instelling waaraan betalings aanmeldbaar is ingevolge subparagraaf 1(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms, tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling:-

(1) 'n selfsertifisering verkry (wat op 'n IRS-vorm W-8 of soortgelyke ooreengekome vorm kan wees) van die rekeninghouer dat dit 'n buitelandse finansiële instelling (BFI) geag te voldoen is, of 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar, soos daardie uitdrukkings in die tersaaklike VSA-Tesourieregulasies omskryf word; ***of***

(2) in die geval van 'n deelnemende BFI of geregistreerde BFI geag te voldoen, die rekeninghouer se globale intermediêre identifikasienommer op die gepubliseerde IRS FFI-lys verifieer.

4. **Bepaal of 'n rekening gehou deur 'n NFBE 'n aanmeldbare VSA-rekening is.** Ten opsigte van 'n rekeninghouer van 'n voorafbestaande entiteitrekening wat nie as óf 'n VSA-persoon óf 'n finansiële instelling geïdentifiseer is nie, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling identifiseer (i) of die rekeninghouer beherende persone het, (ii) of die rekeninghouer 'n passiewe NFBE is, en (iii) of enige van die beherende persone van die rekeninghouer 'n VSA-burger of -inwoner is. Wanneer hierdie bepalings gedoen word, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die leiding in subparagrawe D(4)(a) tot en met D(4)(d) van hierdie afdeling volg in die volgorde wat in die omstandighede die geskikste is.

a) Vir doeleindes om die beherende persone van 'n rekeninghouer te bepaal, kan 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling staat maak op inligting wat ooreenkomstig AML/KYC-prosedures versamel is en bygehou word.

b) Vir doeleindes om te bepaal of die rekeninghouer 'n passiewe NFBE is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling 'n selfsertifisering (wat op 'n IRS-vorm W-8 of W-9 of soortgelyke ooreengekome vorm kan wees) van die rekeninghouer verkry om sy status vas te stel, tensy hy inligting in sy besit het of wat openbaar beskikbaar is op grond waarvan hy redelikerwys kan bepaal dat die rekeninghouer 'n aktiewe NFBE is.

c) For purposes of determining whether a Controlling Person of a Passive NFFE is a U.S. citizen or resident for tax purposes, a Reporting South African Financial Institution may rely on:

(1) Information collected and maintained pursuant to AML/KYC Procedures in the case of a Preexisting Entity Account held by one or more NFFEs with an account balance or value that does not exceed $1,000,000; ***or***

(2) A self-certification (which may be on an IRS Form W-8 or W-9, or on a similar agreed form) from the Account Holder or such Controlling Person in the case of a Preexisting Entity Account held by one or more NFFEs with an account balance or value that exceeds $1,000,000.

d) If any Controlling Person of a Passive NFFE is a U.S. citizen or resident, the account shall be treated as a U.S. Reportable Account.

E. **Timing of Review and Additional Procedures Applicable to Preexisting Entity Accounts.**

1. Review of Preexisting Entity Accounts with an account balance or value that exceeds $250,000 as of June 30, 2014 must be completed by June 30, 2016.

2. Review of Preexisting Entity Accounts with an account balance or value that does not exceed $250,000 as of June 30, 2014, but exceeds $1,000,000 as of December 31 of 2015 or any subsequent year, must be completed within six months after the last day of the calendar year in which the account balance or value exceeds $1,000,000.

3. If there is a change of circumstances with respect to a Preexisting Entity Account that causes the Reporting South African Financial Institution to know, or have reason to know, that the self-certification or other documentation associated with an account is incorrect or unreliable, the Reporting South African Financial Institution must redetermine the status of the account in accordance with the procedures set forth in paragraph D of this section.

c) Vir doeleindes om te bepaal of 'n beherende persoon van 'n passiewe NFBE 'n VSA-burger of -inwoner is vir belastingdoeleindes, kan 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling staat maak op:-

(1) inligting wat ooreenkomstig AML/KYC-prosedures ingesamel en bygehou word in die geval van 'n voorafbestaande entiteitrekening gehou deur een of meer NFBE's met 'n rekeningsaldo of -waarde van hoogstens $1 000 000; *of*

(2) 'n selfsertifisering (wat op 'n IRS-vorm W-8 of W-9 of soortgelyke ooreengekome vorm kan wees) van die rekeninghouer of sodanige beherende persoon in die geval van 'n voorafbestaande entiteitrekening gehou deur een of meer NFBE's met 'n rekeningsaldo of -waarde van meer as $1 000 000.

d) Indien enige beherende persoon van 'n passiewe NFBE 'n VSA-burger of -inwoner is, moet die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel word.

## E. <u>Tydsberekening van kontrolering en bykomende prosedures van toepassing op voorafbestaande entiteitrekeninge</u>

1. Die kontrolering van voorafbestaande entiteitrekeninge met 'n rekeningsaldo of -waarde van meer as $250 000 soos op 30 Junie 2014 moet teen 30 Junie 2016 voltooi word.

2. Die kontrolering van voorafbestaande entiteitrekeninge met 'n rekeningsaldo of -waarde van hoogstens $250 000 soos op 30 Junie 2014 maar meer as $1 000 000 soos op 31 Desember van 2015 of van enige daaropvolgende jaar moet voltooi word binne ses maande na die laaste dag van die kalenderjaar waarin die rekeningsaldo of -waarde $1 000 000 oorskry.

3. Indien daar 'n verandering van omstandighede ten opsigte van 'n voorafbestaande entiteitrekening is wat daartoe lei dat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling weet, of rede het om te weet, dat die selfsertifisering of ander dokumentasie geassosieer met 'n rekening foutief of onbetroubaar is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die status van die rekening herbepaal ooreenkomstig die prosedures uiteengesit in paragraaf D van hierdie afdeling.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

V. **New Entity Accounts**. The following rules and procedures apply for purposes of identifying U.S. Reportable Accounts and accounts held by Nonparticipating Financial Institutions among Financial Accounts held by Entities and opened on or after July 1, 2014 ("New Entity Accounts").

A. **Entity Accounts Not Required to Be Reviewed, Identified or Reported**. Unless the Reporting South African Financial Institution elects otherwise, either with respect to all New Entity Accounts or, separately, with respect to any clearly identified group of such accounts, where the implementing rules in South Africa provide for such election, a credit card account or a revolving credit facility treated as a New Entity Account is not required to be reviewed, identified, or reported, provided that the Reporting South African Financial Institution maintaining such account implements policies and procedures to prevent an account balance owed to the Account Holder that exceeds $50,000.

B. **Other New Entity Accounts**. With respect to New Entity Accounts not described in paragraph A of this section, the Reporting South African Financial Institution must determine whether the Account Holder is: (i) a Specified U.S. Person; (ii) a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution; (iii) a participating FFI, a deemed-compliant FFI, or an exempt beneficial owner, as those terms are defined in relevant U.S. Treasury Regulations; or (iv) an Active NFFE or Passive NFFE.

1. Subject to subparagraph B(2) of this section, a Reporting South African Financial Institution may determine that the Account Holder is an Active NFFE, a South African Financial Institution, or other Partner Jurisdiction Financial Institution if the Reporting South African Financial Institution reasonably determines that the Account Holder has such status on the basis of the Account Holder's Global Intermediary Identification Number or other information that is publicly available or in the possession of the Reporting South African Financial Institution, as applicable.

2. If the Account Holder is a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution treated by the IRS as a Nonparticipating Financial Institution, then the account is not a U.S. Reportable Account, but payments to the Account Holder must be reported as contemplated in subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement.

3. In all other cases, a Reporting South African Financial Institution must obtain a self-certification from the Account Holder to establish the Account Holder's status. Based on the self-certification, the following rules apply:

a) If the Account Holder is ***a Specified U.S. Person***, the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

V. **Nuwe entiteitrekeninge**. Die volgende reëls en prosedures is van toepassing vir doeleindes van die identifisering van aanmeldbare VSA-rekeninge en rekeninge gehou deur niedeelnemende finansiële instellings onder finansiële rekeninge wat deur entiteite gehou en op of na 1 Julie 2014 geopen word ("nuwe entiteitrekeninge").

A. **Entiteitrekeninge wat nie gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld hoef te word nie**. Tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling anders besluit, hetsy ten opsigte van alle nuwe entiteitrekeninge of, afsonderlik, ten opsigte van enige duidelik geïdentifiseerde groep sulke rekeninge, waar die implementeringsreëls in Suid-Afrika vir sodanige besluit voorsiening maak, hoef 'n kredietkaartrekening of 'n wentelkredietfasiliteit wat as 'n nuwe entiteitrekening behandel word, nie gekontroleer, geïdentifiseer of aangemeld te word nie: Met dien verstande dat die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat sodanige rekening byhou, beleide en prosedures implementeer om te voorkom dat 'n rekeningsaldo verskuldig aan die rekeninghouer $50 000 oorskry.

B. **Ander nuwe entiteitrekeninge**. Ten opsigte van nuwe entiteitrekeninge wat nie in paragraaf A van hierdie afdeling beskryf word nie, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling bepaal of die rekeninghouer (i) 'n gespesifiseerde VSA-persoon; (ii) 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie; (iii) 'n deelnemende BFI, 'n BFI geag te voldoen, of 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar, soos daardie uitdrukkings in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies omskryf is, of (iv) 'n aktiewe NFBE of passiewe NFBE is.

1. Behoudens subparagraaf B(2) van hierdie afdeling kan 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling bepaal dat die rekeninghouer 'n aktiewe NFBE, 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling redelikerwys bepaal dat die rekeninghouer sodanige status het op grond van die rekeninghouer se globale intermediêre identifikasienommer of ander inligting wat openbaar beskikbaar is of in die besit van die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling is, na gelang van die geval.

2. Indien die rekeninghouer 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is wat deur die IRS as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel word, dan is die rekening nie 'n aanmeldbare VSA-rekening nie, maar betalings aan die rekeninghouer moet aangemeld word soos beoog in subparagraaf l(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms.

3. In alle ander gevalle moet 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling selfsertifisering van die rekeninghouer kry om die rekeninghouer se status vas te stel. Op grond van die selfsertifisering is die volgende reëls van toepassing:

   a) Indien die rekeninghouer 'n ***gespesifiseerde VSA-persoon*** is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel.

b) If the Account Holder is ***a Passive NFFE***, the Reporting South African Financial Institution must identify the Controlling Persons as determined under AML/KYC Procedures, and must determine whether any such person is a U.S. citizen or resident on the basis of a self-certification from the Account Holder or such person. If any such person is a U.S. citizen or resident, the Reporting South African Financial Institution must treat the account as a U.S. Reportable Account.

c) If the Account Holder is: (i) a U.S. Person that is not a Specified U.S. Person; (ii) subject to subparagraph B(3)(d) of this section, a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution; (iii) a participating FFI, a deemed-compliant FFI, or an exempt beneficial owner, as those terms are defined in relevant U.S. Treasury Regulations; (iv) an Active NFFE; or (v) a Passive NFFE none of the Controlling Persons of which is a U.S. citizen or resident, then the account is not a U.S. Reportable Account, and no reporting is required with respect to the account.

d) If the Account Holder is a Nonparticipating Financial Institution (including a South African Financial Institution or other Partner Jurisdiction Financial Institution treated by the IRS as a Nonparticipating Financial Institution), then the account is not a U.S. Reportable Account, but payments to the Account Holder must be reported as contemplated in subparagraph 1(b) of Article 4 of the Agreement.

VI. **Special Rules and Definitions.** The following additional rules and definitions apply in implementing the due diligence procedures described above:

A. **Reliance on Self-Certifications and Documentary Evidence.** A Reporting South African Financial Institution may not rely on a self-certification or documentary evidence if the Reporting South African Financial Institution knows or has reason to know that the self-certification or documentary evidence is incorrect or unreliable.

B. **Definitions.** The following definitions apply for purposes of this Annex I.

1. **AML/KYC Procedures.** "AML/KYC Procedures" means the customer due diligence procedures of a Reporting South African Financial Institution pursuant to the anti-money laundering or similar requirements of South Africa to which such Reporting South African Financial Institution is subject.

2. **NFFE.** An "NFFE" means any Non-U.S. Entity that is not an FFI as defined in relevant U.S. Treasury Regulations or is an Entity described in subparagraph B(4)(j) of this section, and also includes any Non-U.S. Entity that is established in South Africa or another Partner Jurisdiction and that is not a Financial Institution.

b) Indien die rekeninghouer 'n ***passiewe NFBE*** is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die beherende persone identifiseer soos ooreenkomstig AML/KYC-prosedures bepaal, en moet hy bepaal of enige sodanige persoon 'n VSA-burger of -inwoner is op grond van 'n selfsertifisering van die rekeninghouer of sodanige persoon. Indien enige sodanige persoon 'n VSA-burger of -inwoner is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel.

c) Indien die rekeninghouer (i) 'n VSA-persoon is wat nie 'n gespesifiseerde VSA-persoon is nie; (ii) behoudens subparagraaf B(3)(d) van hierdie afdeling, 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie is; (iii) 'n deelnemende BFI, 'n BFI geag te voldoen of 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar is, soos daardie terme in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies omskryf is; (iv) 'n aktiewe NFBE is; of (v) 'n passiewe NFBE is waarvan nie een van die beherende persone 'n VSA-burger of -inwoner is nie, dan is die rekening nie 'n aanmeldbare VSA-rekening nie en word geen verslagdoening ten opsigte van die rekening vereis nie.

d) Indien die rekeninghouer 'n niedeelnemende finansiële instelling is (insluitende 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling of 'n finansiële instelling in 'n ander vennootjurisdiksie wat deur die IRS as 'n niedeelnemende finansiële instelling behandel word), dan is die rekening nie 'n aanmeldbare VSA-rekening nie, maar betalings aan die rekeninghouer moet aangemeld word soos beoog in subparagraaf l(b) van Artikel 4 van die Ooreenkoms.

VI. **Spesiale reëls en woordomskrywing**. Die volgende bykomende reëls en woordomskrywing is van toepassing by die implementering van die omsigtigheidsprosedures hierbo beskryf:

A. **Staat maak op selfsertifisering en dokumentêre bewys**. 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling mag nie op 'n selfsertifisering of dokumentêre bewys staatmaak nie indien die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling weet of rede het om te weet dat die selfsertifisering of dokumentêre bewys foutief of onbetroubaar is.

B. **Woordomskrywing**. Die volgende woordomskrywings is van toepassing vir doeleindes van hierdie Aanhangsel I:

1. **AML/KYC-prosedures**. "AML/KYC-prosedures" beteken die kliënt-omsigtigheidsprosedures van 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling ooreenkomstig die teengeldwassery- of soortgelyke vereistes van Suid-Afrika waaraan sodanige verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling onderhewig is.

2. **NFBE**. 'n "NFBE" beteken enige nie-VSA-entiteit wat nie 'n BFI is nie soos omskryf in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies, of 'n entiteit wat beskryf word in subparagraaf B(4)(j) van hierdie afdeling, en dit sluit ook enige nie-VSA-entiteit in wat in Suid-Afrika of 'n ander vennootjurisdiksie gevestig is en wat nie 'n finansiële instelling is nie.

3. **Passive NFFE**. A "Passive NFFE" means any NFFE that is not (i) an Active NFFE, or (ii) a withholding foreign partnership or withholding foreign trust pursuant to relevant U.S. Treasury Regulations.

4. **Active NFFE**. An "Active NFFE" means any NFFE that meets any of the following criteria:

   a) Less than 50 percent of the NFFE's gross income for the preceding calendar year or other appropriate reporting period is passive income and less than 50 percent of the assets held by the NFFE during the preceding calendar year or other appropriate reporting period are assets that produce or are held for the production of passive income;

   b) The stock of the NFFE is regularly traded on an established securities market or the NFFE is a Related Entity of an Entity the stock of which is regularly traded on an established securities market;

   c) The NFFE is organized in a U.S. Territory and all of the owners of the payee are bona fide residents of that U.S. Territory;

   d) The NFFE is a government (other than the U.S. government), a political subdivision of such government (which, for the avoidance of doubt, includes a state, province, county, or municipality), or a public body performing a function of such government or a political subdivision thereof, a government of a U.S. Territory, an international organization, a non-U.S. central bank of issue, or an Entity wholly owned by one or more of the foregoing;

   e) Substantially all of the activities of the NFFE consist of holding (in whole or in part) the outstanding stock of, or providing financing and services to, one or more subsidiaries that engage in trades or businesses other than the business of a Financial Institution, except that an NFFE shall not qualify for this status if the NFFE functions (or holds itself out) as an investment fund, such as a private equity fund, venture capital fund, leveraged buyout fund, or any investment vehicle whose purpose is to acquire or fund companies and then hold interests in those companies as capital assets for investment purposes;

   f) The NFFE is not yet operating a business and has no prior operating history, but is investing capital into assets with the intent to operate a business other than that of a Financial Institution, provided that the NFFE shall not qualify for this exception after the date that is 24 months after the date of the initial organization of the NFFE;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

3. **Passiewe NFBE.** 'n "Passiewe NFBE" beteken enige NFBE wat (i) nie 'n aktiewe NFBE of (ii) nie 'n buitelandse terughoudingsvennootskap of buitelandse terughoudingstrust ooreenkomstig tersaaklike VSA-Tesourieregulasies is nie.

4. **Aktiewe NFBE.** 'n "Aktiewe NFBE" beteken enige NFBE wat aan enige van die volgende kriteria voldoen:

a) Minder as 50 persent van die NFBE se bruto inkomste vir die voorafgaande kalenderjaar of ander gepaste verslagtydperk is passiewe inkomste en minder as 50 persent van die bates wat die NFBE gedurende die voorafgaande kalenderjaar of ander gepaste verslagtydperk gehou het, is bates wat passiewe inkomste oplewer of gehou word om passiewe inkomste op te lewer;

b) die aandele van die NFBE word gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel of die NFBE is 'n verwante entiteit van 'n entiteit waarvan die aandele gereeld op 'n gevestigde sekuriteitemark verhandel word;

c) die NFBE is in 'n VSA-gebied georganiseer en al die eienaars van die voordeeltrekker is bona fide-inwoners van daardie VSA-gebied;

d) die NFBE is 'n regering (uitgesonderd die VSA-regering), 'n staatkundige onderverdeling van sodanige regering (wat, om twyfel te vermy, 'n Staat, provinsie, distrik of munisipaliteit insluit), of 'n openbare liggaam wat 'n funksie van sodanige regering of staatkundige onderverdeling verrig, 'n regering van 'n VSA-gebied, 'n internasionale organisasie, 'n nie-VSA sentrale uitgiftebank, of 'n entiteit wat ten volle deur een of meer van die voorgaande besit word;

e) feitlik al die aktiwiteite van die NFBE bestaan uit die hou (in geheel of gedeeltelik) van die uitstaande aandele van, of verskaffing van finansiering en dienste aan, een of meer filiale wat betrokke is by bedrywe of ondernemings uitgesonderd die besigheid van 'n finansiële instelling, behalwe dat 'n NFBE nie vir hierdie status kwalifiseer nie indien die NFBE funksioneer (of homself voordoen) as 'n beleggingsfonds, soos 'n privaat-ekwiteitsfonds, waagkapitaalfonds, hefboomuitkoopfonds, of enige beleggingsinstrument waarvan die doel is om maatskappye te verkry of te befonds en dan belange in daardie maatskappye te hou as kapitaalbates vir beleggingsdoeleindes;

f) die NFBE bedryf nog nie 'n besigheid nie en het geen vorige bedryfsgeskiedenis nie, maar hy investeer kapitaal in bates met die doel om 'n ander besigheid as dié van 'n finansiële instelling te bedryf, met dien verstande dat die NFBE nie vir hierdie uitsondering kwalifiseer nie na die datum wat 24 maande na die datum van die aanvanklike organisasie van die NFBE is;

g) The NFFE was not a Financial Institution in the past five years, and is in the process of liquidating its assets or is reorganizing with the intent to continue or recommence operations in a business other than that of a Financial Institution;

h) The NFFE primarily engages in financing and hedging transactions with, or for, Related Entities that are not Financial Institutions, and does not provide financing or hedging services to any Entity that is not a Related Entity, provided that the group of any such Related Entities is primarily engaged in a business other than that of a Financial Institution;

i) The NFFE is an "excepted NFFE" as described in relevant U.S. Treasury Regulations; ***or***

j) The NFFE meets all of the following requirements:

   i. It is established and operated in its jurisdiction of residence exclusively for religious, charitable, scientific, artistic, cultural, athletic, or educational purposes; or it is established and operated in its jurisdiction of residence and it is a professional organization, business league, chamber of commerce, labor organization, agricultural or horticultural organization, civic league or an organization operated exclusively for the promotion of social welfare;
   ii. It is exempt from income tax in its jurisdiction of residence;
   iii. It has no shareholders or members who have a proprietary or beneficial interest in its income or assets;
   iv. The applicable laws of the NFFE's jurisdiction of residence or the NFFE's formation documents do not permit any income or assets of the NFFE to be distributed to, or applied for the benefit of, a private person or non-charitable Entity other than pursuant to the conduct of the NFFE's charitable activities, or as payment of reasonable compensation for services rendered, or as payment representing the fair market value of property which the NFFE has purchased; ***and***
   v. The applicable laws of the NFFE's jurisdiction of residence or the NFFE's formation documents require that, upon the NFFE's liquidation or dissolution, all of its assets be distributed to a governmental entity or other non-profit organization, or escheat to the government of the NFFE's jurisdiction of residence or any political subdivision thereof.

g) die NFBE was in die afgelope vyf jaar nie 'n finansiële instelling nie en is in die proses om sy bates te likwideer of te herorganiseer met die doel om bedrywighede voort te sit of weer te begin in 'n ander besigheid as dié van 'n finansiële instelling;

h) die NFBE is hoofsaaklik betrokke by finansierings- en verskansingstransaksies met, of vir, verwante entiteite wat nie finansiële instellings is nie, en verskaf nie finansierings- of verskansingsdienste aan enige entiteit wat nie 'n verwante entiteit is nie: Met dien verstande dat die groep van enige sodanige verwante entiteite primêr betrokke is by 'n ander besigheid as dié van 'n finansiële instelling;

i) die NFBE is 'n "NFBE-uitsondering" soos in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies beskryf word; *of*

j) die NFBE voldoen aan al die volgende vereistes:

i. Die NFBE is gevestig en word bedryf in die jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is uitsluitlik vir godsdienstige, liefdadigheids-, wetenskaplike, kuns-, kulturele, sport- of onderwysdoeleindes; of dit is gevestig en word bedryf in die jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is en dit is 'n beroepsorganisasie, besigheidsliga, kamer van koophandel, arbeidsorganisasie, landbou- of tuinbou-organisasie, burgerlike liga of 'n organisasie wat uitsluitlik vir die bevordering van maatskaplike welsyn bedryf word;
ii. die NBFE is vrygestel van inkomstebelasting in die jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is;
iii. die NBFE het geen aandeelhouers of lede wat 'n eiendomsbelang of voordelige belang by sy inkomste of bates het nie;
iv. die toepaslike wette van die NFBE se jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is of die NFBE se oprigtingsdokumente laat nie toe dat enige inkomste of bates van die NFBE uitgekeer word aan, of aangewend word tot voordeel van, 'n private persoon of nieliefdadigheidsentiteit nie, uitgesonderd ooreenkomstig die bedryf van die NFBE se liefdadigheidsaktiwiteite, of as betaling van redelike vergoeding vir dienste gelewer, of as betaling wat die billike markwaarde verteenwoordig van eiendom wat die NFBE gekoop het; *en*
v. die toepaslike wette van die NFBE se jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is of die NFBE se oprigtingsdokumente vereis dat, by likwidasie of ontbinding van die NFBE, al sy bates uitgekeer word aan 'n regeringsentiteit of ander niewinsgerigte organisasie, of toeval aan die regering van die NFBE se jurisdiksie waarvan hy 'n inwoner is of enige staatkundige onderverdeling daarvan.

5. <u>Preexisting Account</u>. A "Preexisting Account" means a Financial Account maintained by a Reporting Financial Institution as of June 30, 2014.

C. <u>Account Balance Aggregation and Currency Translation Rules</u>.

1. <u>Aggregation of Individual Accounts</u>. For purposes of determining the aggregate balance or value of Financial Accounts held by an individual, a Reporting South African Financial Institution is required to aggregate all Financial Accounts maintained by the Reporting South African Financial Institution, or by a Related Entity, but only to the extent that the Reporting South African Financial Institution's computerized systems link the Financial Accounts by reference to a data element such as client number or taxpayer identification number, and allow account balances or values to be aggregated. Each holder of a jointly held Financial Account shall be attributed the entire balance or value of the jointly held Financial Account for purposes of applying the aggregation requirements described in this paragraph 1.

2. <u>Aggregation of Entity Accounts</u>. For purposes of determining the aggregate balance or value of Financial Accounts held by an Entity, a Reporting South African Financial Institution is required to take into account all Financial Accounts that are maintained by the Reporting South African Financial Institution, or by a Related Entity, but only to the extent that the Reporting South African Financial Institution's computerized systems link the Financial Accounts by reference to a data element such as client number or taxpayer identification number, and allow account balances or values to be aggregated.

3. <u>Special Aggregation Rule Applicable to Relationship Managers</u>. For purposes of determining the aggregate balance or value of Financial Accounts held by a person to determine whether a Financial Account is a High Value Account, a Reporting South African Financial Institution is also required, in the case of any Financial Accounts that a relationship manager knows, or has reason to know, are directly or indirectly owned, controlled, or established (other than in a fiduciary capacity) by the same person, to aggregate all such accounts.

4. <u>Currency Translation Rule</u>. For purposes of determining the balance or value of Financial Accounts denominated in a currency other than the U.S. dollar, a Reporting South African Financial Institution must convert the U.S. dollar threshold amounts described in this Annex I into such currency using a published spot rate determined as of the last day of the calendar year preceding the year in which the Reporting South African Financial Institution is determining the balance or value.

5. **Voorafbestaande rekening**. 'n "Voorafbestaande rekening" beteken 'n finansiële rekening wat deur 'n verslagdoenende finansiële instelling gehou word soos op 30 Junie 2014.

C. **Samevoeging van rekeningsaldo's en reëls vir omskakeling van geldeenhede**

1. **Samevoeging van individuele rekeninge**. Vir doeleindes van die bepaling van die totale saldo of waarde van finansiële rekeninge wat deur 'n individu gehou word, moet 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling alle finansiële rekeninge wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling in stand gehou word, of deur 'n verwante entiteit, saamvoeg maar slegs in soverre die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling se gerekenariseerde stelsels die finansiële rekeninge deur verwysing koppel aan 'n data-element soos kliëntnommer of belastingbetaler-identifikasienommer, en toelaat dat rekeningsaldo's of -waardes saamgevoeg word. Aan elke houer van 'n finansiële rekening wat gesamentlik gehou word, moet die volle saldo of waarde van die gesamentlik gehoude finansiële rekening toegewys word vir doeleindes van die toepassing van die saamvoegingsvereistes wat in hierdie paragraaf 1 beskryf word.

2. **Samevoeging van entiteitrekeninge**. Vir doeleindes van die bepaling van die totale saldo of waarde van finansiële rekeninge wat deur 'n entiteit gehou word, moet 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling alle finansiële rekeninge wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling in stand gehou word, of deur 'n verwante entiteit, in aanmerking neem maar slegs in soverre die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling se gerekenariseerde stelsels die finansiële rekeninge deur verwysing koppel aan 'n data-element soos kliëntnommer of belastingbetaler-identifikasienommer, en toelaat dat rekeningsaldo's of waardes saamgevoeg word.

3. **Spesiale samevoegingsreël van toepassing op verhouding-bestuurders**. Vir doeleindes van die bepaling van die totale saldo of waarde van finansiële rekeninge wat deur 'n persoon gehou word, om te bepaal of 'n finansiële rekening 'n hoëwaarderekening is, moet 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling ook, in die geval van enige finansiële rekeninge wat 'n verhoudingbestuurder weet, of rede het om te weet, regstreeks of onregstreeks deur dieselfde persoon besit, beheer of gevestig word (uitgesonderd in 'n fidusiêre hoedanigheid), al sodanige rekeninge saamvoeg.

4. **Reël vir omskakeling van geldeenheid**. Vir doeleindes van die bepaling van die saldo of waarde van finansiële rekeninge wat in 'n ander geldeenheid as die VSA-dollar gedenomineer is, moet 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die drempelbedrae in VSA-dollar in hierdie Aanhangsel I beskryf, omskakel in sodanige geldeenheid deur 'n gepubliseerde lokokoers te gebruik wat bepaal is soos op die laaste dag van die kalenderjaar voor die jaar waarin die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die saldo of waarde bepaal.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

D. **Documentary Evidence.** For purposes of this Annex I, acceptable documentary evidence includes any of the following:

1. A certificate of residence issued by an authorized government body (for example, a government or agency thereof, or a municipality) of the jurisdiction in which the payee claims to be a resident.

2. With respect to an individual, any valid identification issued by an authorized government body (for example, a government or agency thereof, or a municipality), that includes the individual's name and is typically used for identification purposes.

3. With respect to an Entity, any official documentation issued by an authorized government body (for example, a government or agency thereof, or a municipality) that includes the name of the Entity and either the address of its principal office in the jurisdiction (or U.S. Territory) in which it claims to be a resident or the jurisdiction (or U.S. Territory) in which the Entity was incorporated or organized.

4. With respect to a Financial Account maintained in a jurisdiction with anti-money laundering rules that have been approved by the IRS in connection with a QI agreement (as described in relevant U.S. Treasury Regulations), any of the documents, other than a Form W-8 or W-9, referenced in the jurisdiction's attachment to the QI agreement for identifying individuals or Entities.

5. Any financial statement, third-party credit report, bankruptcy filing, or U.S. Securities and Exchange Commission report.

E. **Alternative Procedures for Financial Accounts Held by Individual Beneficiaries of a Cash Value Insurance Contract.** A Reporting South African Financial Institution may presume that an individual beneficiary (other than the owner) of a Cash Value Insurance Contract receiving a death benefit is not a Specified U.S. Person and may treat such Financial Account as other than a U.S. Reportable Account unless the Reporting South African Financial Institution has actual knowledge, or reason to know, that the beneficiary is a Specified U.S. Person. A Reporting South African Financial Institution has reason to know that a beneficiary of a Cash Value Insurance Contract is a Specified U.S. Person if the information collected by the Reporting South African Financial Institution and associated with the beneficiary contains U.S. indicia as described in subparagraph (B)(1) of section II of this Annex I. If a Reporting South African Financial Institution has actual knowledge, or reason to know, that the beneficiary is a Specified U.S. Person, the Reporting South African Financial Institution must follow the procedures in subparagraph B(3) of section II of this Annex I.

F. **Reliance on Third Parties.** Regardless of whether an election is made under paragraph C of section I of this Annex I, South Africa may permit Reporting South African Financial Institutions to rely on due diligence procedures performed by third parties, to the extent provided in relevant U.S. Treasury Regulations.

D. **Dokumentêre bewys.** Vir doeleindes van hierdie Aanhangsel I sluit aanvaarbare dokumentêre bewys enige van die volgende in:

1. 'n Sertifikaat van verblyf uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit) van die jurisdiksie waarin die voordeeltrekker beweer 'n inwoner te wees.

2. Ten opsigte van 'n individu, enige geldige identifikasie uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit), wat die individu se naam insluit en tipies vir identifikasiedoeleindes gebruik word.

3. Ten opsigte van 'n entiteit, enige amptelike dokumentasie uitgereik deur 'n gemagtigde regeringsliggaam (byvoorbeeld 'n regering of agentskap daarvan, of 'n munisipaliteit), wat die entiteit se naam insluit en óf die adres van sy hoofbeampte in die jurisdiksie (of VSA-gebied) waarin hy beweer hy 'n inwoner is, óf die jurisdiksie (of VSA-gebied) waarin die entiteit ingelyf of georganiseer is.

4. Ten opsigte van 'n finansiële rekening wat in stand gehou word in 'n jurisdiksie met teengeldwasseryreëls wat deur die IRS goedgekeur is in verband met 'n QI-ooreenkoms (soos in tersaaklike VSA-Tesourieregulasies beskryf), enige van die dokumente, uitgesonderd 'n Vorm W-8 of W-9, waarna verwys is in die jurisdiksie se aanhegsel by die QI-ooreenkoms vir die identifisering van individue of entiteite.

5. Enige finansiële staat, derdepartykredietverslag, bankrotskapaansoek, of verslag van die "US Securities and Exchange Commission".

E. **Alternatiewe prosedures vir finansiële rekeninge gehou deur individuele begunstigdes van 'n kontantwaardeversekeringskontrak.** 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling kan vermoed dat 'n individuele begunstigde (uitgesonderd die eienaar) van 'n kontantwaardeversekeringskontrak wat 'n sterftevoordeel ontvang, nie 'n gespesifiseerde VSA-persoon is nie en kan sodanige finansiële rekening as 'n ander rekening as 'n aanmeldbare VSA-rekening behandel, tensy die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling werklike kennis het, of rede het om te weet, dat die begunstigde 'n gespesifiseerde VSA-persoon is. 'n Verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling het rede om te weet dat 'n begunstigde van 'n kontantwaardeversekeringskontrak 'n gespesifiseerde VSA-persoon is indien die inligting wat deur die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling versamel is en met die begunstigde geassosieer word, VSA-aanwysers bevat soos beskryf in subparagraaf (B)(1) van afdeling II van hierdie Aanhangsel I. Indien 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling werklike kennis het, of rede het om te weet, dat die begunstigde 'n gespesifiseerde VSA-persoon is, moet die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling die prosedures in subparagraaf B(3) van afdeling II van hierdie Aanhangsel I volg.

F. **Staat maak op derde partye.** Ongeag of 'n besluit ingevolge paragraaf C van afdeling I van hierdie Aanhangsel I geneem word, kan Suid-Afrika die verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings toelaat om staat te maak op omsigtigheidsprosedures wat deur derde partye uitgevoer is, in soverre tersaaklike VSA-Tesourieregulasies daarvoor voorsiening maak.

# Annex II

The following Entities shall be treated as exempt beneficial owners or deemed-compliant FFIs, as the case may be, and the following accounts are excluded from the definition of Financial Accounts.

This Annex II may be modified by a mutual written decision entered into between the Competent Authorities of South Africa and the United States: (1) to include additional Entities and accounts that present a low risk of being used by U.S. Persons to evade U.S. tax and that have similar characteristics to the Entities and accounts described in this Annex II as of the date of signature of the Agreement; or (2) to remove Entities and accounts that, due to changes in circumstances, no longer present a low risk of being used by U.S. Persons to evade U.S. tax. Any such addition or removal shall be effective on the date of signature of the mutual decision, unless otherwise provided therein. Procedures for reaching such a mutual decision may be included in the mutual agreement or arrangement described in paragraph 6 of Article 3 of the Agreement.

I. **Exempt Beneficial Owners other than Funds.** The following Entities shall be treated as Non-Reporting South African Financial Institutions and as exempt beneficial owners for purposes of sections 1471 and 1472 of the U.S. Internal Revenue Code, ***other than*** with respect to a payment that is derived from an obligation held in connection with a commercial financial activity of a type engaged in by a Specified Insurance Company, Custodial Institution, or Depository Institution.

A. **Governmental Entity.** The government of South Africa, any political subdivision of South Africa (which, for the avoidance of doubt, includes a state, province, county, or municipality), or any wholly owned agency or instrumentality of South Africa or any one or more of the foregoing (each, a "South African Governmental Entity"). This category is comprised of the integral parts, controlled entities, and political subdivisions of South Africa.

1. An integral part of South Africa means any person, organization, agency, bureau, fund, instrumentality, or other body, however designated, that constitutes a governing authority of South Africa. The net earnings of the governing authority must be credited to its own account or to other accounts of South Africa, with no portion inuring to the benefit of any private person. An integral part does not include any individual who is a sovereign, official, or administrator acting in a private or personal capacity.

2. A controlled entity means an Entity that is separate in form from South Africa or that otherwise constitutes a separate juridical entity, provided that:

a) The Entity is wholly owned and controlled by one or more South African Governmental Entities directly or through one or more controlled entities;

b) The Entity's net earnings are credited to its own account or to the accounts of one or more South African Governmental Entities, with no portion of its income inuring to the benefit of any private person; and

## Aanhangsel II

Ondergenoemde entiteite word behandel as vrygestelde voordeeltrekkende eienaars of buitelandse finansiële instellings (BFI's) geag te voldoen, na gelang van die geval, en ondergenoemde rekenings word uitgesluit van die omskrywing van "finansiële rekenings":

Hierdie Aanhangsel kan gewysig word by wedersydse skriftelike besluit geneem deur die bevoegde owerhede van Suid-Afrika en die Verenigde State (1) ten einde bykomende entiteite en rekenings in te sluit wat 'n klein risiko inhou dat dit deur VSA-persone gebruik sal word om VSA-belasting te ontduik en wat met ingang van die datum van ondertekening van die Ooreenkoms soortgelyke eienskappe as dié van die entiteite en rekenings beskryf in hierdie Aanhangsel II het; of (2) ten einde entiteite en rekenings te verwyder wat weens veranderinge in omstandighede nie meer 'n klein risiko inhou dat dit deur VSA-persone gebruik sal word om VSA-belasting te ontduik nie. Enige sodanige byvoeging of verwydering word van krag op die datum waarop die wedersydse besluit onderteken word, tensy anders daarin bepaal word. Die prosedures om tot so 'n wedersydse besluit te geraak kan by die onderlinge ooreenkoms of reëling beskryf in paragraaf 6 van Artikel 3 van die Ooreenkoms ingesluit word.

I. **Vrygestelde voordeeltrekkende eienaars buiten fondse.** Die volgende entiteite word behandel as nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings en as vrygestelde voordeeltrekkende eienaars vir doeleindes van artikels 1471 en 1472 van die "U.S. Internal Revenue Code" **behalwe** ten opsigte van 'n betaling verkry uit 'n verpligting gehou in verband met 'n kommersiële finansiële aktiwiteit van 'n soort waarmee 'n gespesifiseerde versekeringsmaatskappy, bewaarinstelling of depositonemende instelling gemoeid is.

A. **Staatsentiteit.** Die regering van Suid-Afrika, enige staatkundige onderverdeling van Suid-Afrika (wat, duidelikheidshalwe, 'n staat, provinsie, distrik of munisipaliteit insluit) of enige agentskap of instansie volledig die eiendom van Suid-Afrika of enige een of meer van voornoemde (elk 'n "Suid-Afrikaanse staatsentiteit"). Hierdie kategorie bestaan uit die integrerende dele, beheerde entiteite en staatkundige onderverdelings van Suid-Afrika.

1. 'n Integrerende deel van Suid-Afrika beteken enige persoon, organisasie, agentskap, kantoor, fonds, instansie of ander liggaam, hoe ook al genoem, wat 'n regeringsowerheid van Suid-Afrika uitmaak. Die netto verdienste van die regeringsowerheid moet op sy eie rekening of ander rekenings van Suid-Afrika gekrediteer word en geen deel moet enige private persoon toeval nie. 'n Integrerende deel sluit nie 'n individu in nie wat 'n vors, beampte of administrateur is wat in 'n private of persoonlike hoedanigheid handel nie.

2. 'n Beheerde entiteit beteken 'n entiteit wat in vorm afsonderlik van Suid-Afrika is of wat andersins 'n afsonderlike regsentiteit is: Met dien verstande dat—

a) die entiteit volledig die eiendom is van en beheer word deur een of meer Suid-Afrikaanse staatsentiteite, regstreeks of deur een of meer beheerde entiteite;

b) die entiteit se netto verdienste gekrediteer word op sy eie rekening of op die rekenings van een of meer Suid-Afrikaanse staatsentiteite, met geen deel van sy inkomste wat 'n private persoon toeval nie; en

c) The Entity's assets vest in one or more South African Governmental Entities upon dissolution.

3. Income does not inure to the benefit of private persons if such persons are the intended beneficiaries of a governmental program, and the program activities are performed for the general public with respect to the common welfare or relate to the administration of some phase of government. Notwithstanding the foregoing, however, income is considered to inure to the benefit of private persons if the income is derived from the use of a governmental entity to conduct a commercial business, such as a commercial banking business, that provides financial services to private persons.

B. **International Organization**. Any international organization or wholly owned agency or instrumentality thereof. This category includes any intergovernmental organization (including a supranational organization) (1) that is comprised primarily of non-U.S. governments; (2) that has in effect a headquarters agreement with South Africa; and (3) the income of which does not inure to the benefit of private persons.

C. **Central Bank**. An institution that is by law or government sanction the principal authority, other than the government of South Africa itself, issuing instruments intended to circulate as currency. Such an institution may include an instrumentality that is separate from the government of South Africa, whether or not owned in whole or in part by South Africa.

II. **Funds that Qualify as Exempt Beneficial Owners**. The following Entities shall be treated as Non-Reporting South African Financial Institutions and as exempt beneficial owners for purposes of sections 1471 and 1472 of the U.S. Internal Revenue Code.

A. **Treaty-Qualified Retirement Fund**. A fund established in South Africa, provided that the fund is entitled to benefits under an income tax treaty between South Africa and the United States on income that it derives from sources within the United States (or would be entitled to such benefits if it derived any such income) as a resident of South Africa that satisfies any applicable limitation on benefits requirement, and is operated principally to administer or provide pension or retirement benefits.

B. **Broad Participation Retirement Fund**. A fund established in South Africa to provide retirement, disability, or death benefits, or any combination thereof, to beneficiaries that are current or former employees (or persons designated by such employees) of one or more employers in consideration for services rendered, provided that the fund:

1. Does not have a single beneficiary with a right to more than five percent of the fund's assets;

2. Is subject to government regulation and provides annual information reporting about its beneficiaries to the relevant tax authorities in South Africa; and

c) die entiteit se bates by sy ontbinding oorgaan op een of meer Suid-Afrikaanse staatsentiteite.

3. Inkomste val nie 'n private persoon toe nie indien so 'n persoon die beoogde begunstigde van 'n staatsprogram is en die programaktiwiteite vir die algemene publiek verrig word ter wille van die algemene welsyn of in verband met die administrasie van die een of ander regeringsfase. Desondanks word inkomste geag 'n private persoon toe te val indien die inkomste verkry word uit die gebruik van 'n staatsentiteit om 'n handelsaak, soos 'n handelsbankonderneming, te dryf wat finansiële dienste aan private persone lewer.

B. <u>Internasionale organisasie.</u> Enige internasionale organisasie of 'n agentskap of instansie wat volledig die eiendom daarvan is. Hierdie kategorie sluit enige tussenowerheidsorganisasie (met inbegrip van 'n supranasionale organisasie) in (1) wat hoofsaaklik uit nie-VSA-owerhede bestaan; (2) wat 'n geldige hoofkwartierooreenkoms met Suid-Afrika het; en (3) waarvan die inkomste nie private persone toeval nie.

C. <u>Sentrale bank.</u> 'n Instelling wat regtens of met staatsgoedkeuring die hoofowerheid is, behalwe die Suid-Afrikaanse regering self, wat instrumente uitreik wat as geldeenheid moet sirkuleer. So 'n instelling kan 'n instansie insluit wat afsonderlik van die regering van Suid-Afrika is, ongeag of dit geheel en al of gedeeltelik die eiendom van Suid-Afrika is, al dan nie.

II. <u>Fondse wat as vrygestelde voordeeltrekkende eienaars kwalifiseer.</u> Vir doeleindes van artikels 1471 en 1472 van die "U.S. Internal Revenue Code" word die volgende entiteite behandel as nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings en as vrygestelde voordeeltrekkende eienaars.

A. <u>By verdrag erkende aftreefonds.</u> 'n Fonds, in Suid-Afrika opgerig, wat kragtens 'n inkomstebelastingverdrag tussen Suid-Afrika en die VSA geregtig is op voordele op inkomste wat hy verkry uit bronne binne die VSA (of wat geregtig sal wees op sodanige voordele indien hy sodanige inkomste verkry) as 'n inwoner van Suid-Afrika wat voldoen aan enige toepaslike vereiste rakende 'n beperking op voordele, en wat bedryf word hoofsaaklik om pensioen- of aftreevoordele te administreer.

B. <u>Aftreefonds met breë deelname.</u> 'n Fonds in Suid-Afrika opgerig om aftree-, ongeskiktheids- of sterftevoordele, of enige kombinasie daarvan, te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige werknemers is (of persone deur sodanige werknemers aangewys) van een of meer werkgewers, as teenprestasie vir dienste gelewer: Met dien verstande dat die fonds—

1. nie 'n enkele begunstigde het wat 'n reg op meer as vyf persent van die fonds se bates het nie;

2. onderworpe is aan staatsregulering en jaarliks 'n inligtingsverslag oor sy begunstigdes aan die betrokke Suid-Afrikaanse belastingowerheid verstrek; en

3. Satisfies at least one of the following requirements:

a) The fund is generally exempt from tax in South Africa on investment income under the laws of South Africa due to its status as a retirement or pension plan;

b) The fund receives at least 50 percent of its total contributions (other than transfers of assets from other plans described in paragraphs A through D of this section or from retirement and pension accounts described in subparagraph A(1) of section V of this Annex II) from the sponsoring employers;

c) Distributions or withdrawals from the fund are allowed only upon the occurrence of specified events related to retirement, disability, or death (except rollover distributions to other retirement funds described in paragraphs A through D of this section or retirement and pension accounts described in subparagraph A(1) of section V of this Annex II), or penalties apply to distributions or withdrawals made before such specified events; or

d) Contributions (other than certain permitted make-up contributions) by employees to the fund are limited by reference to earned income of the employee or may not exceed $50,000 annually, applying the rules set forth in Annex I for account aggregation and currency translation.

C. Narrow Participation Retirement Fund. A fund established in South Africa to provide retirement, disability, or death benefits to beneficiaries that are current or former employees (or persons designated by such employees) of one or more employers in consideration for services rendered, provided that:

1. The fund has fewer than 50 participants;

2. The fund is sponsored by one or more employers that are not Investment Entities or Passive NFFEs;

3. The employee and employer contributions to the fund (other than transfers of assets from treaty-qualified retirement funds described in paragraph A of this section or retirement and pension accounts described in subparagraph A(1) of section V of this Annex II) are limited by reference to earned income and compensation of the employee, respectively;

4. Participants that are not residents of South Africa are not entitled to more than 20 percent of the fund's assets; and

5. The fund is subject to government regulation and provides annual information reporting about its beneficiaries to the relevant tax authorities in South Africa.

3. voldoen aan minstens een van die volgende vereistes:

a) Die fonds is in Suid-Afrika ingevolge die Suid-Afrikaanse reg in die algemeen vrygestel van belasting op beleggingsinkomste vanweë sy status as 'n aftree- of pensioenplan;

b) die fonds ontvang minstens 50 persent van sy totale bydraes (buiten bateoordragte uit ander planne beskryf in paragrawe A tot en met D van hierdie deel, of uit aftree- en pensioenrekenings beskryf in subparagraaf A(1) van afdeling V van hierdie Aanhangsel II) van bydraende werkgewers;

c) uitkerings of onttrekkings uit die fonds word slegs by die voorkoms van gespesifiseerde gebeurtenisse in verband met aftrede, ongeskiktheid of dood toegelaat (behalwe oordragbetalings aan ander aftreefondse beskryf in paragrawe A tot en met D van hierdie afdeling, of aftree- en pensioenrekenings beskryf in subparagraaf A(1) van afdeling V van hierdie Aanhangsel II); so nie is boetes van toepassing op uitkerings of onttrekkings gedoen voor sodanige gespesifiseerde gebeurtenisse; of

d) bydraes (behalwe sekere toegelate aanvulbydraes) deur werknemers tot die fonds word beperk aan die hand van die verdiende inkomste van die werknemer, of mag nie $50 000 per jaar oorskry nie as die reëls uiteengesit in Aanhangsel I vir rekeningsaamvoeging en valutaomrekening toegepas word.

C. <u>Aftreefonds met beperkte deelname.</u> 'n Fonds in Suid-Afrika opgerig om aftree-, ongeskiktheids- of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes wat huidige of voormalige werknemers is (of persone deur sodanige werknemers aangewys) van een of meer werkgewers, as teenprestasie vir dienste gelewer: Met dien verstande dat—

1. die fonds minder as 50 deelnemers het;

2. die fonds geborg word deur een of meer werkgewers wat nie beleggingsentiteite of passiewe niefinansiële buitelandse entiteite (NFBE's) is nie;

3. die werkgewer- en werknemerbydraes tot die fonds (behalwe bateoordragte uit by verdrag erkende aftreefondse beskryf in paragraaf A van hierdie afdeling, of aftree- en pensioenrekenings beskryf in subparagraaf A(1) van afdeling V van hierdie Aanhangsel II) beperk word aan die hand van onderskeidelik die verdiende inkomste en vergoeding van die werknemer;

4. deelnemers wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie, nie geregtig is op meer as 20 persent van die fonds se bates nie; en

5. die fonds onderworpe is aan staatsregulering en jaarliks 'n inligtingsverslag oor sy begunstigdes aan die betrokke Suid-Afrikaanse belastingowerheid verstrek.

D. **Pension Fund of an Exempt Beneficial Owner**. A fund established in South Africa by an exempt beneficial owner to provide retirement, disability, or death benefits to beneficiaries or participants that are current or former employees of the exempt beneficial owner (or persons designated by such employees), or that are not current or former employees, if the benefits provided to such beneficiaries or participants are in consideration of personal services performed for the exempt beneficial owner.

E. **Investment Entity Wholly Owned by Exempt Beneficial Owners**. An Entity that is a South African Financial Institution solely because it is an Investment Entity, provided that each direct holder of an Equity Interest in the Entity is an exempt beneficial owner, and each direct holder of a debt interest in such Entity is either a Depository Institution (with respect to a loan made to such Entity) or an exempt beneficial owner.

III. **Small or Limited Scope Financial Institutions that Qualify as Deemed-Compliant FFIs**. The following Financial Institutions are Non-Reporting South African Financial Institutions that shall be treated as deemed-compliant FFIs for purposes of section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code.

A. **Financial Institution with a Local Client Base**. A Financial Institution satisfying the following requirements:

1. The Financial Institution must be licensed and regulated as a financial institution under the laws of South Africa;

2. The Financial Institution must have no fixed place of business outside of South Africa. For this purpose, a fixed place of business does not include a location that is not advertised to the public and from which the Financial Institution performs solely administrative support functions;

3. The Financial Institution must not solicit customers or Account Holders outside South Africa. For this purpose, a Financial Institution shall not be considered to have solicited customers or Account Holders outside South Africa merely because the Financial Institution (a) operates a website, provided that the website does not specifically indicate that the Financial Institution provides Financial Accounts or services to nonresidents, and does not otherwise target or solicit U.S. customers or Account Holders, or (b) advertises in print media or on a radio or television station that is distributed or aired primarily within South Africa but is also incidentally distributed or aired in other countries, provided that the advertisement does not specifically indicate that the Financial Institution provides Financial Accounts or services to nonresidents, and does not otherwise target or solicit U.S. customers or Account Holders;

4. The Financial Institution must be required under the laws of South Africa to identify resident Account Holders for purposes of either information reporting or withholding of tax with respect to Financial Accounts held by residents or for purposes of satisfying South Africa's AML due diligence requirements;

D. **Pensioenfonds van 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar.** 'n Fonds in Suid-Afrika opgerig deur 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar om aftree-, ongeskiktheids- of sterftevoordele te verskaf aan begunstigdes of deelnemers wat huidige of voormalige werknemers van die vrygestelde voordeeltrekkende eienaar is (of persone deur sodanige werknemers aangewys), of wat nie huidige of voormalige werknemers is nie, indien die voordele aan sodanige begunstigdes of deelnemers verskaf word as teenprestasie vir persoonlike dienste gelewer aan die vrygestelde voordeeltrekkende eienaar.

E. **Beleggingsentiteit wat volledig die eiendom is van vrygestelde voordeeltrekkende eienaars.** 'n Entiteit wat 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling is bloot omdat dit 'n beleggingsentiteit is: Met dien verstande dat elke regstreekse houer van 'n ekwiteitsbelang in die entiteit 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar is en elke regstreekse houer van 'n skuldbelang in sodanige entiteit óf 'n depositonemende instelling (ten opsigte van 'n lening aan sodanige entiteit) óf 'n vrygestelde voordeeltrekkende eienaar is.

III. **Klein finansiële instellings of finansiële instellings met beperkte bestek wat kwalifiseer as BFI's geag te voldoen.** Die volgende finansiële instellings wat vir doeleindes van artikel 1471 van die "U.S. Internal Revenue Code" as BFI's geag te voldoen behandel moet word.

A. **Finansiële instelling met 'n plaaslike kliëntebasis.** 'n Finansiële instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die finansiële instelling moet ingevolge die Suid-Afrikaanse reg as 'n finansiële instelling gelisensieer en gereguleer word.

2. Die finansiële instelling mag geen vaste besigheidsplek buite Suid-Afrika hê nie. Vir die doel hiervan sluit 'n vaste besigheidsplek nie 'n plek in wat nie onder die publiek geadverteer word nie en waarvandaan die finansiële instelling bloot administratiewe steunwerksaamhede lewer.

3. Die finansiële instelling mag nie kliënte of rekeninghouers buite Suid-Afrika werf nie. Vir die doel hiervan word 'n finansiële instelling nie geag kliënte of rekeninghouers buite Suid-Afrika te gewerf het nie bloot omdat die finansiële instelling (a) 'n webwerf bedryf, mits die webwerf nie spesifiek aandui dat die finansiële instelling finansiële rekenings of dienste aan nie-inwoners verskaf nie en nie andersins VSA-kliënte of -rekeninghouers teiken of werf nie; of (b) in gedrukte media of op radio of televisie adverteer wat hoofsaaklik binne Suid-Afrika versprei of uitgesaai word, maar wat ook toevallig in ander lande versprei of uitgesaai word, mits die advertering nie spesifiek aandui dat die finansiële instelling finansiële rekenings of dienste aan nie-inwoners verskaf nie en nie andersins VSA-kliënte of -rekeninghouers teiken of werf nie.

4. Die finansiële instelling moet ingevolge die Suid-Afrikaanse reg verplig wees om inwonende rekeninghouers te identifiseer vir doeleindes van óf inligtingverslagdoening óf die terughouding van belasting ten opsigte van finansiële rekenings gehou deur inwoners, of vir doeleindes van voldoening aan Suid-Afrika se vereistes rakende teengeldwassery-omsigtigheidsondersoeke.

5. At least 98 percent of the Financial Accounts by value maintained by the Financial Institution must be held by residents (including residents that are Entities) of South Africa;

6. Beginning on or before July 1, 2014, the Financial Institution must have policies and procedures, consistent with those set forth in Annex I, to prevent the Financial Institution from providing a Financial Account to any Nonparticipating Financial Institution and to monitor whether the Financial Institution opens or maintains a Financial Account for any Specified U.S. Person who is not a resident of South Africa (including a U.S. Person that was a resident of South Africa when the Financial Account was opened but subsequently ceases to be a resident of South Africa) or any Passive NFFE with Controlling Persons who are U.S. residents or U.S. citizens who are not residents of South Africa;

7. Such policies and procedures must provide that if any Financial Account held by a Specified U.S. Person who is not a resident of South Africa or by a Passive NFFE with Controlling Persons who are U.S. residents or U.S. citizens who are not residents of South Africa is identified, the Financial Institution must report such Financial Account as would be required if the Financial Institution were a Reporting South African Financial Institution (including by following the applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website) or close such Financial Account;

8. With respect to a Preexisting Account held by an individual who is not a resident of South Africa or by an Entity, the Financial Institution must review those Preexisting Accounts in accordance with the procedures set forth in Annex I applicable to Preexisting Accounts to identify any U.S. Reportable Account or Financial Account held by a Nonparticipating Financial Institution, and must report such Financial Account as would be required if the Financial Institution were a Reporting South African Financial Institution (including by following the applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website) or close such Financial Account;

9. Each Related Entity of the Financial Institution that is a Financial Institution must be incorporated or organized in South Africa and, with the exception of any Related Entity that is a retirement fund described in paragraphs A through D of section II of this Annex II, satisfy the requirements set forth in this paragraph A; and

10. The Financial Institution must not have policies or practices that discriminate against opening or maintaining Financial Accounts for individuals who are Specified U.S. Persons and residents of South Africa.

5. Minstens 98 persent van die finansiële rekenings volgens waarde wat deur die finansiële instelling in stand gehou word, moet gehou word deur inwoners (met inbegrip van inwoners wat entiteite is) van Suid-Afrika.

6. Met ingang van 1 Julie 2014 of vroeër moet die finansiële instelling beleide en prosedures hê wat versoenbaar is met dié uiteengesit in Aanhangsel I, ten einde die finansiële instelling te verhoed om 'n finansiële rekening aan 'n niedeelnemende finansiële instelling te verskaf en ten einde te monitor of die finansiële instelling 'n finansiële rekening open of in stand hou vir 'n gespesifiseerde VSA-persoon wat nie 'n inwoner van Suid-Afrika (met inbegrip van 'n VSA-persoon wat 'n inwoner van Suid-Afrika was toe die finansiële rekening geopen is, maar daarna opgehou het om 'n inwoner van Suid-Afrika te wees) of 'n passiewe NFBE met beherende persone wat VSA-inwoners of VSA-burgers is wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie.

7. Sodanige beleide en prosedures moet bepaal dat indien 'n finansiële rekening gehou deur 'n gespesifiseerde VSA-persoon wat nie 'n inwoner van Suid-Afrika is nie, of deur 'n passiewe NFBE met beherende persone wat VSA-persone of VSA-burgers is wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie, geïdentifiseer word, die finansiële instelling sodanige finansiële rekening moet aanmeld soos gedoen sou moes word indien die finansiële instelling 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling was (ook deur die toepaslike registrasievereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf te volg), of moet sluit.

8. Met betrekking tot 'n vooraf bestaande rekening gehou deur 'n individu wat nie 'n inwoner van Suid-Afrika is nie, of deur 'n entiteit, moet die finansiële instelling daardie vooraf bestaande rekening nagaan ooreenkomstig die prosedures uiteengesit in Aanhangsel I wat op vooraf bestaande rekenings van toepassing is, ten einde enige aanmeldbare VSA-rekening of enige finansiële rekening gehou deur 'n niedeelnemende finansiële instelling te identifiseer, en moet die finansiële instelling sodanige finansiële rekening aanmeld soos wat gedoen sou moes word indien die finansiële instelling 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling was (ook deur die toepaslike registrasievereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf te volg) of sodanige finansiële rekening sluit.

9. Elke verwante entiteit van die finansiële instelling wat 'n finansiële instelling is, moet in Suid-Afrika ingelyf of georganiseer wees en, met uitsondering van enige verwante entiteit wat 'n aftreefonds is beskryf in paragrawe A tot en met D van afdeling II van hierdie Aanhangsel II, voldoen aan die vereistes uiteengesit in hierdie paragraaf A.

10. Die finansiële instelling mag nie beleide of prosedures hê wat diskrimineer teen die opening of instandhouding van finansiële rekenings vir individue wat gespesifiseerde VSA-persone en inwoners van Suid-Afrika is nie.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

B. Local Bank. A Financial Institution satisfying the following requirements:

1. The Financial Institution operates solely as (and is licensed and regulated under the laws of South Africa as) (a) a bank or (b) a credit union or similar cooperative credit organization that is operated without profit;

2. The Financial Institution's business consists primarily of receiving deposits from and making loans to, with respect to a bank, unrelated retail customers and, with respect to a credit union or similar cooperative credit organization, members, provided that no member has a greater than five percent interest in such credit union or cooperative credit organization;

3. The Financial Institution satisfies the requirements set forth in subparagraphs A(2) and A(3) of this section, provided that, in addition to the limitations on the website described in subparagraph A(3) of this section, the website does not permit the opening of a Financial Account;

4. The Financial Institution does not have more than $175 million in assets on its balance sheet, and the Financial Institution and any Related Entities, taken together, do not have more than $500 million in total assets on their consolidated or combined balance sheets; and

5. Any Related Entity must be incorporated or organized in South Africa, and any Related Entity that is a Financial Institution, with the exception of any Related Entity that is a retirement fund described in paragraphs A through D of section II of this Annex II or a Financial Institution with only low-value accounts described in paragraph C of this section, must satisfy the requirements set forth in this paragraph B.

C. Financial Institution with Only Low-Value Accounts. A South African Financial Institution satisfying the following requirements:

1. The Financial Institution is not an Investment Entity;

2. No Financial Account maintained by the Financial Institution or any Related Entity has a balance or value in excess of $50,000, applying the rules set forth in Annex I for account aggregation and currency translation; and

3. The Financial Institution does not have more than $50 million in assets on its balance sheet, and the Financial Institution and any Related Entities, taken together, do not have more than $50 million in total assets on their consolidated or combined balance sheets.

B. **Plaaslike bank.** 'n Finansiële instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die finansiële instelling word bedryf uitsluitlik (en word gelisensieer en gereguleer kragtens die reg van Suid-Afrika) as (a) 'n bank of (b) 'n kredietvereniging of soortgelyke koöperatiewe kredietorganisasie wat sonder winsoogmerk bedryf word.

2. Die finansiële instelling se besigheid bestaan hoofsaaklik uit die neem van deposito's deur en die toestaan van lenings aan, wat die bank betref, onverwante kleinhandelskliënte en, wat die kredietvereniging of soortgelyke koöperatiewe kredietorganisasie betref, lede: Met dien verstande dat geen lid 'n belang van meer as vyf persent in sodanige kredietvereniging of koöperatiewe kredietorganisasie het nie.

3. Die finansiële instelling moet voldoen aan die vereistes uiteengesit in subparagrawe A(2) en A(3) van hierdie afdeling: Met dien verstande dat, benewens die beperkings op die webwerf beskryf in subparagraaf A(3) van hierdie afdeling, die webwerf nie die opening van 'n finansiële rekening toelaat nie.

4. Die finansiële instelling mag nie op sy balansstaat bates van meer as $175 miljoen hê nie, en die finansiële instelling en enige verwante entiteite mag gesamentlik nie meer as $500 miljoen in totale bates op hul gekonsolideerde of gekombineerde of gekonsolideerde balansstate hê nie.

5. 'n Verwante entiteit moet in Suid-Afrika ingelyf of georganiseer wees en enige verwante entiteit wat 'n finansiële instelling is, met uitsondering van 'n verwante entiteit wat 'n aftreefonds is soos beskryf in paragrawe A tot en met D van afdeling II van hierdie Aanhangsel II, of 'n finansiële instelling met slegs laewaarderekenings beskryf in paragraaf C van hierdie afdeling, moet voldoen aan die vereistes uiteengesit in hierdie paragraaf B.

C. **Finansiële instelling met slegs laewaarderekenings.** 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die finansiële instelling mag nie 'n beleggingsentiteit wees nie.

2. Geen finansiële rekening wat deur die finansiële instelling of 'n verwante entiteit in stand gehou word, mag 'n saldo van meer as $50 000 hê nie met toepassing van die reëls vir rekeningsaamvoeging en valutaomrekening uiteengesit in Aanhangsel I.

3. Die finansiële instelling mag nie meer as $50 miljoen in bates op sy balansstaat hê nie, en die finansiële instelling en enige verwante entiteite gesamentlik mag nie meer as $50 miljoen in totale bates op hul gekonsolideerde of gekombineerde balansstate hê nie.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

D. **Qualified Credit Card Issuer**. A South African Financial Institution satisfying the following requirements:

1. The Financial Institution is a Financial Institution solely because it is an issuer of credit cards that accepts deposits only when a customer makes a payment in excess of a balance due with respect to the card and the overpayment is not immediately returned to the customer; and

2. Beginning on or before July 1, 2014, the Financial Institution implements policies and procedures to either prevent a customer deposit in excess of $50,000, or to ensure that any customer deposit in excess of $50,000, in each case applying the rules set forth in Annex I for account aggregation and currency translation, is refunded to the customer within 60 days. For this purpose, a customer deposit does not refer to credit balances to the extent of disputed charges but does include credit balances resulting from merchandise returns.

IV. **Investment Entities that Qualify as Deemed-Compliant FFIs and Other Special Rules**. The Financial Institutions described in paragraphs A through E of this section are Non-Reporting South African Financial Institutions that shall be treated as deemed-compliant FFIs for purposes of section 1471 of the U.S. Internal Revenue Code. In addition, paragraph F of this section provides special rules applicable to an Investment Entity.

A. **Trustee-Documented Trust**. A trust established under the laws of South Africa to the extent that the trustee of the trust is a Reporting U.S. Financial Institution, Reporting Model 1 FFI, or Participating FFI and reports all information required to be reported pursuant to the Agreement with respect to all U.S. Reportable Accounts of the trust.

B. **Sponsored Investment Entity and Controlled Foreign Corporation**. A Financial Institution described in subparagraph B(1) or B(2) of this section having a sponsoring entity that complies with the requirements of subparagraph B(3) of this section.

1. A Financial Institution is a sponsored investment entity if (a) it is an Investment Entity established in South Africa that is not a qualified intermediary, withholding foreign partnership, or withholding foreign trust pursuant to relevant U.S. Treasury Regulations; and (b) an Entity has agreed with the Financial Institution to act as a sponsoring entity for the Financial Institution.

D. **Erkende kredietkaartuitreiker.** 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die finansiële instelling is 'n finansiële instelling uitsluitlik omdat hy 'n uitreiker van kredietkaarte is wat deposito's neem slegs wanneer 'n kliënt 'n betaling maak wat die balans verskuldig met betrekking tot die kaart oorskry en die oorbetaling nie dadelik aan die kliënt terugbetaal word nie.

2. Met ingang van 1 Julie 2014 of vroeër moet die finansiële instelling beleide en prosedures instel ten einde 'n kliënt te verhoed om 'n deposito van meer as $50 000 te maak, of ten einde te verseker dat die deposito van enige kliënt wat meer as $50 000 deponeer, telkens met toepassing van die reëls uiteengesit in Aanhangsel I vir rekeningsaamvoeging en valutaomrekening, binne 60 dae aan die kliënt terugbetaal word. Vir die doel hiervan beteken 'n kliëntdeposito nie kredietsaldo's betreffende betwiste gelde nie, maar sluit dit wel kredietsaldo's in wat voortspruit uit die teruggawe van handelsware.

IV. **Beleggingsentiteite wat kwalifiseer as BFI's geag te voldoen en ander spesiale reëls.** Die finansiële instellings beskryf in paragrawe A tot en met E van hierdie afdeling is nieverslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instellings wat behandel moet word as BFI's geag te voldoen vir doeleindes van artikel 1471 van die "U.S. Internal Revenue Code". Daarbenewens stel paragraaf F van hierdie afdeling spesiale reëls wat op 'n beleggingsentiteit van toepassing is.

A. **Trusteegedokumenteerde trust.** 'n Trust opgerig kragtens die reg van Suid-Afrika in die mate dat die trustee van die trust 'n verslagdoenende finansiële instelling van die VSA, 'n verslagdoenende Model 1-BFI of 'n deelnemende BFI is, en alle inligting wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aangemeld moet word, aanmeld met betrekking tot alle aanmeldbare VSA-rekenings van die trust.

B. **Geborgde beleggingsentiteit en beheerde buitelandse korporasie.** 'n Finansiële instelling beskryf in subparagraaf B(1) of B(2) van hierdie afdeling wat 'n borgentiteit het wat voldoen aan die vereistes van subparagraaf B(3) van hierdie afdeling.

1. 'n Finansiële instelling is 'n geborgde beleggingsentiteit indien (a) dit 'n beleggingsentiteit opgerig in Suid-Afrika is wat nie 'n erkende tussenganger, 'n terughoudingspligtige buitelandse vennootskap, of 'n terughoudingspligtige buitelandse trust ooreenkomstig die toepaslike VSA-tesourieregulasies is nie; en (b) 'n entiteit met die finansiële instelling ooreengekom het om as 'n borgentiteit vir die finansiële instelling op te tree.

2. A Financial Institution is a sponsored controlled foreign corporation if (a) the Financial Institution is a controlled foreign corporation[1] organized under the laws of South Africa that is not a qualified intermediary, withholding foreign partnership, or withholding foreign trust pursuant to relevant U.S. Treasury Regulations; (b) the Financial Institution is wholly owned, directly or indirectly, by a Reporting U.S. Financial Institution that agrees to act, or requires an affiliate of the Financial Institution to act, as a sponsoring entity for the Financial Institution; and (c) the Financial Institution shares a common electronic account system with the sponsoring entity that enables the sponsoring entity to identify all Account Holders and payees of the Financial Institution and to access all account and customer information maintained by the Financial Institution including, but not limited to, customer identification information, customer documentation, account balance, and all payments made to the Account Holder or payee.

3. The sponsoring entity complies with the following requirements:

a) The sponsoring entity is authorized to act on behalf of the Financial Institution (such as a fund manager, trustee, corporate director, or managing partner) to fulfill applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website;

b) The sponsoring entity has registered as a sponsoring entity with the IRS on the IRS FATCA registration website;

c) If the sponsoring entity identifies any U.S. Reportable Accounts with respect to the Financial Institution, the sponsoring entity registers the Financial Institution pursuant to applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website on or before the later of December 31, 2015 and the date that is 90 days after such a U.S. Reportable Account is first identified;

d) The sponsoring entity agrees to perform, on behalf of the Financial Institution, all due diligence, withholding, reporting, and other requirements that the Financial Institution would have been required to perform if it were a Reporting South African Financial Institution;

---

[1] A "controlled foreign corporation" means any foreign corporation if more than 50 percent of the total combined voting power of all classes of stock of such corporation entitled to vote, or the total value of the stock of such corporation, is owned, or is considered as owned, by "United States shareholders" on any day during the taxable year of such foreign corporation. The term a "United States shareholder" means, with respect to any foreign corporation, a United States person who owns, or is considered as owning, 10 percent or more of the total combined voting power of all classes of stock entitled to vote of such foreign corporation.

2. 'n Finansiële instelling is 'n geborgde beheerde buitelandse korporasie indien (a) die finansiële instelling 'n beheerde buitelandse korporasie[1] is, georganiseer kragtens die reg van Suid-Afrika, wat nie 'n erkende tussenganger, 'n terughoudingspligtige buitelandse vennootskap of 'n terughoudingspligtige buitelandse trust ooreenkomstig die toepaslike VSA-tesourieregulasies is nie; (b) die finansiële instelling volledig die eiendom is, regstreeks of onregstreeks, van 'n verslagdoenende VSA finansiële instelling wat instem om op te tree, of van 'n geaffilieerde van die finansiële instelling vereis om op te tree, as 'n borgentiteit vir die finansiële instelling; en (c) die finansiële instelling 'n gemeenskaplike elektroniese rekeningstelsel deel wat die borgentiteit in staat stel om alle rekeninghouers en begunstigdes van die finansiële instelling te identifiseer en toegang te verkry tot alle rekening- en kliëntinligting wat deur die finansiële instelling gehou word, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, kliëntidentifikasie-inligting, kliëntdokumente, rekeningsaldo en alle betalings gedoen aan die rekeninghouer of begunstigde.

3. Die borgentiteit moet aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die borgentiteit moet gemagtig wees om namens die finansiële instelling te handel (byvoorbeeld as 'n fondsbestuurder, trustee, korporatiewe direkteur of besturende vennoot) om toepaslike registrasie vereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf na te kom.

b) Die borgentiteit moet hom op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf as 'n borgentiteit by die IRS geregistreer het.

c) Indien die borgentiteit enige aanmeldbare VSA-rekenings met betrekking tot die finansiële instelling identifiseer, moet die borgentiteit die finansiële instelling voor of op 31 Desember 2015 en die datum wat 90 dae is nadat sodanige aanmeldbare VSA-rekening vir die eerste keer geïdentifiseer is, registreer ooreenkomstig die toepaslike registrasievereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf.

d) Die borgentiteit moet instem om namens die finansiële instelling alle omsigtigheids-, terughoudings-, verslagdoenings- en ander vereistes na te kom wat die finansiële instelling sou moes nakom indien hy 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling was.

[1] "Beheerde buitelandse korporasie" beteken enige buitelandse korporasie indien meer as 50 persent van die totale gekombineerde stembevoegdheid van alle klasse aandele van sodanige korporasie wat stemreg het, of indien die totale waarde van die aandele van sodanige korporasie die eiendom is, of geag word die eiendom te wees, van "VSA-aandeelhouers" op enige dag van die belastingjaar van sodanige buitelandse korporasie. Die uitdrukking "VSA-aandeelhouer" beteken, met betrekking tot enige buitelandse korporasie, 'n VSA-persoon wat die eienaar is, of geag word die eienaar te wees, van 10 persent of meer van die totale gekombineerde stembevoegdheid van alle klasse aandele met stemreg van sodanige buitelandse korporasie.

e) The sponsoring entity identifies the Financial Institution and includes the identifying number of the Financial Institution (obtained by following applicable registration requirements on the IRS FATCA registration website) in all reporting completed on the Financial Institution's behalf; and

f) The sponsoring entity has not had its status as a sponsor revoked.

C. <u>**Sponsored, Closely Held Investment Vehicle**</u>. A South African Financial Institution satisfying the following requirements:

1. The Financial Institution is a Financial Institution solely because it is an Investment Entity and is not a qualified intermediary, withholding foreign partnership, or withholding foreign trust pursuant to relevant U.S. Treasury Regulations;

2. The sponsoring entity is a Reporting U.S. Financial Institution, Reporting Model 1 FFI, or Participating FFI, is authorized to act on behalf of the Financial Institution (such as a professional manager, trustee, or managing partner), and agrees to perform, on behalf of the Financial Institution, all due diligence, withholding, reporting, and other requirements that the Financial Institution would have been required to perform if it were a Reporting South African Financial Institution;

3. The Financial Institution does not hold itself out as an investment vehicle for unrelated parties;

4. Twenty or fewer individuals own all of the debt interests and Equity Interests in the Financial Institution (disregarding debt interests owned by Participating FFIs and deemed-compliant FFIs and Equity Interests owned by an Entity if that Entity owns 100 percent of the Equity Interests in the Financial Institution and is itself a sponsored Financial Institution described in this paragraph C); and

5. The sponsoring entity complies with the following requirements:

a) The sponsoring entity has registered as a sponsoring entity with the IRS on the IRS FATCA registration website;

b) The sponsoring entity agrees to perform, on behalf of the Financial Institution, all due diligence, withholding, reporting, and other requirements that the Financial Institution would have been required to perform if it were a Reporting South African Financial Institution and retains documentation collected with respect to the Financial Institution for a period of six years;

c) The sponsoring entity identifies the Financial Institution in all reporting completed on the Financial Institution's behalf; and

e) Die borgentiteit moet die finansiële instelling identifiseer en die identifikasienommer van die finansiële instelling (verkry deur die toepaslike registrasievereistes op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf te volg) insluit by alle verslagdoening voltooi namens die finansiële instelling.

f) Die status van die borgentiteit as 'n borg mag nie ingetrek wees nie.

C. **Geborgde beleggingsinstrument met nou aandeelbesit.** 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling wat aan die volgende vereistes voldoen:

1. Die finansiële instelling moet 'n finansiële instelling wees uitsluitlik omdat dit 'n beleggingsentiteit is en mag nie 'n erkende tussenganger, terughoudingspligtige buitelandse vennootskap of 'n terughoudings-pligtige buitelandse trust ooreenkomstig die toepaslike VSA-tesourieregulasies wees nie.

2. Die borgentiteit moet 'n verslagdoenende VSA finansiële instelling, 'n verslagdoenende Model 1-BFI, of 'n deelnemende BFI wees, moet gemagtig wees om namens die finansiële instelling te handel (byvoorbeeld as 'n fondsbestuurder, trustee of besturende vennoot) en moet instem om namens die finansiële instelling alle omsigtigheids-, terughoudings-, verslagdoenings- en ander vereistes na te kom wat die finansiële instelling sou moes nakom indien hy 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling was.

3. Die finansiële instelling mag hom nie voordoen as 'n beleggings-instrument vir onverwante partye nie.

4. Twintig of minder individue moet die eienaars wees van al die skuldbelange en ekwiteitsbelange in die finansiële instelling (sonder inagneming van skuldbelange waarvan deelnemende BFI's en BFI's geag te voldoen eienaars is en ekwiteitsbelange waarvan 'n entiteit die eienaar is, indien daardie entiteit die eienaar van 100 persent van die ekwiteitsbelange in die finansiële instelling is en self 'n geborgde finansiële instelling is beskryf in hierdie paragraaf C).

5. Die borgentiteit moet aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die borgentiteit moet as 'n borgentiteit op die IRS se FATCA-registrasiewebwerf by die IRS geregistreer het.

b) Die borgentiteit moet instem om namens die finansiële instelling alle omsigtigheids-, terughoudings-, verslagdoenings- en ander vereistes na te kom wat die finansiële instelling sou moes nakom indien hy 'n verslagdoenende Suid-Afrikaanse finansiële instelling was en moet dokumente wat met betrekking tot die finansiële instelling versamel word, vir 'n tydperk van ses jaar behou.

c) Die borgentiteit moet die finansiële instelling identifiseer in alle verslagdoening wat namens die finansiële instelling afgehandel word.

d) The sponsoring entity has not had its status as a sponsor revoked.

D. **Investment Advisors and Investment Managers.** An Investment Entity established in South Africa that is a Financial Institution solely because it (1) renders investment advice to, and acts on behalf of, or (2) manages portfolios for, and acts on behalf of, a customer for the purposes of investing, managing, or administering funds deposited in the name of the customer with a Financial Institution other than a Nonparticipating Financial Institution.

E. **Collective Investment Vehicle.** An Investment Entity established in South Africa that is regulated as a collective investment vehicle, provided that all of the interests in the collective investment vehicle (including debt interests in excess of $50,000) are held by or through one or more exempt beneficial owners, Active NFFEs described in subparagraph B(4) of section VI of Annex I, U.S. Persons that are not Specified U.S. Persons, or Financial Institutions that are not Nonparticipating Financial Institutions.

F. **Special Rules.** The following rules apply to an Investment Entity:

1. With respect to interests in an Investment Entity that is a collective investment vehicle described in paragraph E of this section, the reporting obligations of any Investment Entity (other than a Financial Institution through which interests in the collective investment vehicle are held) shall be deemed fulfilled.

2. With respect to interests in:

a) An Investment Entity established in a Partner Jurisdiction that is regulated as a collective investment vehicle, all of the interests in which (including debt interests in excess of $50,000) are held by or through one or more exempt beneficial owners, Active NFFEs described in subparagraph B(4) of section VI of Annex I, U.S. Persons that are not Specified U.S. Persons, or Financial Institutions that are not Nonparticipating Financial Institutions; or

b) An Investment Entity that is a qualified collective investment vehicle under relevant U.S. Treasury Regulations;

the reporting obligations of any Investment Entity that is a South African Financial Institution (other than a Financial Institution through which interests in the collective investment vehicle are held) shall be deemed fulfilled.

d) Die status van die borgentiteit as 'n borg mag nie ingetrek wees nie.

D. **Beleggingsadviseurs en beleggingsbestuurders.** 'n Beleggingsentiteit opgerig in Suid-Afrika wat 'n finansiële instelling is uitsluitlik omdat dit (1) beleggingsadvies gee aan en optree namens, of (2) portefeuljes bestuur vir en optree namens 'n kliënt vir doeleindes van die belegging, bestuur of administrasie van fondse gedeponeer op naam van die kliënt by 'n ander finansiële instelling as 'n niedeelnemende finansiële instelling.

E. **Kollektiewe beleggingsinstrument.** 'n Beleggingsentiteit opgerig in Suid-Afrika wat as 'n kollektiewe beleggingsinstrument gereguleer word: Met dien verstande dat al die belange in die kollektiewe beleggingsinstrument (met inbegrip van skuldbelange wat $50 000 te bowe gaan) gehou word deur of deur middel van een of meer vrygestelde voordeeltrekkende eienaars, aktiewe NFBE's beskryf in subparagraaf B(4) van afdeling VI van Aanhangsel I, VSA-persone wat nie gespesifiseerde VSA-persone is nie, of finansiële instellings wat nie niedeelnemende finansiële instellings is nie.

F. **Spesiale reëls.** Die volgende reëls is van toepassing op 'n beleggingsentiteit:

1. Met betrekking tot belange in 'n beleggingsentiteit wat 'n kollektiewe beleggingsinstrument is soos beskryf in paragraaf E van hierdie afdeling, word die verslagdoeningsverpligtinge van 'n beleggingsentiteit (buiten 'n finansiële instelling waardeur belange in 'n kollektiewe beleggingsinstrument gehou word) geag nagekom te wees.

2. Met betrekking tot belange in—

a) 'n beleggingsentiteit opgerig in 'n vennootjurisdiksie wat as 'n kollektiewe beleggingsinstrument gereguleer word, waarin al die belange (met inbegrip van skuldbelange wat $50 000 te bowe gaan) gehou word deur een of meer vrygestelde voordeeltrekkende eienaars, aktiewe NFBE's beskryf in subparagraaf B(4) van afdeling VI van Aanhangsel I, VSA-persone wat nie gespesifiseerde VSA-persone is nie, of finansiële instellings wat nie niedeelnemende finansiële instellings is nie; of

b) 'n beleggingsentiteit wat kragtens die toepaslike VSA-tesourieregulasies as 'n kollektiewe beleggingsinstrument erken word,

word die verslagdoeningsverpligtinge van 'n beleggingsentiteit wat 'n Suid-Afrikaanse finansiële instelling is (buiten 'n finansiële instelling deur middel waarvan belange in die kollektiewe beleggingsinstrument gehou word), geag nagekom te wees.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

3. With respect to interests in an Investment Entity established in South Africa that is not described in paragraph E or subparagraph F(2) of this section, consistent with paragraph 3 of Article 5 of the Agreement, the reporting obligations of all other Investment Entities with respect to such interests shall be deemed fulfilled if the information required to be reported by the first-mentioned Investment Entity pursuant to the Agreement with respect to such interests is reported by such Investment Entity or another person.

V. **Accounts Excluded from Financial Accounts**. The following accounts are excluded from the definition of Financial Accounts and therefore shall not be treated as U.S. Reportable Accounts.

A. **Certain Savings Accounts**.

1. Retirement and Pension Account. A retirement or pension account maintained in South Africa that satisfies the following requirements under the laws of South Africa.

a) The account is subject to regulation as a personal retirement account or is part of a registered or regulated retirement or pension plan for the provision of retirement or pension benefits (including disability or death benefits);

b) The account is tax-favored (*i.e.*, contributions to the account that would otherwise be subject to tax under the laws of South Africa are deductible or excluded from the gross income of the account holder or taxed at a reduced rate, or taxation of investment income from the account is deferred or taxed at a reduced rate);

c) Annual information reporting is required to the tax authorities in South Africa with respect to the account;

d) Withdrawals are conditioned on reaching a specified retirement age, disability, or death, or penalties apply to withdrawals made before such specified events; and

e) Either (i) annual contributions are limited to $50,000 or less, or (ii) there is a maximum lifetime contribution limit to the account of $1,000,000 or less, in each case applying the rules set forth in Annex I for account aggregation and currency translation.

2. Non-Retirement Savings Accounts. An account maintained in South Africa (other than an insurance or Annuity Contract) that satisfies the following requirements under the laws of South Africa.

a) The account is subject to regulation as a savings vehicle for purposes other than for retirement;

3. Met betrekking tot belange in 'n beleggingsentiteit opgerig in Suid-Afrika wat nie in paragraaf E of subparagraaf F(2) van hierdie afdeling beskryf is nie, moet die verslagdoeningsverpligtinge van alle ander beleggingsentiteite, in ooreenstemming met paragraaf 3 van Artikel 5 van die Ooreenkoms, ten opsigte van sodanige belange geag nagekom te wees indien die inligting met betrekking tot sodanige belange wat ooreenkomstig die Ooreenkoms deur eersgenoemde beleggingsentiteit aangemeld moet word, deur sodanige beleggingsentiteit of 'n ander persoon aangemeld word.

V. **Rekenings uitgesluit van finansiële rekenings.** Die volgende rekenings word uitgesluit van die omskrywing van finansiële rekenings en word dus nie as aanmeldbare VSA-rekenings behandel nie:

A. **Sekere spaarrekenings.**

1. Aftree- en pensioenrekening. 'n Aftree- of pensioenrekening in Suid-Afrika in stand gehou wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die rekening is onderworpe aan regulering as 'n persoonlike aftreerekening of is deel van 'n geregistreerde of gereguleerde aftree- of pensioenplan vir die verskaffing van aftree- of pensioenvoordele (met inbegrip van ongeskiktheids- of sterftevoordele).

b) Die rekening is belastingbevoordeel (dit wil sê bydraes tot die rekening wat andersins ingevolge die Suid-Afrikaanse reg belasbaar sou wees, is aftrekbaar of word uitgesluit van die bruto inkomste van die rekeninghouer, of word teen 'n laer koers belas, of belasting van beleggingsinkomste uit die rekening word uitgestel of teen 'n laer koers belas).

c) Jaarlikse inligtingverslagdoening aan die belastingowerhede van Suid-Afrika oor die rekening word vereis.

d) Onttrekkings is onderworpe aan die bereiking van 'n bepaalde aftreeouderdom, ongeskiktheid of die dood, en boetes geld vir onttrekkings gemaak voor sodanige bepaalde gebeurtenisse.

e) Óf (i) jaarlikse bydraes word beperk tot hoogstens \$50 000, óf (ii) daar is 'n maksimum-leeftydbydraelimiet van hoogstens \$1 000 000, en in elke geval geld die reëls vir rekeningsaamvoeging en valutaomrekening uiteengesit in Aanhangsel I.

2. Nie-aftreespaarrekenings. 'n Rekening in Suid-Afrika in stand gehou (buiten 'n versekerings- of annuïteitskontrak) wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg aan die volgende vereistes voldoen:

a) Die rekening is onderworpe aan regulering as 'n spaarmedium vir ander doeleindes as aftrede.

b) The account is tax-favored (*i.e.*, contributions to the account that would otherwise be subject to tax under the laws of South Africa are deductible or excluded from the gross income of the account holder or taxed at a reduced rate, or taxation of investment income from the account is deferred or taxed at a reduced rate);

c) Withdrawals are conditioned on meeting specific criteria related to the purpose of the savings account (for example, the provision of educational or medical benefits), or penalties apply to withdrawals made before such criteria are met; and

d) Annual contributions are limited to $50,000 or less, applying the rules set forth in Annex I for account aggregation and currency translation.

B. **Certain Term Life Insurance Contracts.** A life insurance contract maintained in South Africa with a coverage period that will end before the insured individual attains age 90, provided that the contract satisfies the following requirements:

1. Periodic premiums, which do not decrease over time, are payable at least annually during the period the contract is in existence or until the insured attains age 90, whichever is shorter;

2. The contract has no contract value that any person can access (by withdrawal, loan, or otherwise) without terminating the contract;

3. The amount (other than a death benefit) payable upon cancellation or termination of the contract cannot exceed the aggregate premiums paid for the contract, less the sum of mortality, morbidity, and expense charges (whether or not actually imposed) for the period or periods of the contract's existence and any amounts paid prior to the cancellation or termination of the contract; and

4. The contract is not held by a transferee for value.

C. **Account Held By an Estate.** An account maintained in South Africa that is held solely by an estate if the documentation for such account includes a copy of the deceased's will or death certificate.

b) Die rekening is belastingbevoordeel (dit wil sê bydraes tot die rekening wat andersins ingevolge die Suid-Afrikaanse reg belasbaar sou wees, is aftrekbaar of word uitgesluit van die bruto inkomste van die rekeninghouer, of word teen 'n laer koers belas, of belasting van beleggingsinkomste uit die rekening word uitgestel of teen 'n laer koers belas).

c) Onttrekkings is onderworpe aan voldoening aan sekere maatstawwe in verband met die doel van die spaarrekening (byvoorbeeld die voorsiening van opvoedkundige of mediese voordele), en boetes geld vir onttrekkings gemaak voordat aan sodanige maatstawwe voldoen word.

d) Jaarlikse bydraes word beperk tot hoogstens $50 000, en die reëls vir rekeningsaamvoeging en valutaomrekening uiteengesit in Aanhangsel I geld.

B. <u>**Sekere termynlewensversekeringskontrakte.**</u> 'n Lewensversekeringskontrak in Suid-Afrika in stand gehou met 'n dekkingstydperk wat eindig voordat die versekerde individu die ouderdom van 90 jaar bereik: Met dien verstande dat die kontrak aan die volgende vereistes voldoen:

1. Periodieke premies, wat nie met verloop van tyd verminder nie, moet minstens jaarliks betaalbaar wees deur die loop van die kontrak of totdat die versekerde die ouderdom van 90 jaar bereik, wat ook al die kortste is.

2. Die kontrak mag geen kontrakwaarde hê waartoe enigiemand toegang het (deur 'n onttrekking, 'n lening of iets anders) sonder om die kontrak te beëindig nie.

3. Die bedrag (buiten 'n sterftevoordeel) betaalbaar by kansellasie of beëindiging van die kontrak mag nie die totale premies betaal vir die kontrak, minus die som van die sterfte-, siekte- en kostegelde (hetsy werklik gehef al dan nie) vir die tydperk of tydperke van die bestaan van die kontrak en enige bedrae betaal voor die kansellasie of beëindiging van die kontrak, te bowe gaan nie.

4. Die kontrak mag nie deur 'n oordragnemer vir waarde gehou word nie.

C. <u>**Rekening gehou deur 'n boedel.**</u> 'n Rekening in Suid-Afrika in stand gehou wat uitsluitlik deur 'n boedel gehou word indien die dokumente vir sodanige rekening 'n afskrif van die oorledene se testament of doodsertifikaat insluit.

D. **Escrow Accounts.** An account maintained in South Africa established in connection with any of the following:

1. A court order or judgment.

2. A sale, exchange, or lease of real or personal property, provided that the account satisfies the following requirements:

   a) The account is funded solely with a down payment, earnest money, deposit in an amount appropriate to secure an obligation directly related to the transaction, or a similar payment, or is funded with a financial asset that is deposited in the account in connection with the sale, exchange, or lease of the property;

   b) The account is established and used solely to secure the obligation of the purchaser to pay the purchase price for the property, the seller to pay any contingent liability, or the lessor or lessee to pay for any damages relating to the leased property as agreed under the lease;

   c) The assets of the account, including the income earned thereon, will be paid or otherwise distributed for the benefit of the purchaser, seller, lessor, or lessee (including to satisfy such person's obligation) when the property is sold, exchanged, or surrendered, or the lease terminates;

   d) The account is not a margin or similar account established in connection with a sale or exchange of a financial asset; and

   e) The account is not associated with a credit card account.

3. An obligation of a Financial Institution servicing a loan secured by real property to set aside a portion of a payment solely to facilitate the payment of taxes or insurance related to the real property at a later time.

4. An obligation of a Financial Institution solely to facilitate the payment of taxes at a later time.

E. **Partner Jurisdiction Accounts.** An account maintained in South Africa and excluded from the definition of Financial Account under an agreement between the United States and another Partner Jurisdiction to facilitate the implementation of FATCA, provided that such account is subject to the same requirements and oversight under the laws of such other Partner Jurisdiction as if such account were established in that Partner Jurisdiction and maintained by a Partner Jurisdiction Financial Institution in that Partner Jurisdiction.

D. **Trustrekening.** 'n Rekening in Suid-Afrika in stand gehou en geopen in verband met enige van die volgende:

1. 'n Hofbevel of vonnis.

2. 'n Verkoop, ruil of huur van vaste of persoonlike eiendom: Met dien verstande dat die rekening aan die volgende vereistes voldoen:

   a) Die rekening moet uitsluitlik befonds word deur 'n kontantstorting, handgeld, 'n deposito van 'n bedrag voldoende om 'n verpligting regstreeks in verband met die transaksie te sekureer, of 'n soortgelyke betaling, of met 'n finansiële bate wat op die rekening gedeponeer word in verband met die verkoop, ruil of huur van die eiendom.

   b) Die rekening moet geopen en uitsluitlik gebruik word om die verpligting te sekureer van die koper om die koopprys van die eiendom te betaal, van die verkoper om enige voortvloeiende verpligting te betaal, of van die verhuurder of huurder om te betaal vir enige skade met betrekking tot die verhuurde eiendom ingevolge die huurkontrak.

   c) Die bates van die rekening, met inbegrip van die inkomste daarop verdien, sal betaal of andersins uitgekeer word ten bate van die koper, verkoper, verhuurder of huurder (met inbegrip van nakoming van sodanige persoon se verpligting) wanneer die eiendom verkoop, geruil of afgegee word of die huurkontrak afloop.

   d) Die rekening mag nie 'n marge- of soortgelyke rekening wees wat geopen is in verband met 'n verkoop of ruiling van 'n finansiële bate nie.

   e) Die rekening mag nie met 'n kredietkaartrekening geassosieer wees nie.

3. 'n Verpligting van 'n finansiële instelling wat 'n lening byhou wat deur vaste eiendom gesekureer is, ten einde 'n gedeelte van 'n betaling opsy te sit uitsluitlik om die betaling van belastings of versekering betreffende die vaste eiendom in 'n later stadium te vergemaklik.

4. 'n Verpligting van 'n finansiële instelling uitsluitlik om die betaling van belastings in 'n later stadium te vergemaklik.

E. **Vennootjurisdiksie-rekenings.** 'n Rekening in Suid-Afrika in stand gehou wat uitgesluit is van die omskrywing van finansiële rekening ingevolge 'n ooreenkoms tussen die Verenigde State van Amerika en 'n ander vennootjurisdiksie ten einde die toepassing van FATCA te vergemaklik: Met dien verstande dat sodanige rekening onderworpe is aan dieselfde vereistes en toesig ingevolge die reg van sodanige vennootjurisdiksie asof die rekening in daardie vennootjurisdiksie geopen is en deur 'n finansiële instelling van 'n vennootjurisdiksie in daardie vennootjurisdiksie in stand gehou word.

F. **Living Annuities.** A right of a member or former member of a Treaty-Qualified Retirement Fund described in paragraph A of section II of this Annex, or his or her dependent or nominee, or any subsequent nominee, to an annuity maintained in South Africa and purchased from a registered long-term insurance provider or other approved financial services provider regulated by the South African Financial Services Board, or provided by the fund, on or after the retirement date of such member or former member with respect to which—

1. The purchase consideration for the annuity is derived entirely from the retirement benefits determined under the rules of the Treaty-Qualified Retirement Fund on or after the retirement date or date of death of the member or former member as a result of his membership in the fund or the benefits described in subparagraph F(6) of this section;

2. The value of the annuity is determined solely by reference to the value of assets which are specified in the annuity agreement and are held for purposes of providing the annuity;

3. The amount of the annuity is determined in accordance with a method or formula prescribed by the Minister of Finance under the South African Income Tax Act;

4. The full remaining value of the assets contemplated in subparagraph F(2) of this section may be paid as a lump sum when the value of those assets falls below an amount prescribed by the Minister of Finance under the South African Income Tax Act;

5. The amount of the annuity is not guaranteed by the long-term insurance provider, other financial services provider, or Treaty-Qualified Retirement Fund; and

6. Upon the death of the member or former member, the value of the assets referred to in subparagraph F(2) may be paid to a nominee of the member or former member as an annuity or lump sum, or, in the absence of a nominee, to the deceased's estate as a lump sum.

G. **Compulsory Annuities**. Non-transferable immediate life annuities that are issued by a registered long-term insurer to an individual to monetize a pension, annuity or disability benefit originating from a Treaty-Qualified Retirement Fund.

F. **Lewende annuïteite.** 'n Reg van 'n lid of voormalige lid van 'n by verdrag erkende aftreefonds beskryf in paragraaf A van afdeling II van hierdie Aanhangsel, of sy of haar afhanklike of benoemde, of enige latere benoemde, op 'n annuïteit in Suid-Afrika in stand gehou en gekoop van 'n geregistreerde langtermynversekeringsverskaffer of ander goedgekeurde verskaffer van finansiële dienste gereguleer deur die Suid-Afrikaanse Raad op Finansiële Dienste, of gelewer deur die fonds, op of ná die aftreedatum van sodanige lid of voormalige lid, ten opsigte waarvan—

1. die aankoopteenprestasie vir die annuïteit voortvloei uitsluitlik uit die aftreevoordele bepaal kragtens die reëls van die by verdrag erkende aftreefonds op of ná die aftreedatum of dood van die lid of voormalige lid as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die fonds of die voordele beskryf in subparagraaf F(6) van hierdie afdeling;

2. die waarde van die annuïteit uitsluitlik bepaal word aan die hand van die waarde van bates wat in die annuïteitkontrak gespesifiseer word en vir doeleindes van die verskaffing van die annuïteit gehou word;

3. die bedrag van die annuïteit bepaal word ooreenkomstig 'n metode of formule voorgeskryf deur die Minister van Finansies ingevolge Suid-Afrika se Inkomstebelastingwet;

4. die volle oorblywende waarde van die bates bedoel in subparagraaf F(2) van hierdie afdeling uitbetaal kan word as 'n enkelbedrag wanneer die waarde van daardie bates daal tot onder 'n bedrag voorgeskryf deur die Minister van Finansies kragtens Suid-Afrika se Inkomstebelastingwet;

5. die bedrag van die annuïteit nie gewaarborg word deur die langtermynversekeringsverskaffer, ander verskaffer van finansiële dienste of die by verdrag erkende aftreefonds nie; en

6. die waarde van die bates bedoel in subparagraaf F(2) by die dood van die lid of voormalige lid uitbetaal kan word aan 'n benoemde van die lid of voormalige lid as 'n annuïteit of 'n enkelbedrag, of, by afwesigheid van 'n benoemde, aan die oorledene se boedel as 'n enkelbedrag.

G. **Verpligte annuïteite.** Nieoordraagbare onmiddellike annuïteite uitgereik deur 'n geregistreerde langtermynversekeraar aan 'n individu ten einde 'n pensioen, annuïteit of ongeskiktheidsvoordeel wat uit 'n by verdrag erkende aftreefonds kom, te monetiseer.

VI. **Definitions.** The following additional definitions shall apply to the descriptions above:

A. **Reporting Model 1 FFI.** The term Reporting Model 1 FFI means a Financial Institution with respect to which a non-U.S. government or agency thereof agrees to obtain and exchange information pursuant to a Model 1 IGA, other than a Financial Institution treated as a Nonparticipating Financial Institution under the Model 1 IGA. For purposes of this definition, the term Model 1 IGA means an arrangement between the United States or the Treasury Department and a non-U.S. government or one or more agencies thereof to implement FATCA through reporting by Financial Institutions to such non-U.S. government or agency thereof, followed by automatic exchange of such reported information with the IRS.

B. **Participating FFI.** The term Participating FFI means a Financial Institution that has agreed to comply with the requirements of an FFI Agreement, including a Financial Institution described in a Model 2 IGA that has agreed to comply with the requirements of an FFI Agreement. The term Participating FFI also includes a qualified intermediary branch of a Reporting U.S. Financial Institution, unless such branch is a Reporting Model 1 FFI. For purposes of this definition, the term FFI Agreement means an agreement that sets forth the requirements for a Financial Institution to be treated as complying with the requirements of section 1471(b) of the U.S. Internal Revenue Code. In addition, for purposes of this definition, the term Model 2 IGA means an arrangement between the United States or the Treasury Department and a non-U.S. government or one or more agencies thereof to facilitate the implementation of FATCA through reporting by Financial Institutions directly to the IRS in accordance with the requirements of an FFI Agreement, supplemented by the exchange of information between such non-U.S. government or agency thereof and the IRS.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

VI. **Omskrywings.** Die volgende bykomende omskrywings geld vir bostaande beskrywings:

A. **Verslagdoenende Model 1-BFI.** Die uitdrukking "verslagdoenende Model 1-BFI" beteken 'n finansiële instelling met betrekking waartoe 'n nie-VSA-regering, of 'n agentskap daarvan, instem om inligting te bekom en uit te ruil ooreenkomstig 'n Model 1-tussenregeringsooreenkoms, buiten 'n finansiële instelling wat behandel word as 'n niedeelnemende finansiële instelling ingevolge die Model 1-tussenregeringsooreenkoms. Vir doeleindes van hierdie omskrywing beteken "Model 1-tussenregeringsooreenkoms" 'n reëling tussen die Verenigde State van Amerika of die Tesouriedepartement en 'n nie-VSA-regering, of een of meer agentskappe daarvan, om FATCA toe te pas deur verslagdoening deur finansiële instellings aan sodanige nie-VSA-regering of agentskap daarvan, gevolg deur outomatiese uitruiling van sodanige inligting met die IRS.

B. **Deelnemende BFI.** Die uitdrukking "deelnemende BFI" beteken 'n finansiële instelling wat ingestem het om te voldoen aan die vereistes van 'n BFI-ooreenkoms, met inbegrip van 'n finansiële instelling beskryf in 'n Model 2-tussenregeringsooreenkoms wat ingestem het om te voldoen aan die vereistes van 'n BFI-ooreenkoms. Die uitdrukking "deelnemende BFI" sluit ook in 'n erkende intermediêre tak van 'n verslagdoenende VSA finansiële instelling, tensy sodanige tak 'n verslagdoenende Model 1-BFI is. Vir doeleindes van hierdie omskrywing beteken die uitdrukking "BFI-ooreenkoms" 'n ooreenkoms wat die vereistes uiteensit vir 'n finansiële instelling om behandel te word as een wat voldoen aan die vereistes van artikel 1471(b) van die "U.S. Internal Revenue Code". Daarbenewens beteken "model 2-tussenregeringsooreenkoms" vir doeleindes van hierdie omskrywing 'n reëling tussen die Verenigde State van Amerika of die Tesouriedepartement en 'n nie-VSA-regering, of een of meer agentskappe daarvan, om die toepassing van FATCA te vergemaklik deur verslagdoening deur die finansiële instelling regstreeks aan die IRS ooreenkomstig die vereistes van 'n BFI-ooreenkoms, aangevul deur die uitruiling van inligting tussen sodanige nie-VSA-regering of agentskap daarvan en die IRS.

## Memorandum of Understanding

At the signing today of the Agreement between the Government of the Republic of South Africa and the Government of the United States of America to Improve International Tax Compliance and to Implement FATCA (hereinafter the "Agreement"), the representatives of the Republic of South Africa and the United States of America wish to confirm their understanding of the following:

It is understood that, in the case of securities registered with a South African Central Securities Depository for purposes of the Financial Markets Act, No. 19 of 2012 that are held by or through one or more other Financial Institutions that are not Nonparticipating Financial Institutions, the relevant Financial Accounts are to be treated as held by such other Financial Institutions, and such other Financial Institutions are to be responsible for any reporting required with respect to such Financial Accounts. In accordance with paragraph 3 of Article 5 of the Agreement, the relevant settlement system may report on behalf of such other Financial Institutions.

Signed at Pretoria, in duplicate, in the English language, this 9th day of June, 2014.

| | |
|---|---|
| **FOR THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA:** | **FOR THE GOVERNMENT OF THE UNITED STATES OF AMERICA:** |

## Memorandum van Verstandhouding

By die ondertekening vandag van die Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika om Internasionale Belastingnakoming te verbeter en FATCA uit te voer (hieronder die "Ooreenkoms" genoem), verlang die verteenwoordigers van die Republiek van Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika dat hul verstandhouding van die volgende bevestig word:

Daar word verstaan dat, in die geval van sekuriteite wat vir doeleindes van die "Financial Markets Act, 2012" (Wet No. 19 van 2012), by 'n Suid-Afrikaanse sentrale sekuriteitebewaarplek geregistreer is, wat gehou word by, of deur, een of meer ander finansiële instellings wat nie niedeelnemende finansiële instellings is nie, die tersaaklike finansiële rekenings behandel moet word as gehou deur sodanige ander finansiële instellings, en daardie ander finansiële instellings is verantwoordelik vir enige verslagdoening wat ten opsigte van daardie finansiële rekenings vereis word. Ooreenkomstig paragraaf 3 van Artikel 5 van die Ooreenkoms, kan die tersaaklike vereffeningstelsel namens sodanige ander finansiële instellings verslag doen.

Geteken te Pretoria, in tweevoud, in die Engelse taal, op die 9de dag van Junie 2014.

| | |
|---|---|
| **VIR DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA** | **VIR DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA** |

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# IMPORTANT *Reminder*
## from Government Printing Works

Dear Valued Customers,

As part of our preparation for eGazette Go Live on 9 March 2015, we will be suspending the following existing email addresses and fax numbers from **Friday, 6 February**.

| Discontinued Email addresses | Discontinued Fax numbers |
|---|---|
| GovGazette&LiquorLicense@gpw.gov.za | +27 12 334 5842 |
| Estates@gpw.gov.za | +27 12 334 5840 |
| LegalGazette@gpw.gov.za | +27 12 334 5819 |
| ProvincialGazetteGauteng@gpw.gov.za | +27 12 334 5841 |
| ProvincialGazetteECLPMPNW@gpw.gov.za | +27 12 334 5839 |
| ProvincialGazetteNCKZN@gpw.gov.za | +27 12 334 5837 |
| TenderBulletin@gpw.gov.za | +27 12 334 5830 |

To submit your notice request, please send your email (with Adobe notice form and proof of payment to submit.egazette@gpw.gov.za or fax +27 12-748 6030.

Notice requests not received in this mailbox, will NOT be processed.

Please DO NOT submit notice requests directly to your contact person's private email address at GPW – Notice requests received in this manner will also NOT be processed.

GPW does not accept responsibility for notice requests submitted through the discontinued channels as well as for the quality and accuracy of information, or incorrectly captured information and will not amend information supplied.

Thank you!

For any queries, please contact the eGazette Contact Centre.




info.egazette@gpw.gov.za (only for queries).

Notice requests received in this mailbox will NOT be processed.

012-748 6200

government printing
Department: Government Printing Works
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

eGazette

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**